


**’N ARGEOLOGIESE ONDERSOEK VAN
HISTORIESE NEDERSETTINGS-
PATRONE IN DIE WESTELIKE
OVERBERG**

C. RADEMEYER-DE KOCK



Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van magister in die Lettere en Wysbegeerte aan die universiteit van Stellenbosch

STUDIELEIER: PROF. H.J. DEACON

NOVEMBER 1993

EK DIE ONDERGETEKENDE VERKLAAR HIERMEE DAT DIE WERK IN
HIERDIE TESIS VERVAT, MY EIE OORSPRONKLIKE WERK IS WAT NOG
NIE VANTEVORE IN DIE GEHEEL OF GEDEELTELIK BY ENIGE ANDER
UNIVERSITEIT TER VERKRYGING VAN 'N GRAAD VOORGELê IS NIE.

..26 November 1995.....

C. RADEMEYER-DE KOCK

DATUM

SAMEVATTING

Hierdie tesis is 'n studie van landelike nedersettings in die westelike Overberg in die laat agtiende eeu en in die neëntiende eeu. Historiese bronne en argeologiese opnames dra by tot die data rakende die ontwikkeling en organisasie van 18 plaaswerwe wat bestudeer is. Twee tipes nedersettings (werwe) word identifiseer naamlik eenvoudige (lae status) veeposstelsels en meer komplekse gemengde boerdery werwe. Die geskiedenis van grensuitbreiding en die sigbaarheid daarvan in die westelike Overberg toon 'n duidelike verkleining in skaal van strukture en 'n afskaling van stutussimbole in vergelyking met die Boland. Daar is tot die slotsom gekom dat die studie van stoflike kultuur in die westelike Overberg 'n belangrike onderdeel verteenwoordig van interpretasies van die nedersettings-geskiedenis in die streek. Aanbevelings word gemaak ten opsigte van die bewaring van bogenoemde nedersettings.

ABSTRACT

This thesis is a study of rural settlement in the western Overberg in the late eighteenth and the nineteenth centuries. Historical documents and archaeological surveys contribute data on the development and organization of a sample of 18 farmyards. Two types of farmyards are distinguished; simple ones associated with stock keeping and more complex ones associated with mixed farming. The frontier status of the western Overberg relative to the Boland region is evident in the smaller scale of the buildings and the reduced emphasis on features symbolizing status. It is concluded that the study of the material remains of cultural significance preserved in the landscape is an essential part of understanding the settlement history of an area like the western Overberg. Recommendations are made for the future conservation of such remains.

DANKBETUIGING

Die volgende persone word bedank vir hul onderskeie bydraes en ondersteuning:

Ek is dank verskuldig aan my promotor, professor H.J. Deacon, Hoof van die Departement Argeologie, vir die geleentheid wat hy my vergun het om my navorsing te voltooi en veral vir sy leiding gedurende hierdie projek.

Voorts wil ek mnr. Boy Adams bedank vir hulp tydens veldwerk sowel as vir hulp verleen met fotografie. Graag bedank ek ook mnr. en mev. B. Rademeyer, mnr. P. de Kock en mev. C. Pienaar vir hul hulp en bystand tydens veldwerk en ook vir hul geduld met die samestelling en prosessering van die teks.

INHOUD

SAMEVATTING/ABSTRACT

DANKBETUIGING

INHOUDSOPGAWE

LYS VAN FIGURE EN TABELLE

1	INLEIDING TOT HISTORIESE NEDERSETTINGSPATRONE IN DIE WESTELIKE OVERBERG.....	1
2	EKOLOGIESE OORSIG	
	Inleiding.....	7
	Topografie.....	7
	Klimaat.....	9
	Terrein.....	11
	Plantegroei.....	13
	Die voorkoms van wild in die Overberg.....	16
	Samevatting.....	17
3	HISTORIESE OORSIG VAN DIE WESTELIKE OVERBERG	
	Inleiding.....	19
	Grensuitbreiding.....	20
	Inleiding.....	20
	Die tipes grensverskuiwing.....	21
	Handelsgrensuitbreiding.....	21
	Die moontlikhede van en beperkinge op ruil- handel.....	22
	Die interaksie met die inheemse bevolking.....	23
	Die rol van die buiteposte in die handelsgrens.	24
	Landbougrensuitbreiding.....	24
	Grondtoekenning.....	24
	Uitbreiding van weivelde.....	25
	Die rol van die Bolandse koloniste in grens- uitbreiding.....	26
	Die veeboerdery grensuitbreiding.....	30
	Vleisvoorsiening, weivelde en grondtoekenning- stelsels.....	30
	Die uitskakeling van die inheemse bevolking....	30
	Die uitskakeling van Goewerneur W. A. van der Stel.....	31
	Die sluiting van grense.....	32
	Grondtoekenning en nedersettingspatrone.....	32
	Intensifikasie in grondbekoming en adminis- trasie.....	34
	Afsluiting van grenstoestande en die opkomende ekonomie.....	36
	Samevatting.....	38

4 BENADERINGS TOT WERWE AS VORM VAN MATERIËLE KULTUUR

Inleiding.....	39
Uiteensetting van 'n werf.....	40
Die werf as vorm van materiële kultuur.....	41
'n Oorsig van historiese argeologie.....	44
Ontwikkeling en definisie van historiese argeologie.....	44
Benaderings in historiese argeologie.....	45
Koloniale argeologie in Suid-Afrika.....	48
Inleiding.....	48
Die ontwikkeling van koloniale argeologie.....	51
Benadering tot plaaslike vindplase en materiële kultuur.....	53
Koloniale argeologie in die Westelike Overberg.....	56
Inleiding.....	56
Die doel van die studie.....	56
Die ontwikkeling van die studie.....	57
Die metode wat gevolg is.....	57
Die rol wat bewaring gespeel het in die navorsing.....	59
Die skaal van die ondersoek.....	60
Die benadering wat gevolg is.....	61
Gevolgtrekking.....	66

5 ARGEOLOGIESE OPNAME VAN OVERBERG WERWE

Inleiding.....	69
Die ondersoek van veeposnedersettings: Sterhuis, Botrivierplaas-1 en Fisantekraal-1.....	69
Inleiding.....	69
Sterhuis.....	71
Historiese agtergrond.....	71
Kraal.....	73
Woonhuis.....	75
Eenvertrek struktuur.....	78
Put.....	79
Keramiek, glas en metaal.....	79
Afvalhope.....	79
Botrivierplaas-1.....	87
Historiese agtergrond.....	87
Fase-1 woonhuis.....	88
Fase-2 woonhuis.....	90
Fisantekraal-1.....	94
Historiese agtergrond.....	94
Kraal.....	94
Woonhuis.....	95
Bespreking van die veeposnedersettingspatrone.....	96
Gemengde boerdery werwe: Avontuur-1, Avontuur-2, Botrivierplaas-2, Doornrivier, Eikehof, Fisantekraal-2 en Muirton.....	101
Inleiding.....	101

Avontuur-1.....	101
Historiese agtergrond.....	101
Woonhuis.....	105
Werkershuise.....	105
Buitegeboue.....	106
Nuwe woonhuis.....	106
Buitegeboue.....	106
Keramiek en glas.....	107
Afvalhoop.....	107
Avontuur-2.....	112
Historiese agtergrond.....	112
Woonhuis.....	112
Buitegeboue.....	114
Keramiek en glas.....	116
Afvalhoop.....	116
Botrivierplaas-2.....	120
Historiese agtergrond.....	120
Woonhuis.....	120
Buitegeboue.....	120
Doornrivier.....	124
Historiese agtergrond.....	124
Woonhuis.....	126
Buitegeboue.....	126
Keramiek en glas.....	128
Eikehof.....	132
Historiese agtergrond.....	132
Woonhuis.....	132
Buitegeboue.....	133
Fisantekraal-2.....	136
Historiese agtergrond.....	136
Woonhuis.....	136
Buitegeboue.....	138
Keramiek en glas.....	140
Boedelinventaris.....	141
Muirton.....	144
Historiese agtergrond.....	144
Ou woonhuis.....	144
Buitegeboue.....	148
Nuwe woonhuis.....	149
Werkershuise.....	149
Keramiek en glas.....	153
Afvalhoop.....	153
Samevatting van gemengde boerdery werwe.....	153
6 'N NAASTE VOORWERP ANALISE VAN WERWE IN DIE	
WESTELIKE OVERBERG EN BOLAND.....	156
Inleiding.....	156
Metode.....	162
Bespreking van 'n lineêre afstand-metode vir die	
beoordeling van dispersie in puntpatrone.....	164
Resultate.....	171
Bevinding.....	172
Gevolgtrekking.....	176

7 INTERPRETASIE VAN NEDERSETTINGSPATRONE IN DIE OVERBERG KULTUUR-LANDSKAP

Inleiding.....	179
Die ekonomiese en sosiale implikasie van lae status veeposstelsels in die Overberg.....	181
Inleiding.....	181
Krale.....	181
Woonhuise.....	183
Die status van die vrou en verbandhoudende strukture op veeposwerwe.....	185
Kleinvondse.....	186
Die ekonomiese en sosiale implikasie van gemengde boerdery werwe in die Westelike Overberg.....	187
Inleiding.....	187
Woonhuise.....	188
Boumateriale en versiering.....	191
Kleinvondse.....	193
Die betekenis van die historiese nedersettingspatrone in die Westelike Overberg.....	194
Inleiding.....	194
'n Bespreking van lae status veeposwerwe.....	196
'n Bespreking van gemengde boerdery werwe.....	199
Resultate van die ondersoek.....	203
Vergelyking tussen Overbergse werwe en Boland werwe.....	206

8 DIE TOEKOMS VAN DIE VERLEDE

Inleiding.....	213
Bewaring, wetgewing en Kultuurbronbestuur (CRM)....	214
Die bewaringsstatus in die Overberg.....	218
Inleiding.....	218
Aanbevelings ten opsigte van 'n bewaringsprogram vir die Overberg.....	219
Algemene aanbevelings: opvoeding en teiken-groepe in 'n plaaslike bewaringsstrategie	219
Spesifieke aanbevelings in bewaringsstrategieë: Gevallestudies op Swartstomp en in Villiersdorp.....	222
Inleiding.....	222
Swartstomp.....	222
Villiersdorp.....	224
Gevolgtrekking.....	226

9 BIBLIOGRAFIE..... 231

LYS VAN FIGURE

1	Topografiese kaart van die westelike Overberg.....	6
2	Grondprofiel van die westelike Overberg (Deacon <i>et al</i> 1992:13).....	10
3	Verspreiding van planttipes (Cowling & Holmes 1992:24).....	12
4	Die ligging van veeposstelsels en gemengde boerdery werwe in die westelike Overberg.....	68
5	Diagram van die plaas Bosjesmanskloof en Sterhuis (Stellenbosch Quits 10/1-4).....	70
6	Werfuitleg van Sterhuis.....	72
7	Drievertrek woonhuis op Sterhuis.....	74
8	Kraal.....	74
9	Geel kleisteenvloer in die woonhuis, Sterhuis.....	76
10	Vuurherd in die woonhuis, Sterhuis.....	76
11	Voorbeeld van masjienomlynde ware.....	80
12	Voorbeeld van sponsversierde ware.....	80
13	Voorbeeld van gekleurde verplasingsdrukwerk.....	81
14	Voorbeeld van die bekende Wilgepatroon.....	81
15	Engelse swartglasbottelskop c.1820-1840.....	83
16	Handvervaardigde spykers afkomstig uit die dak- konstruksie van die woonhuis.....	83
17	Diagram van Botrivierplaas teen 1839 (Stellenbosch Quits 7-7).....	85
18	Werfuitleg van Botrivierplaas-1.....	86
19	Die neëntiende eeuse opstal op Botrivierplaas-1.....	89
20	Diagram van Fisantekraal teen 1827 (Stellenbosch Quits 7-7).....	91
21	Werfuitleg van Fisantekraal-1.....	92
22	Die omgewing van die veepos op Fisantekraal-1. Let op die kraal en huis aan die linkerkant.....	93
23	Die kliphuis en vuurherd.....	93

24	Diagram van Avontuur teen 1833 (Stellenbosch Quits 10 Fol.68).....	99
25	Werfuitleg van Avontuur-1.....	100
26	Smidswinkel op Avontuur-1.....	102
27	Rousteen werkershuis, Avontuur-1.....	102
28	Werkershuis wat as stoor benut word.....	103
29	Die kliphuis op Avontuur-1.....	103
30	Eenvertrek werkershuis, Avontuur-1.....	104
31	Werfuitleg van Avontuur-2.....	109
32	T-plan van opstal op Avontuur-2.....	110
33	Vooraansig van opstal op Avontuur-2.....	110
34	Die liniêre plasing van die wynkelder, skuur, perdestalle, melkstal en waenhuis in verhouding met die opstal.....	111
35	Klipvarkhok agter die opstal.....	111
36	Moderne hoenderhok vasgebou aan ouer klipstruktuur, Avontuur-2.....	113
37	Werfuitleg van Botrivierplaas-2.....	118
38	Opstal op Botrivierplaas-2.....	119
39	Die melkstal en moderne hoenderhokke, Botrivier-plaas-2.....	119
40	Werfuitleg van Doornrivier.....	122
41	Diagram van Doornrivier teen 1831 (Worcester Quits 4-36).....	123
42	Die agtiende eeuse opstal op Doornrivier.....	125
43	Die meulhuis en smidswinkel.....	125
44	Die klipkraal op Doornrivier.....	127
45	Koeistal langs die kraal.....	127
46	Skerwe van 'n polichroom vaas gevind op Doornrivier.....	129
47	Samestelling van Eikehof uit die restante van De Breederivier en Onderplaas.....	130
48	Werfuitleg van Eikehof.....	131

49	Werfuitleg van Fisantekraal-2.....	134
50	Opstal op Fisantekraal-2.....	135
51	Die opstal, skuur en koeistal/perdestal op Fisantekraal-2.....	135
52	Die koeistal/perdestal.....	137
53	Klipvarkhok op Fisantekraal-2.....	137
54	Die waenhuis.....	139
55	Diagram van Treyntjiesrivier (Muirton) (Stellenbosch Quits 10-22).....	142
56	Werfuitleg van Muirton.....	143
57	1955 Lugfoto toon 'n koeistal, perdestal, kraal en smidswinkel agter die ou opstal. Dit is intussen gesloop.....	145
58	Agtiende eeuse opstal op Muirton. Let op die langhuis vorm.....	146
59	Neëntiende eeuse opstal op Muirton.....	146
60	Twee strukture wat die melkstal, kalwerhok en die skeerhok huisves.....	147
61	Die vooraansig van die melkstal en die skeerhok....	147
62	Eenvertrek werkershuis.....	150
63	Drievertrek werkershuis met tekens van strukturele verandering.....	150
64	Die waenhuis.....	151
65	Klipkampmuur.....	151
66	Voorbeeld van paralelle uitleg (Walton 1989:40)....	157
67	Voorbeeld van gesplete uitleg (Walton 1989:41)....	158
68	Voorbeeld van gesplete uitleg (Walton 1989:41)....	159
69	Voorbeeld van liniêre uitleg (Walton 1989:38)....	160
70	Voorbeeld van ingeslote uitleg (Walton 1989:42)....	161
71	Plan van die werf, Champagne (de Villiers 1992)....	173
72	Plan van die werf, La Dauphine (de Villiers 1992)..	174
73	Plan van die werf, Burgundy (de Villiers 1992)....	175

LYS VAN TABELLE

1	Korreksiefaktore.....	170
2	Plaasoppervlaktes.....	171
3	Naaste-voorwerp analise van plase.....	172

HOOFSTUK I

INLEIDING TOT HISTORIESE
NEDERSETTINGSPATRONE IN
DIE WESTELIKE OVERBERG

Teen die begin van die agtiende eeu het talle Bolandse boere probleme ondervind om 'n bestaan te maak. Die redes hiervoor was oorproduksie van graan en wyn waarvoor daar geen mark bestaan het nie (Harris & Guelke 1977:138; Walton 1989:113). Die swak gehalte van die Kaapse wyn en die hoë graanpryse en hoë vervoerkoste kon nie kompeteer met soortgelyke produkte uit Batavia nie (Walton 1989:113). 'n Gevolg hiervan was dat baie wynboere en koringboere oorgeskakel het na veeboerdery wat minder kapitaalintensief was.

Die alternatief tot akkerbou was dus om 'n trekboer (veeboer) te word. Dit het min kapitaal vereis in vergelyking met die kapitaal wat nodig was vir 'n akkerbouplaas (Harris & Guelke 1977:142; Guelke 1982a:61). Die gevolg hiervan was dat die binneland geopen en beset is deur 'n vinnigbewegende veeboergrens. Verskeie struikelblokke moes egter eers uit die weg geruim word voordat die deur na die binneland geopen kon word, naamlik die uitskakeling van die inheemse bevolking, die

teenwoordigheid van Goewerneur W. A. van der Stel in die westelike Overberg sowel as 'n verandering in die koloniale grondtoekenningstelsel. Aanvanklik was hierdie besetting nie-permanent, maar geleidelik sou mense permanent in die streek vestig en die nedersettings wat uit hierdie beweging ontwikkel het, word weerspieël deur die groei van plaaswerwe en ook later talle klein dorpies.

Teen 1750 (Walton 1989:115) het verskeie veeboere hul leenplase verander in permanente nedersettings. Die resultaat hiervan was dat die nedersetting aan die Kaap uitgebrei het tot by die Hantam in die Noorde en Mosselbaai in die Ooste.

Nedersetters het gevestig in die Caledon, Bredasdorp en Swellendam distrikte, waar hulle dan leenplase bedryf het en waar perde, skape en beeste aangehou is. Graanboerdery sou later ook 'n baie belangrike komponent van die Overberg ekonomie word. Dit is egter eers met die inbring van die merinoskaap dat dié streek se ekonomie genoegsaam gegroei het sodat dit sigbaar was in die verandering wat in die voorkoms van werwe intree. Hierdie verandering in werfvoorkoms en skaal staan sentraal tot die studie van historiese nedersettingspatrone wat in die westelike Overberg gedoen is.

Die studie het ontwikkel uit 'n kultuurbronbestuur program wat by Sterhuis in die Grabouw/Villiersdorp omgewing uitgevoer is. As gevolg van die genoemde program het die studie wyer uitgekring en is 'n groter aantal nedersettings ondersoek. Dit is gebaseer op die aanname dat soortgelyke werwe elders in die landskap bestaan. Namate die ondersoek ontwikkel het, het dit duidelik geword dat meer as een tipe nedersetting, naamlik veeposte, sowel as gemengde boerdery werwe aanwesig is in die landskap.

Die navorsing het dit ten doel gehad om moontlike patroonmatigheid in landelike werfuitleg te bepaal sowel as die faktore wat 'n rol gespeel het in die skepping en verandering van 'n historiese nedersetting. Vraagstukke wat hieruit voortgespruit het was die bepaling van wat 'n werf is, waaruit dit bestaan sowel as die skaal en omvang daarvan. Daar is ook gelet op die tyd-ruimtelike verspreiding van strukture op 'n werf. Die vraag of die verskynsels streeksgebonde is of enkele insidente verteenwoordig, is ondersoek en die potensiaal van 'n vergelyking tussen die landelike westelike overberg en die meer kosmopolitiese Boland is in ag geneem. Daar is ook 'n kwantitatiewe benadering toegepas op nedersettings in beide streke waar 'n totaal van 18 plaaswerwe analiseer is. Die resultate is getoets teen die formele klassifikasie sisteem soos voorgestel deur Walton (1989).

Die ondersoek het die vorm aangeneem van die identifisering van strukture en nedersettings gebaseer op voorafbepaalde kriteria byvoorbeeld die aanwesigheid van klipkrale. Hierdie kriteria is later noodgedwonge uitgebrei om woonhuise en ander gespesialiseerde strukture in te sluit. Dit is opgevolg deur die intensiewe kartering en fotografering van bestaande strukture sowel as argivale navorsing en die aantekening van mondelinge tradisies. Willekeurige bemonstering van vullishope is toegepas en, in die geval van een vindplaas naamlik Sterhuis, is daar 'n indringende ondersoek in die vorm van opgrawings gedoen.

Die skaal van die ondersoek is beïnvloed deur bewaringsfaktore sowel as die beginsel dat dit 'n beperkte toets is om die potensiaal van die benadering wat gevolg is te bepaal. Bewaringsfaktore het 'n rol gespeel in die voorkoms van studiemateriaal in die streek. Een van die gunstige faktore ten opsigte van bewaring is die ekonomiese isolasie van die streek en die invloed wat dit noodwendig gehad het op die verandering aan bestaande strukture en die oprigting van nuwe strukture. Dit is dus te verwagte dat isolasie en ekonomiese agterstand gereflekteer sal word in die voorkoms en uitleg van die nedersettings.

Die studie lewer 'n bydrae tot die kennis van landelike nedersettings in die agtiende en die neëntiende eeu en kan beskou word as die beoefening van "nedersettingsargeologie"

in 'n landelike konteks, naamlik die westelike Overberg. Die inligting wat tydens die ondersoek versamel is werp lig op die verskuiwing van grense en die nedersettingspatrone wat daarmee gepaard gegaan het. Geskrewe dokumente is tydens die ondersoek geraadpleeg en dit is duidelik dat die historiese bronmateriaal en koloniale argeologiese benadering tot werwe mekaar wedersyds aanvul, ondersteun en weerspreek.

Die bestudering van landelike werwe het veral getoon dat daar verskeie mites bestaan oor die tipiese voorkoms en uitleg van 'n werf en het dit ten doel gehad om 'n bydrae te lewer tot die doelgerigte strukturele analise van die werf om sodoende meer inligting te verkry ten opsigte van die ontwikkeling van 'n landelike werf en die dinamiese aard daarvan. 'n Voordelige uitvloeisel van die studie was die identifisering van historiese nedersettings en die voorstel dat dit in 'n streeks bewaringsprogram opgeneem word.




FIG.1 Topografiese kaart van die westelike Overberg.

HOOFSTUK II

E K O L O G I E S E O O R S I G

Inleiding

In hierdie hoofstuk word daar gelet op die ekologiese faktore wat 'n rol gespeel het in die grensuitbreiding, vestiging en nedersettingspatrone wat ontwikkel het in die westelike Overberg. Dit behels 'n bespreking van die klimatologiese aspekte sowel as topografie (Fig. 1), gesteentes, grond, plantegroei en die voorkoms van wild wat in wisselwerking 'n geskikte bodem vir vestiging geskep het. Hierdie faktore het 'n bepalende invloed gehad op historiese grensuitbreiding, veral ten opsigte van grondtoekenning en die gevolglike verskuiwing van die bestaande grense.

Topografie

Die westelike Overberg as streek strek vanaf die Hottentots-Hollandberge tot by die Swartberg by Caledon en vorm 'n deel van die Kaapse Plooibergreeks kusplatform. Die vernaamste berge in die streek is die Hottentots-Hollandberge, Houwhoekberg, Riviersonderendberge, Swartberg, Kleinrivierberge, Babilonstoornberge en die Palmietberge.

Die westelike dele word van water voorsien deur 'n aantal riviere byvoorbeeld die Riviersonderend, Botrivier, Palmietrivier, Karsrivier, Steenbrasrivier, Steekboksrivier en die Swartrivier. Die kus ontvang water deur middel van die kuslaagland dreineringsstelsel (Heydorn & Tinley 1980:34) wat ontspring naby die 300 m kontoer langs die laat Kainosoïse kuslyn en wat 'n nuwe oppervlakte verskaf het vir die plaaslike dreineringsstelsel soos wat die see teruggetrek het.

Hierdie opvangarea kan onderverdeel word in binnelandse laagland en voorland komponente. Laasgenoemde behels vleie, moerasse, syferplekke en rare duinepanne of mere binne 'n kilometer vanaf die kuslyn. Die riviere wat die kus bereik, het 'n verskeidenheid van oorspronge wat uit verskillende ekologiese elemente soos gesteentes, grond, reliëf, plantegroei en klimaat bestaan (Heydorn & Tinley 1980:34). Dit moet ook in gedagte gehou word dat die watervoorsiening in die hoërliggende dele anders daar uitsien as teen die kus. In die meer bergagtige dele kan water vanuit rivierlope gelei word, maar in die rûensveld is die strome diep ingekerf en is waterleiding moeilik. Besproeiing sou in historiese tye dus in hierdie area probleme opgelewer het. Volgens Prins (1983:30) het mense hulle aanvanklik in die hoërliggende gebiede gaan vestig en veral by rivierlope. In die konteks van bogenoemde redes is dit 'n natuurlike reaksie op die beperkinge en voordele wat die terrein bied.

Klimaat

Die streek val in die winterreënvalgebied (Deacon *et al.* 1992:16-17) en toon groot verskille tussen bepaalde areas wat naby berge (byvoorbeeld Grabouw) of naby die kus aanwesig is. Daar is dus 'n skerp reënval gradient te bespeur. Die meeste reënval (Schulze 1980:313) kom voor vanaf Mei tot September en word sterk deur die orografiese karakter van die landskap beïnvloed; gevolglik val daar jaarlikse hoeveelhede in die orde van meer as 3 000 mm in sommige bergklowe teenoor die 250-500 mm elders.

Die reënval (Schulze 1980:313) is hoofsaaklik siklonies en orografies, maar heel selde kom donderstorms ook voor en hael is 'n seldsame verskynsel. Die gemiddelde daaglikse maksimum temperatuur is ongeveer 28°C in midsomer en 17°C in midwinter, maar uiterste maksima kan respektiewelik 43°C en 30°C bereik. Ryp is seldsaam (Ibid) op die kusvlaktes, hoewel minima benede vriespunt nou en dan aangeteken word.

Bogenoemde faktore het 'n definitiewe invloed gehad op die lewe en plantegroei wat die streek kon onderhou. Die gewasse wat verbou kon word is sodoende beïnvloed en gevolglik speel dit 'n bepalende rol in nedersettingspatrone. 'n Gematigde klimaat sou vir die nedersetters van groot belang wees omdat hulle afhanklik was van goeie




FIG.2 Grondprofiel van die westelike Overberg (Deacon et al 1992:13).

reënval en goeie waterbronne en weiding in hul selfvoorsienende ekonomie.

Terrein

Die Kaapse bergvorming (Deacon *et al.* 1992:12) het megavalleie en monokliene tot gevolg gehad in 'n wes-noord-wes rigting in die westelike sone en noordwaartse voue wat oos-wes uitwyk in die oostelike sone. Die sintaksis is in die Caledon area waar die hoogste terrein diversiteit voorkom. Erosie het die berge tot weinig meer as hoë heuwels verweer (Ibid:10-12).

Die grondprofiel (Fig. 2) vanaf die berge tot die kussande lyk soos volg: berge, litogronsoorte, rooi apedale gronsoorte, dupleks en resterende gronsoorte, silkreet tafelkoppe, dupleks gronsoorte, alluviale gronsoorte en kussande by die see (Deacon *et al.* 1992:13). Die geologiese geskiedenis (Ibid:12) bepaal die litologie en dit bepaal weer op sy beurt die verspreiding van substrata van hoë en lae basis status.

Voor-Kambriese en Bokkeveld gesteentes tesame met kleihoudende Krytsedimente en kalkhoudende kussand vorm areas van substrata van hoër basis status. Die kwartsagtige lede van die Kaapse Super-groep en die jonger uitgeloogde kussand dra by tot die omvang van substrata met 'n lae basis




FIG.3 Verspreiding van planttipes (Cowling & Holmes 1992:24).

status (Deacon *et al.* 1992:12). Hierdie substrata speel 'n belangrike rol in die bepaling van die verspreiding van die inheemse plantgemeenskappe sowel as geskiktheid vir landbou gebaseer op uitheemse plantsoorte wat in die volgende afdeling bespreek sal word.

Vlak- en swakontwikkelde gronde (Deacon *et al.* 1992:12) word met kwartsryke gesteentes van die berggronde geassosieer. Die beste ontwikkelde gronde word met kleiryke Bokkeveld gesteentes verbind. Schloms *et al.* (1983:77) het hierdie resterende of dupleks gronde gekarteer en dit kom voor teen 150 tot 200 m bo seespieël (kusplatform) in die voetheuwels van die Kleinrivierberge in die omgewing van Bredasdorp en ook by Potberg.

Plantegroei

Die berge het 'n swak basis substrata wat fynbos (Fig. 3) onderhou en dit word geassosieer met 'n hoë reënval (250 mm - 750 mm) (Cowling & Holmes 1992:28) en temperatuurkontraste. Kusfynbos (Heydorn & Tinley 1980:28) kom voor op ontkalkte, basis-arm kussande vanaf Dangerpunt tot by Mosselbaai. Dit kan onderskei word van die Strandveld vegetasie wat geassosieer is met kalkagtige kussande.

Valleibosveld veldtipe (Acocks 1988:3,9,10,120-121) is aanwesig in die droë ingekerfde vallei en is ryk aan

vetplantsoorte. Voorbeelde hiervan kom voor in die Riviersonderendvallei en is ook in die De Hoop area aanwesig. Renosterbos plantegroei vorm 'n groot komponent in die oorgangs plantegemeenskap wat tussen die kus en bergfynbos voorkom. Renosterbosveld (Cowling *et al.* 1992:56) is die resultaat van swak grondgebruik, byvoorbeeld oorbeweiding en ook die herhaalde afbrand van die veld, en is nie 'n "natuurlike" plantegroei naamlik gras en bosse nie. Indringerplante (Heydorn & Tinley 1980:28-31; Richardson *et al.* 1992:279-284) wat in die area voorkom is byvoorbeeld Rooikrans en Swartwattel.

Die area met onderliggende dupleks grond is vandag grootliks onder saailande en daar is min van die natuurlike plantegroei waarneembaar. Vanuit talle historiese reis-beskrywings byvoorbeeld Muller in 1655 (Mossop g.d.b.:58), Korporaal Cruse in 1668 (Ibid:64), Ten Rhyne in 1686 (Schapera 1933:109) en Hartogh in 1707 (Elphick 1977:139) kan afgelei word dat die Overberg 'n fynbos en bosland area was. Hierby kan ook die name gevoeg word van Valentyn (1726), Thunberg (1772-1775), Sparrman (1775) en Mentzel (1787) (Serton 1971:145; Forbes 1975:142).

In die neëntiende eeu was daar ook talle reisigers in die Overberg wat beskrywings nagelaat het naamlik Van Reenen (1803), Lichtenstein (1812), Teenstra (1830), Backhouse (1838) en Krauss (1838-1840) (Backhouse 1838:92-97; Plumtre

1929:187; Blommaert & Wiid 1937:17-21,271-273; Bosman 1943:315,232-236,243; Schapera 1953:56-59; Spohr 1973:22-25). Die grasveld het voorgekom op 'n basis van ryk substrata waar renosterbosveld tans voorkom. Die nedersetters het gevestig in dié areas waar die grond die beste was vir landbou, naamlik op die rûensveld en in die valleie. Die verweerde Bokkeveld gesteentes is gunstig vir landboudoeleindes en is dus vanaf die vroegste nedersetting as sulks benut (Deacon *et al.* 1992: 266-267).

Areas waar fynbos voorgekom het was dus vanuit 'n ekonomiese oogpunt waardeloos en ryk substrata areas sou vir vestiging verkies word. Substrata het 'n beduidende rol gespeel in die vestiging en ekonomiese ontwikkeling en dit is te verwagte dat die eerste bewyse van nedersetting in hierdie makliker bewerkbare areas sal voorkom. Waar landbou toegepas kon word, was dit moontlik om met min kapitaal 'n bestaan te maak, maar dit het beperkings gehad op die skaal van 'n boerdery.

Slegs met moderne bemestingstowwe en ploegmetodes is dit moontlik om, byvoorbeeld in 'n area soos Grabouw, 'n ekonomiese lewensvatbare bedryf op 'n intensiewe skaal te beoefen (Deacon *et al.* 1992:267). In historiese tye was dit nie moontlik nie en gevolglik is so 'n area vermy of onderbenut. Dit was een van die redes waarom 'n streek gou as ten volle beset beskou is. Maklik bewerkbare landbougrond soos

alluviale of koluviële bogrond wat maklik is om om te ploeg, is dus 'n vernamese agent in die verklaring van nedersettingspatrone.

Die voorkoms van wild in die Overberg

Die reënval, plantegroei en grondtipes het voorts 'n diereryk onderhou wat uit groot- sowel as kleinwild bestaan het. Die wild wat in die Overberg vir voedsel en velle gejag is, sluit in plaaslike endemiese bontebokke en bloubokke wat uitgeroei is, sowel as elande, hartebeeste, bergkwaggas, hase, ystervarke, bosvarke, steenbokke, grysbokke en bobbejane (Skead 1987:343,383,397,452,460,640,655). Roofdiere was ook aanwesig en is gejag en doelbewus uitgeroei deur dit in hokke te vang. Jakkalse, luiperds, hiënas en wildehonde is gejag om veestapels te beskerm en vir ekonomiese voordeel deurdat die regering 'n vergoeding daarvoor aangebied het. Soos wat die bevolking gegroei het, is al hoe meer eise aan die omgewing gestel en dit het later gelei tot beperkinge op jag in Stellenbosch, Swartland, Tulbagh en die Kaap.

As gevolg van onoordeelkundige benutting was die wild teen 1846 (Smuts 1979:47) só uitgedun dat 'n reisiger tussen Swellendam en Caledon net 'n verskrikte landskilpad gesien het tussen die vee wat daar gewei het. As gevolg van die eise wat aan die natuurlike omgewing gestel is, byvoorbeeld

die wild wat in kompetisie met vee gekom het, en die afbrand van die veld wat sekere plantegroei begunstig het, het die nedersetters hulself en die omgewing redelik vroeg in die besetting van die streek reeds benadeel.

Samevatting

Die Overberg was in historiese tye 'n baie groot gebied wat tot by Mosselbaai gestrek het. Later, met die totstandkoming van die distrik Swellendam in 1745, het dit verklein. Die westelike Overberg is dié deel agter die Hottentots-Hollandberge tot by Caledon en tot by die see. Hierdie genoemde area is deurspek met talle berge en riviere. Die streek kry winterreën en tenspyte van al die riviere is dit tog nie besonder waterryk nie. Reënval is wisselvallig en toon groot verskille tussen areas. Aanvanklike nedersetters was baie afhanklik van goeie water en weiding in hul selfvoorsienende ekonomie en hierdie aspek sou 'n groot rol speel in hul nedersettingspatrone.

Die streek bestaan uit verskillende areas gebaseer op die topografie en terrein wat 'n belangrike rol speel, byvoorbeeld die rûensveld, bossiesveld, duineveld en ook die bergagtige dele en valleie. Reisbeskrywings laat beelde agter van die wild en plantegroei wat in historiese tye in die streek voorgekom het. Dit was duidelik 'n grasveld en bossiesveld omgewing met groot herbivore en ook kleinwild

aanwesig. Hierdie omgewing is egter drasties deur die inmenging van die mens verander. Gevolglik is die wild uitgeskiet en indringerplante en die oorbeweiding, afbranding van die veld en swak grondbestuur het gelei tot die grootskaalse vernietiging van die natuurlike omgewing. Die ekologiese oorsig skep die agtergrond vir die historiese (sosio-ekonomiese) oorsig wat volg, aangesien die menslike aktiwiteite hom afspeel teen die agtergrond van die natuurlike omgewing. Die geografiese kenmerke van die streek het moontlikhede sowel as beperkinge gehad op die nedersettingspatrone en dit sal in die volgende hoofstuk aandag geniet.

HOOFSTUK III

HISTORIESE OORSIG VAN DIE WESTELIKE OVERBERG

INLEIDING

Die uitbreiding van grense en die gevolglike oopstelling en besetting van die westelike Overberg, het met verskeie gebeure gepaard gegaan. Die vernaamste spelers in hierdie drama was die Kompanjie wat jag- en handelsekspedisies na die streek gestuur het, sowel as buiteposte daar aangelê het. Ook amptenare soos Goewerneur W. A. van der Stel sou die moontlikhede van die gebied insien ten opsigte van veeweiding en die aanlê van veeposte (Schutte 1982:193; Boëseken 1981:59; Wilson 1984:14).

Hierdie rolspelers het weer op hul beurt die plaaslike inheemse bevolking, naamlik die Chainouquas en die Hessequas, beïnvloed (Elphick 1982:23; Wilson 1984:12-13). Ook sou die ewige grondhonger van die Bolandse grondbesitters hulle dryf tot 'n ekspansionistiese beweging oor die Hottentots-Hollandbergreeks. Die oopstelling en besetting van die Overberg deur die Kompanjie (VOC) en later die koloniste, het geskied deur middel van uitbreiding van die handels-, landbou- en veeboergrense.

GRENSUITBREIDING

Inleiding

'n Grens (Johnston 1986:165) is 'n geïntegreerde gebied van 'n staat of enige politieke eenheid waarin uitbreiding plaasvind. Dit is 'n uitwaartsgerigte konsep en impliseer die bestaan van 'n onbekende gebied wat nog nie in 'n kolonie of staat geassimileer is nie (Ibid). Aangesien 'n grens 'n rant is (Paynter 1985:165), moet dit 'n kern hê wat dui op die bestaan van 'n permanente tuiste of 'n moederland. Wanneer die grensuitbreiding plaasvind word 'n inheemse bevolking dikwels verdring deur die indringer gemeenskap. Die grens word geopen wanneer die eerste afgevaardigdes van die indringer gemeenskap arriveer en dit sluit wanneer 'n enkele politieke owerheid in die hele gebied aangestel word (Lamar & Thompson 1981:7-10).

Die grense het ook in fases verskuif. Tussen 1652-1700 (Forbes 1965:3; Lamar & Thompson 1981:23) het die blankes hoofsaaklik rondom Tafelbaai gevestig. Gedurende die agtiende eeu en vroeë neëntiende eeu het 'n aantal blankes veeboere geword en na die Overberg en ook binneland getrek. Die kompakte nedersetting het in die proses ontwikkel tot 'n enorme vaagomlynde gebied. Die VOC was nie ten gunste van hierdie uitbreiding nie (Theal 1890:235; Pearse 1956:51; Elphick 1977:221) en het dit probeer kontroleer deur dorpies te stig so ver as wat die koloniste gevestig het,

byvoorbeeld Stellenbosch in 1679, Tulbagh in 1687 en in die geval van die Overberg, Swellendam in 1745. Administratiewe sentrums is by geselekteerde lokaliteite opgerig om wet en orde te handhaaf.

Die tipes grensverskuiwings

Met die uitbreiding van die nedersetting aan die Kaap het daar verskeie soorte grense ontwikkel. Daar was 'n handelsgrens (Lamar & Thompson 1981:15; Elphick 1982:8) wat berus het op politieke inisiatiewe wat met handel saamhang. Dit was 'n natuurlike uitvloeisel van die beleid van die Vereenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC) wat 'n kommersiële onderneming was. Tweedens (Ibid) was daar 'n landbougrens vanaf 1657 en laastens was daar 'n half-nomadiese veeboergrens vanaf die agtiende eeu. Dit is veral hierdie veeboergrensuitbreiding wat op die Overberg betrekking het.

HANDELSGRENSUITBREIDING

Die Overberg was hoofsaaklik vir die Kompanjie van belang ten opsigte van vee. Dit het gepaard gegaan met handel, handelsgrensverskuiwing en die uiteindelijke besetting van die streek. Die eerste fase was dus 'n handelsgrens (Elphick 1982:8) wat tot ongeveer 1700 vanaf Tafelbaai tot die Suidwes-Kaap gestrek het. Gedurende die verloop van die

agtiende eeu het hierdie grens verder in die binneland inbeweeg.

Die noontlikhede van en beperkinge op ruilhandel

Die ruilhandel met die Hottentotte was besonder goedkoop (Sleigh 1982:18), maar was moeite en 'n onsekere bron wat die VOC onder sy beheer moes kry. In die nuwe weigebiede is op verskeie plekke krale en skaaphokke gebou, en soldate het daar as veewagters opgetree. Die afhanklikheid van die Kompanjie vir die toevoer van slagvee en werksvee kan onder meer gesien word in die Kaapse hoofde (Ibid:21) se pogings om te voorkom dat die Khoikhoi as bron deur die vryburgers uitgeput word. Veral Simon van der Stel (Ibid:23) het die onwettige ruil tussen vryburgers en Khoikhoi in 'n baie ernstige lig beskou. 'n Plakkaat (Ibid:24) is in 1657 hieroor uitgevaardig. Die VOC was ongelukkig oor die streng optrede teen oortreders van hierdie wet en in 1697 het hulle aan Goewerneur W. A. van der Stel opdrag gegee om die wet te herroep en voorgestel dat die vryburgers voortaan in die Kompanjie se veebehoefte moes voorsien.

Teen 1688 was die Skiereilandse Khoikhoi (Sleigh 1982:41) grootliks sonder vee. Met behulp van VOC buiteposte (Ibid:42) was dit vir ruilekspedisies makliker om op langer ruiltogte agter die Khoikhoi aan te gaan. Die materiaal wat

as ruilgoed vir vee aangebied is (Ibid:47), was tabak, krale en arak (alkoholiese drank).

Die interaksie met die inheemse bevolking

Die Overberg was 'n aantreklike streek vir beide die Khoikhoi en die Kompanjie vanweë die weivelde wat die streek gebied het. Die inheemse Khoikhoi, naamlik die Chainouquas en die Hessequas, het oor 'n groot area beweeg en die grens daarvan was die Hottentots-Hollandbergreeks in die weste en die Keurboomsrivier in die ooste. Die Chainouquas (ook bekend as die Soeswas of Koopmans) het hoofsaaklik rondom die Breërivier, Soutrivier en die Riviersonderend rondgetrek. Hulle het soms ook naby die see gestaan, maar het nooit eintlik verby Swellendam getrek nie, en die noordelike grens van hul weivelde is onbekend (Maingard 1931:491-493; Elphick 1977:138; Wilson 1984:14; Bali 1988:10).

Die Hessequas was moontlik verwant aan die Chainouquas. Hul grond was oos van dié van die Chainouquas, alhoewel daar soms oorvleueling was in hul gebiede. Die grense van die Hessequas se gebied was die Hessequaskloof in die weste en die Attaquaskloof in die ooste (Elphick 1977:138-139).

Die rol van die buiteposte in die handelsgrens

Die Kompanjie het reeds vanaf 1657 met die Overbergse Khoikhoi handel gedryf (Elphick 1977:138) en teen 1688 (Appel 1966:78) die moontlikhede van die streek ten opsigte van veeruiling, weiding en houtvoorsiening ingesien.

Die buiteposte wat vir hierdie doel in die Overberg aangelê is, was byvoorbeeld Siekenhuis (1726) geleë op die suidelike wal van die Riviersonderend (Sleigh 1987:44), Soetemelks Vallei (1727) was ook aan die Riviersonderend en was langs 'n Khoikhoi kraal aangelê (Ibid). Tijgerhoek is moontlik ná 1726 opgerig en was aan die trekpad na die binneland geleë, waarlangs hout, vee en ivoor vervoer is (Ibid:45). Hierdie poste het handel gedryf met die inheemse bevolking, het vee en perde geteel en gehuisves en het ook, in die geval van Siekenhuis, hout uit Grootvadersbosch aan die Kompanjie voorsien.

LANDBOUGRENSUITBREIDING

Grondtoekenning

Die landbougrens het in 1657 'n aanvang geneem agter Tafelberg (Elphick 1982:7) en vandaar uitgebrei deur die spore van die handelsgrense te volg. Die eerste vryburgers wat landbou beoefen het, het gekom uit Kompanjie- en

amptenaar geledere en het volle-eiendomgrond ontvang om hulle aan te moedig om landbou te beoefen (Christopher 1976:41). Met hierdie grondtoekenningstelsel (Ibid) is eiendomsreg op 27 akker grond per persoon verkry mits dit binne drie jaar ten volle benut is. Vir die eerste twee dekades (Berg & Visagie 1985:4) na die toekenning van volle-eiendomsreg aan vryburgers, was die Kolonie hoofsaaklik gevestig rondom die Tafelvallei langs die Liesbeeckrivier en tussen die Liesbeeckrivier en die Soutrivier. Later het koloniste egter uitgelyk en hulle gevestig in Stellenbosch, Drakenstein en die Land van Waveren (Ibid).

Uitbreiding van weivelde

Namate die boerderye van die Bolandse koloniste gegroei het en hul veetroppe vergroot het, het weiding in die bewoonde dele meer beperk geword en moes boere hul vee dieper die binneland in stuur. In die geval waar die regering geweier het om hiervoor toestemming te gee, het boere dit sonder magtiging gedoen (Van der Merwe 1938:23). Boere het met verloop van tyd die gewoonte ontwikkel om hul vee diep die binneland in te stuur onder toesig van hul seuns of knegte. So het die boere dan voor die einde van die sewentiende eeu begin om periodiek met hul vee te trek.

Die rol van die Bolandse koloniste op grensbuitbreiding

Die konsolidasie van grond en die vinnige uitbreiding van die landbou- en later die veeboergrense aangedryf deur veral die grondhonger van die welgestelde Bolandse koloniste (Van Jaarsveld 1982:47), het veroorsaak dat die landbou- en administratiewe grens wat teen die sewentiende eeu ongeveer 80 km vanaf Kaapstad was, teen 1779, 800 km verder weg was.

Die welgestelde intellektuele klas wat in die Boland ontwikkel het, het bestaan uit amptenare, graan- en wynboere. Dié gegoede klas was gevolglik eerste om nuwe style en modes te benut en het ook maklik hulpbronne soos grond, kapitaal en slawe bekom, waaroor daar jaloers gewaak is. Materiële kultuur is as "wapen" gebruik (Hall 1988:1), byvoorbeeld die korrekte wyse van handeling, soos kennis van etiket, was wyses waarop mense uitgesluit kon word van toegang tot hulpbronne. Nie net werfuitleg het dit gesimboliseer nie, maar ook sosiale rituele byvoorbeeld by begrafnisse en posisie in die kerk (Botha 1970:58) en al hierdie vorme van sosiale uitdrukkings het in dieselfde klas geval as byvoorbeeld etiket en styl (Cannon 1989:437). Rykdom, politieke mag en die gepaardgaande eksklusiewe kennis (Little & Shackle 1989:495) was dus die medium waardeur ongelykheid in die gemeenskap geskep en gehandhaaf is.

Ekonomiese mag het berus op verskeie bronne van kapitaal, beide privaat en openbaar, maar die vernaamste bron was erfgeld. Onder die Kaapse sisteem van gedeelde erflatings (Guelke 1982a:61) is die boedel van 'n vryburger verdeel - die helfte aan sy weduwee en die ander helfte aan sy kinders. Die grondbesittende elite in die Boland sou ook maklik toegang kon kry tot ander bronne van kapitaal byvoorbeeld lenings. Buiten erflatings (Christopher 1976:266), kon grond ook bekom word deur aankope op veilings, deur huwelike en ook deur die instelling van die leenplaasstelsel teen 1717.

Slawe was ook 'n bron van inkomste en kapitaal en geld kon teen hulle as belegging geleen word. Die hele wynbedryf van die Boland was gekonsentreer en gestruktureer rondom slawe-arbeid. Slawe was egter duur en slegs kapitaalkragtige boere kon hulle in groot getalle bekostig om sodoende ook hul boerdery winsgewend te maak. Marginale boere kon nie hiermee kompeteer nie. Teen byvoorbeeld 1770 (Guelke 1982a:63) het die aantal boere wat een of twee slawe besit het, verminder, terwyl die aantal boere wat 10 of meer besit het, gestyg het.

Groter grond- en slawebesitters (Guelke 1982a:63) kon ook hul eie werkswinkels op hul plase aanlê en bespaar op die huur van opgeleide vakmanne en kon hul slawe ook uithuur aan

marginale boere. Teen 1806 (Ibid:62) het 94% van plase onder bewerking in die Stellenbosch distrik oor slawe beskik en produksie was nou verbind aan slawe getalle. In die markgeoriënteerde streke van die wyn- en graanboere, wat min of meer saamgeval het met die areas van volle eiendomsplase en goeie landbougrond in die winterreënvalstreek, was substansiële bedrae geld dus nodig vir toerusting en slawe. Die marginale boere wat dit moeilik gevind het om voldoende arbeid te verseker is uitgedruk deur meer welgestelde boere wat groot stukke grond benodig het om die optimum benutting van hul arbeidsmag in 'n ekstensiewe landbousistiem te verseker (Guelke & Shell 1983:280). Die marginale boer met min kapitaal was beperk tot waar grond bekom kon word en tot die drakrag van die grond. Dit het sy ekonomiese stand bepaal en beperk en tot 'n mate aanleiding gegee tot 'n ekonomiese ongelyke gemeenskap.

Baie klein boere was diep in die skuld soos afgelei is uit boedel inventarisse (Guelke 1982a:63). Privatisering van grond, stratifikasie van produsent kapitaal en krediet het ingetree en mettertyd het individue ryker geword en in die periode 1771-1780, het 'n aantal koloniste boedels nagelaat wat tussen 30 000 en 22 500 gulden gewaardeer was (Ibid).

Grond was dus die basis van ekonomiese mag en aansien in die Boland. Mag (polities en ekonomies) was dus gesentreer in die konsolidasie van grond. Dit was nie net in Suid-Afrika

die geval nie, maar was ook in Noord-Amerika aanwesig (Lamar & Thompson 1981:29-30). Grond was 'n betaalmiddel sowel as 'n statussimbool en daarom is daar in beide gevalle 'n aggressiewe grondbekommingsbeleid gevolg.

Teen 1834 (Guelke & Shell 1983:280) word slawerny verbied en lei dit tot probleme in die arbeidsisteem en beïnvloed dit die Bolandse ekonomie. Ook was daar ander ekonomiese probleme aanwesig byvoorbeeld die inkorting van staatsbeskerming in die bemarking van Kaapse wyn. Na 1825 (Ibid) verval die beskermingsbeleid en Kaapse produkte moes met Europese produkte op die mark meeding.

Baie Bolandse boere het voor en gedurende hierdie periode op krediet gelewe wat verkry is teen hul grond en slawe. Gevolglik tree daar 'n verandering in, in die aanwending van materiële kultuur. Al hierdie faktore het gelei tot die verarming van baie van die Bolandse wynboere. Teen die 1840s (Worden 1989:33) ondervind die graanboere van die Wes-Kaap ook probleme met beperkte markte, lae pryse en 'n probleem met arbeid. Bolandse werwe vertoon minder vertoonsugtig na hierdie periode en word slegs later in die eeu ver-Victoriaaniseer. Minder grootskaalse werwe kom ook na die middel van die neëntiende eeu voor.

DIE VEEBOERDERY GRENSUITBREIDING

Vleisvoorsiening, weivelde en grondtoekenningsstelsels

Verskeie faktore het 'n rol gespeel in die uitbreiding van die veeboergrens, byvoorbeeld die uitputting van die Khoikhoi veestapels tot so 'n mate dat vryburgers teen 1700 per biljet genooi is om die VOC van skaapvleis te voorsien (Sleigh 1982:33). Dit weer het 'n groter vraag na weivelde laat ontstaan wat gelei het tot die uitreiking van weilisensies vanaf 1703 (Walton 1989:113). Hierdie weilisensies is later opgevolg deur leningsplase van 3 000 morg (Van Jaarsveld 1982:49). Teen 1732 is erfpagstelsels ingebring wat die besit en gebruik van grond vir 'n periode van 15 jaar behels het (Botha 1962:88). In 1813 is 'n nuwe grondstelsel, naamlik ewigdurende erfpag, ingestel en voortaan het grond ten volle aan 'n persoon behoort en kon dit geërf en verkoop word (Ibid:94).

Die uitskakeling van die inheemse bevolking

Nog 'n belangrike faktor was die uitskakeling van die inheemse bevolking in die streek. Na die verwoestende pokke epidemie van 1713 het die Khoikhoi se sosiale struktuur in duie gestort en het dit 'n groot area beskikbaar gestel vir die vestiging van koloniste (Elphick 1977:217,229; Prins 1983:275; Van Ryneveld 1983:7). Veral die grondhonger

Bolandse koloniste het hieroor gewedywer en dit was ook een van die redes waarom hulle Goewerneur W. A. van die Stel uit hierdie streek wou verdryf.

Die uitskakeling van Goewerneur W. A. van der Stel

Goewerneur W. A. van der Stel het die moontlikhede van die streek ingesien en het dit, teen Kompanjiesbeleid, vir eie gewin aangewend (Sleigh 1989:12). Die vryburgers het 'n klagskrif ingedien (Fouche 1914:193-201; Schutte 1982:207) waarin hulle hom beskuldig van wanpraktyke en onder andere dat hy 18 veeposte in die Overberg besit het. Volgens Prins (1980:25) het hy die volgende veeposte besit: Fisantekraal, Rustenburg, Boontjieskraal, Botrivier, Warmwaterskraal, Swartrivier, Sergeantsrivier, Quartelsrivier, Ziekenhuis, Hartebeeskraal, Leeuenkraal, De Tygerhoek, Grote Vlakte, Welgelegen, Vleermuis en Wytgelegen.

In sy Kontra Deductie (Mandelbrote 1944:46-47; Pearse 1956:59; Boëseken 1981:58-59; Wilson 1984:14) het van der Stel homself verdedig, maar ten spyte hiervan is hy in 1707 herroep. Na sy herroeping was die pad na die Overberg en die Ooste dus oop vir die Kaapse koloniste. Dit is duidelik dat W. A. van der Stel se teenwoordigheid en grondbesit in die Overberg 'n groot grief was van bekende Bolandse koloniste. Met Van der Stel uit die pad, sou hierdie bron van grond meer toeganklik wees.

Die aanvanklike benutting van die Overberg in die vroeë agtiende eeu was op 'n nie-permanente basis. Boere wat reeds eiendomsplase in die Boland besit het (Van der Merwe 1938:67-68; Prins 1980:28; Guelke & Shell 1983:273; Wilson 1984:15), het ekstra veeweiding nodig gehad en het veeposte in die Overberg aangelê om in dié behoefte te voorsien. Ten spyte van hierdie nie-permanente bewoning van plase deur die groot grondbesitters van die Boland, het die getalle van die permanente kapitaalarm nedersetters in die Overberg stadig toegeneem.

DIE SLUITING VAN GRENSE

Grondtoekenning en nedersettingspatrone

Voor 1750 (Prins 1980:29) word daar 29 plase in die westelike Overberg uitgereik, tussen 1760-1769 word nog 13 uitgereik, 11 tussen 1770-1790, 33 tussen 1800-1809 en drie tussen 1810-1812. In 'n area so groot soos die Overberg was dit 'n onderbenutting van die grond wat beskikbaar was en dit is duidelik dat die aantal mense per vierkante kilometer min was. Die nedersettingsdigtheid en bevolkingsdigtheid was laag in vergelyking met die omstreke van Kaapstad.

Ten spyte van hierdie oënskynlike snelle uitbreiding van die kolonie was die proses van verstedeliking verby die Kaapse Vlakte in verhouding traag, veral in die Overberg (Guelke 1982a:55). Die grootste deel van die bevolking het dus in die omgewing van Kaapstad gewoon (Christopher 1976:53) en die omliggende distrikte was grootliks oop en onbewoon. Dit word gestaaf deur die feit dat bevolkingsdigthede buite die Kaapse Vlakte (buite distrikte) vanaf 1770-1855 ongeveer 1,1 - 2,0 mense per vierkante myl was. Selfs so laat as 1910 was die land nog grootliks onderbeset in vergelyking met die tendens byvoorbeeld in Amerika teen dieselfde periode (Ibid:56,246-257).

'n Area (Christopher 1982:100) met twee tot ses mense per vierkante kilometer was dus 'n grensgebied en 'n area waar daar meer as ses mense per vierkante kilometer aanwesig was, kon dus as gevestig beskou word. In Noord-Amerika het grensuitbreiding en nedersettergetalle ook vinniger toegeneem as in Suid-Afrika. Die redes hiervoor (Lamar & Thompson 1981:15,94) is byvoorbeeld aanvanklik minder geografiese hindernisse, reënval, grondtipes, die geskiktheid van die bodem vir veeweiding sowel as akkerbou, 'n groter beskikbaarheid van kapitaal en ook 'n vinniger ontwikkeling van markte, paaie, dorpe en die ekonomie. Dit het ook, tesame met 'n steeds groeiende Europeër inwonergetal (anders as byvoorbeeld in Suid-Afrika), 'n effek gehad op die getalle per vierkante kilometer in die

landskap en is moontlik dan gouer as beset beskou as wat plaaslik die geval was.

Die toekenning van eiendomsgrond (Guelke 1982a:53) vanaf 1657 tot 1717 vir Stellenbosch, waarvan die Overberg deel was, was maar 108 toekennings wat 'n oppervlakte van 1 300 km² gedek het en die area wat die plase beslaan het was 53,3 km². Die lae vlak van nedersetting (Christopher 1976:50) is beklemtoon deur die feit dat daar in 1805 1 736 leenplase was gelykstaande aan 44 000 km² terwyl die Kolonie 388 000 km² beslaan het en dit het beteken dat die verspreiding van nedersetters vanaf Kaapstad tot 100 km daarvandaan slegs een persoon per vierkante kilometer beloop het tot 1806 (Christopher 1982:100).

Intensifikasie in grondbekoming en administrasie

Na die Britse oornome van die Kolonie het die Europese bevolking toegeneem (Christopher 1982:100) en is baie nuwe gebiede beset en verken, veral tussen 1835 en 1880 wat moontlik die resultaat was van veeboergrense wat verder verskuif het. Groter beheer tree in ten opsigte van administrasie oor die afgeleë distrikte en 'n meer doeltreffende administrasie van grondbeheer en toekenning word gevestig. Die periode tussen 1806 en 1860 toon tekens van nedersetting wat intensifiseer het. Dit is ook die geval in die Overberg waar leenplase en 'n aantal volle

eiendomsplase tydens die agtiende eeu uitgegee is. Vanaf 1813 (Ibid:61) is meer grond geregistreer in ewigdurende erfpag, en 'n aantal dorpe byvoorbeeld Bredasdorp, Caledon, Napier en Villiersdorp is gestig.

Daar was ook 'n aggressiewe grondbekommingsbeleid by die nedersetters sowel as die boere van die sendingstasies weens die voortdurende vraag na voldoende landbougrond en weiding. Dit is dus duidelik (Van Ryneveld 1983:36) dat met toenemende kompetisie vir grond, was daar 'n toename in die beroepe wat op die wetlike en administratiewe owerhede gedoen is. Dit het gelei tot meer formele definisies van grondregte wat gevolglik druk op die Khoi, wat as plakkers beskou is, uitgeoefen het (Ibid). Hierdie onsimpatieke houding was een van die redes wat die sendingstasies by Genadendal en Elim meer aantreklik sou laat vertoon. Blanke nedersetters het dikwels melding gemaak van insidente van oortreding van plaasgrense deur die inwoners van Genadendal. Dit is duidelik dat die blanke boere in die gebied gekant sou wees teen die ontwikkeling van grootskaalse landbou-aktiwiteite by sendingstasies, want dit sou hul dominante posisie in gedrang bring asook die beheer oor 'n beskikbare werkersmag verswak (Ibid). Die sendingstasies is dus net verdra omdat dit as 'n werkerspoel kon dien.

Afsluiting van grenstoestande en die opkomende ekonomie

Die intensifisering of meer intensiewe benutting van grond, die opkoms van kommersiële boerdery en die stigting van streeksmarkte- en dorpe is kenmerkend van die beëindiging van grensuitbreiding (Lamar & Thompson 1981:93). Hierdie tendens is nie beperk tot die Overberg nie - dit vind ook elders in die Kolonie plaas in die periode tussen 1806-1860 (Christopher 1976:76).

Voor die 1840s het die streek 'n algemene gemengde graan en pastorale ekonomie gehad. Die belasting opgaafrolle stel dit soms voor dat graanprodukte dominant was vóór 1850 (Van Ryneveld 1983:5). Op daardie stadium was daar min plase waarop groot veestapels aangeteken is, terwyl 265 van die 545 mense wat belas is, graan geproduseer het (Ibid). 'n Groot verandering sou egter in die landelike ekonomie van die Overberg intree in die vorm van die merino wolskaap. Na 1840 het die wolopbrengs in Brittanje verminder terwyl die wolverbruik gestyg het. Dit sou lei tot 'n groter aanvraag vir wol en het toenemende verbeterde finansiële toestande in die Overberg tot gevolg gehad.

Teen 1816 (Thom 1936:318) is daar 4 364 kg wol uitgevoer uit die Kaapkolonie en teen 1835 het dit toegeneem tot 97 917 kg. Swellendam en omgewing het teen 1846 reeds 264 599 kg wol gelewer, 157 795 kg in 1849 en 226 985 kg in 1855

(Ibid:179). Die toename in wolskape (Van Ryneveld 1983:5) is ook duidelik as daar gekyk word na die twee kuddes merino's wat in 1837 in die opgaafrolle genoem word teenoor 189 504 skape waarvan 187 268 wolskape was in 1850. Buiten die wolproduksie wat toegeneem het, het graanproduksie ook gestyg vanaf 1 350 272 kg in 1837 tot 18 204 742 kg in 1850 (Ibid:6).

Buiten die verbeterde produksie was daar ook groter kommersialisasie sigbaar in die streek. In Swellendam (Buirski 1952:74) het die firma "Barry and Nephews" gevestig en het hulle spoedig 'n handelsnetwerk opgebou deur die streek. In hierdie periode kom daar ook 'n aantal welgestelde grondeienaars voor in die Overberg wat as 'n landelike elite beskou kan word. Hulle het, soos in die geval van die welgestelde Bolandse boere (Van Ryneveld 1983:19), ook toegang tot kapitaal gehad en 'n groter kredietwaardigheid as die ander plaaslike boere. Voorbeelde van hierdie landelike elite was die Reitz, van Breda, Joubert en Dickson families. Dit is ook nie verbasend dat die Reitz en van Breda families afkomstig was uit ryk Wes-Kaapse families nie en dat die drie welgestelde van Reenen dogters met die drie lede van die Barry firma getrou het nie (Ibid).

Dus was daar vanaf ongeveer 1840 'n groter toename in wolproduksie en graanverbouing, wat weer tot 'n uitbreiding van

nedersettings en 'n veranderde benutting van grond in die landskap gelei het. Reeds vanaf die 1830s het grond geleidelik skaarser geword, vandaar dan die tendens om dit te registreer soos wat dit blyk uit die aktes wat bestudeer is. Dit is ook duidelik dat sosiale stratifikasie in die gemeenskap ingetree het weens die verbetering in lewensomstandighede en 'n groter toevloei van kapitaal.

Samevatting

Dit is dus duidelik dat dit is nie net die topografiese faktore, soos byvoorbeeld die beperkende rol veral ten opsigte van toegang tot die streek oor die Hottentots-Hollandberge, of die aanwesigheid van die inheemse Khoikhoi, wat 'n rol gespeel het in die nedersettingsgeskiedenis van die streek nie. Die streek het gebuk gegaan onder ekonomiese isolasie wat 'n rol in nedersettingsvorming speel. 'n Gebrek aan goeie landbougrond, 'n bemerkbare stapelproduk en die terrein, naamlik die berghindernis en die gevolglike gebrek aan infrastruktuur, het 'n groot rol gespeel in die ekonomiese agterstand van die Overberg teenoor byvoorbeeld die Boland. Hierdie agterstand sou eers in die middel van die neëntiende eeu verminder.

HOOFSTUK IV

B E N A D E R I N G S T O T W E R W E A S V O R M

V A N M A T E R I ě L E K U L T U U R

INLEIDING TOT WERWE

Die kern waar alle plaasaktiwiteite georganiseer word is die werf oftewel die area rondom die opstal. Dit is die versamelings- of konvergensiepunt op die plaas (Van der Merwe 1983:32) waar die eienaar woon en waarheen alle produkte gebring word vir herverspreiding na markte. Dit is egter ook die divergensiepunt waarvandaan mense, voorrade en implemente in alle rigtings van die plaas versprei word om spesifieke take te verrig (Ibid). Die werf omsluit dus 'n area waarin daar aktiwiteitsverwante strukture voorkom sowel as die opstal en werkershuise.

Vir doeltreffende beheer oor die boerdery aktiwiteite is die ligging van die werf en opstal belangrik. Dit is egter ook onderhewig aan (Van der Merwe 1983:32) mikroklimaat, ligging, bodemgesteldheid, plantegroei, watervoorsiening, verkeersweë, plaasoppervlakte, tegnologie en historiese oorwegings.

Uiteensetting van 'n werf

'n Nougessette definisie van 'n werf kan dit beskryf as 'n ruimte wat deur geboue of mure omsluit word (Walton 1989:37-42). Die voorkoms van die ruimte kan onderbreek word deur strukture (soos in die geval van Overberg werwe) of kan 'n oop en aaneenlopende sentrale gedeelte behels wat deur strukture of 'n ringmuur omsluit word. Die voorkoms van die werf kan funksioneel sowel as ornamenteel wees. Dit is funksioneel ten opsigte van die aktiwiteite wat in spesifieke geboue uitgevoer word. 'n Werf kan ook ornamentele eienskappe hê, byvoorbeeld ryklik versierde gewels, formele uitleg, ensomeer. Die ligging van 'n werf, in die landskap, kan funksioneel wees (Van der Merwe 1983:1-2), byvoorbeeld naby water, hout of bome, maar dit kan ook ornamenteel wees met die oog daarop om die maksimum indruk op besoekers te maak.

'n Werf bestaan uit spesifieke geboue wat 'n verband het met plaasaktiwiteite en die huisvesting van die eienaar en werkers in 'n opstal, jonkershuis, slawelosie of werkershuise. In die geval van wynboerdery is 'n opstal, kelder, stookketels, slawelosie of werkershuise, waenhuis, perde-stalle, afdakke, moontlik hoenderhokke en 'n kraal of kamp, te verwagte. In die geval van 'n gemengde boerdery werf kan die voorspelling gemaak word, en is dit ook so aangetref in die westelike Overberg, dat daar 'n opstal, waenhuis, skuur

(vir stoor van produkte), perdestalle, koeistalle/melk-stalle, kraal, werkershuise, smidswinkel, dipgang, skeerhok, kalwerhok, meul, dorsvloer of kafvloere, varkhokke en kampe, aanwesig is. Die skaal en voorkoms van 'n werf sal egter bepaal word deur die finansiële stand van die eienaar of die omvang van die boerdery.

Die plasing van strukture in 'n ruimte om 'n werf te vorm is 'n interessante verskynsel. Volgens Walton (1989:37-42) is daar voorbeelde in die Boland waar daar formele werfuitleg voorkom en waar daar 'n oop ruimte is, byvoorbeeld 'n vierkant of reghoek, wat omsluit word deur strukture. Hierdie is egter nie 'n algemene verskynsel nie en wat die westelike Overberg betref, is dit die uitsondering eerder as die reël. Die plaaswerf kan gevolglik beskou word as 'n ruimte met 'n aantal funksie-spesifieke strukture insluitend die opstal. Die voorkoms en ligging daarvan is die resultaat van 'n komplekse interaksie tussen tegnologie, ekonomie, topografie en kultuur. Die punt wat dus hier geargumenteer word is dat dit 'n vorm van materiële kultuur is wat aanwesig is in die landskap.

Die werf as vorm van materiële kultuur

Verskeie definisies is deur navorsers geskep om materiële kultuur te omskryf en dit is moontlik om die gevolgtrekking te maak dat die aard en omvang hiervan uiteenlopend sal

wees. 'n Breë definisie van materiële kultuur (Deetz 1977:9) is dat dit alles insluit wat mense geskep of vervaardig het. Materiële kultuur en die betekenis van die konsep het gepaard gegaan met heersende sosiale teorieë. Hier word byvoorbeeld verwys na die ontwikkeling vanaf die prosessuele benaderings waar materiële kultuur as 'n kultuurproses gesien is en waar alle prosesse aan die hand van reëls en universele wette verklaar kan word en wat dit tot 'n mate voorspelbaar maak. Materiële kultuur is ook (Deetz 1988:219) onderwerp aan positivistiese uitgangspunte, kwantitatiewe benaderings en 'n strewe na objektiwiteit in die dissipline.

Na die "loss of innocence" van argeoloë in die sewentiger jare is daar na 'n post-prosessuele fase beweeg as 'n reaksie op die wetmatige siening van die voorafgaande periode. Weereens is die definisies of siening van materiële kultuur hierdeur beïnvloed. Die opvatting is (Hodder 1986:147) dat die benadering tot materiële kultuur voorsiening behoort te maak vir variasies in, en die rol van, die individu in die skepping van materiële kultuur. Voorts is daar ook die persepsie van die probleme rondom 'n objektiewe benadering tot materiële kultuur aangesien die navorser tog ook 'n produk van sy eie tyd is.

Post-prosessuele benaderings beskou materiële kultuur (Hodder 1989:189; Watson 1990:614; McGuire 1992:2) ook as 'n

teks wat die kodes bevat van die simboliese sisteem wat mense se lewens rig. Materiële kultuur kan gevolglik aangewend word om sosiale informasie óf te verander óf om dit oor te dra in die vorm van simboliese kommunikasie. Die klem val dus op sosiale konteks en hoe materiële kultuur dit uitbeeld.

Die landelike werf as vorm van nedersettingspatroon is dus deel van materiële kultuur en kan ook as 'n teks beskou word wat verskanste ideologie en simboliek bevat. Nedersettingspatrone kan gesien word as die wyse waarop bevolkingsdigthede van verskeie groottes aangepas en versprei het in die landskap (Johnston 1986:427). 'n Nedersettingspatroon is dus op 'n funksionele sowel as ideologiese vlak werkzaam. Nedersettingspatrone is 'n wyse waarop mense die landskap aanpas by hul ekonomiese en kulturele behoeftes en dien as barometer van die ekonomiese en sosiale toestand waarin die nedersetter hom bevind. Die bestudering van die werf met al sy fasette is dus 'n belangrike bydrae tot die uitbouing van die kennis van die verlede waarna historiese argeologie streef.

'N OORSIG VAN HISTORIESE ARGEOLOGIE

Ontwikkeling en definisies van historiese argeologie

Historiese argeologie het uit 'n aanvanklike belangstelling in Middeleeuse en Renaissance geskiedenis ontwikkel. Die gevolg hiervan was dat historiese argeologie (Deagan 1982:152) ontwikkel het wat veral gemoeid is met die koloniale ekspansionistiese beleid van post-Renaissance Europa na die vyftiende eeu soos verteenwoordig in eertydse kolonies.

Die term "historiese argeologie" kan problematies wees aangesien hierdie veld ook Middeleeuse geskiedenis betrek. Dit is egter nie van toepassing op baie van die kolonies nie en die benaming "koloniale argeologie" is meer gepas.

Verskeie definisies het die lig gesien oor wat koloniale of historiese argeologie behels. Almal is dit egter eens dat (Hume 1975:12; Deagan 1982:152,172) historiese argeologie 'n unieke bydrae lewer in dié sin dat dit geskrewe bronne aanwend tydens navorsing, dit korreleer die historiese rekord met die argeologiese rekord en 'n gevolg hiervan is dat teenstrydighede op dié wyse blootgelê kan word. Dit is dus 'n goeie, werkende kombinasie van beide historiese bronne en argeologiese metodes wat nie moontlik sou wees met die blote konvensionele historiese data nie.

Benaderings in historiese argeologie

Historiese argeologie is grootliks beïnvloed deur proses-suele benaderings, veral strukturalisme (oorgeneem uit antropologie) soos dit toegepas is deur 'n prominente argeoloog (Deetz) en 'n landelike argitek (Glassie). Met 'n tipiese positivistiese en optimistiese houding word onderliggende, universele denkstrukture identifiseer. Dit vorm die basis van die wêreldsiening of denkkees wat individue en die gemeenskap se daaglikse lewe orden. Sentraal tot hierdie wetmatige benadering staan die idee (Deagan 1982:158) dat menslike denke georganiseer is volgens 'n universeel gedeelte kompleks van opponerende denkstrukture. Hierdie tendens word gesimboliseer deur liniêre teenoorgesteldes soos byvoorbeeld privaatheid vs openbaar, simmetrie vs a-simmetrie, kunsmatigheid vs natuurlik en orde vs chaos.

Die toepassing van bogenoemde beginsels word selfs op 'n globale skaal uitgevoer. Dit is nie net in New England (Deetz) en Middel Virginia (Glassie) toegepas nie, maar selfs ook op 'n klein dorpie, Salem, in die Oos-Kaap (Winer & Deetz 1990:55).

Kritiek kan teen hierdie benadering geopper word. Weens die breë definisies wat aangewend word, word daar trefkrag ingeboet. Dit beteken dat 'n konsep soos die Georgiaanse

wêreldsiening wat 'n dominante rol speel in die verklarings, verhoog word tot 'n vlak waar dit moeilik hanteerbaar word. Die vraag (Leone 1982:745) waarom daar geen verklarings is vir die tempo waarteen denkgeses versprei nie, is geopper, sowel as die kwessie van bilaterale simmetrie as 'n universeel gedeelde eienskap in gemeenskappe.

In verdere ontwikkelinge in die benaderings tot materiële kultuur in argeologie, was daar 'n misnoeë sigbaar met die klem op strukture sowel as die feit dat die skeppende, denkende individu blykbaar geen rol gespeel het in die skepping van materiële kultuur nie. Die gevolg hiervan was dat daar 'n beweging was weg van 'n oorbeklemtoning van metodiek, die hulp en filosofie van die suiwer natuurwetenskappe, wetmatigheid, ensomeer na 'n groter klem op sosiale konteks, die rol van die individu en die rol en aard van materiële kultuur en ook die bevraagtekening van objektiwiteit. In hierdie strewe (McGuire 1992:77) is die Marxistiese beginsels aktief ingespan in die verklarings soos aangebied deur byvoorbeeld kritiese teoretici.

Volgens hierdie bogenoemde uitgangspunt is dit 'n aantreklike benadering aangesien dit tegnologie, ekonomie, demografie en die invloed van die omgewing beklemtoon. Die toepassing van genoemde beginsels is uitgevoer in die agtiende eeuse Annapolis, Maryland, in die V.S.A. (Leone & Potter 1988:237).

Hierdie vindplaas is verbind met 'n denkkees wat klem gelê het op kapitalisme en 'n streng klasse hiërargie. Deel van die instandhouding van die klassestruktuur was natuurlik ideologie. Ideologie (Leone *et al.* 1987:284) verskuil sosiale teenstrydighede, konflik en eksploitasie. Dit bedek ook interne konflik en verseker die voortsetting van die kulturele sisteem. As 'n voorbeeld het Leone (Leone & Potter 1988:252) William Paca, 'n ryk sakeman, grondbesitter en slawe-eienaar, se tuin voorgehou.

Die studies het ook getoon dat, soos wat post-prosessuele benaderings voorspel het, materiële kultuur op verskeie wyses geïnterpreteer kan word en dat dit 'n probleem met objektiwiteit en ook gevolglik geskiedskrywing, beteken.

Die probleem van die bydrae van die individu word aangespreek sowel as subjektiewe betekenis. Voorts is daar ook 'n bewussyn (Hodder 1986:153-155) dat die argeoloog as interpreteerder van die verlede ook sy/haar stempel afdruk op verklarings en dat hy/sy ook gebonde is aan sy/haar kultuur en dus vanuit daardie verwysingsraamwerk handel.

Ten spyte van al die verhewe beginsels waarmee navorsers graag wil bewys hoe krities hulle eintlik dink oor die argeologiese rekord, is dit steeds duidelik dat (Johnson 1989:195) veralgemenings en wetmatigheid van die prosessuele

en post-prosessuele benaderings steeds problematies is en word dit steeds aanvaar dat alle lede van 'n gemeenskap noodwendig simbole in dieselfde lig sien. Dit beteken dat, ten spyte van al die besorgdheid oor die rol van die individu, daar eintlik niks gebeur met die individu in interpretasies nie en word hy/sy weereens as 'n "cultural dope" op die agtergrond geskuif.

Dit is dus duidelik dat kontemporêre argeologie 'n verskeidenheid benaderings insluit (soms uiteenlopend en soms komplimenterend). Die algemene gevoel is een van revisionisme en hierdie bevraagtekening van die *status quo* kan as 'n gewensde noodsaaklikheid beskou word in die samestelling van kennis van die verlede.

KOLONIALE ARGEOLOGIE IN SUID-AFRIKA

Inleiding

In Suid-Afrika is koloniale argeologie 'n uitvloeisel van argeologie wat hom veral toegespits het op die inheemse bevolkings. Koloniale argeologie handel hoofsaaklik oor die koloniale verlede vanaf die laat vyftiende eeu tot in die twintigste eeu en dit skakel veral met ander verwante historiese rigtings.

Hierdie takdissiplines sluit in, geskiedenis, kultuur-geskiedenis en historiese geografie. 'n Gemeenskaplike faktor is die bestudering van historiese bronne om sodoende die verlede te probeer rekonstrueer.

Historici maak gebruik van argivale rekords wat 'n verskeidenheid van primêre en sekondêre bronne insluit byvoorbeeld administratiewe korrespondensie, reisjoernale, dagboeke, opgaafrolle, fotoversamelings, testamente, sterftekennisse, wildschutsboeke (vir byvoorbeeld weilisensies), aktes, diagramme en kaarte, om maar 'n paar te noem. Historiese bronne (Van Jaarsveld g.d.b.:50-57) sluit ook mondelinge getuienis en konkrete voorwerpe in soos beeltenisse in verf of materiaal.

Die bronne wat geraadpleeg word kan problematies wees aangesien (Saunders 1988:2) nie net die geskiedenis nie, maar ook die persepsies van die geskiedkundige in ag geneem moet word wanneer 'n bron geraadpleeg word.

Laastens kan dit ook genoem word dat alhoewel historici 'n belangrike bydrae tot geskiedskrywing lewer, hul werkswyse nie noodwendig beskrywings, wat voorkom in dokumente, opspoor op die grond nie. Die werf of ou strukture word dus nie prominent betrek by hul navorsing nie.

Die kultuurhistoriese benadering tot materiële kultuur (werwe en ou strukture) verdien ook aandag. Dié benaming verwys na kultuur en geskiedenis en dit is presies wat dit behels, maar dit is beperk tot veral die Afrikanerkultuur en geskiedenis. Dit het dus 'n ideologiese kleur en die benadering tot materiële kultuur word hierdeur beïnvloed. Dit beïnvloed noodwendig die vlak van interpretasie en verklaring.

Kultuurhistorici ("folklore" genoem in die V.S.A.) kan ook "volkekunde" genoem word aangesien dit konsentreer op ondermeer geskiedenis eerder as op antropologiese of sosiologiese benaderings of werksywyses. Die term "volkekunde" in die Suid-Afrikaanse konteks word egter deur sommige mense beskou as 'n ideologiese skepping en gevolglik is die naam vervang met die term antropologie. Die benadering tot materiële kultuur is ook problematies aangesien dit hoofsaaklik konsentreer op huisinhoud en argitektoniese detail en gevolglik grotendeels klem lê op die skepping van tipologieë en klassifikasie sisteme. Dit is dus 'n ideologiese gebonde, beskrywende eerder as interpreterende, benadering.

Nog 'n belangrike hulpdisipline is historiese geografie. Historiese geografie (Johnston 1986:194) kan gedefinieër word as die geografiese bestudering van die verlede. Dit behels (Guelke 1982b:21-22) die bestudering van argivale

materiaal sowel as die toepassing van ruimtelike of geografiese navorsingsmetodes op 'n streeks skaal. Aandag word geskenk aan bevolkingsgroepe of ekonomiese groepe soos byvoorbeeld grondbesitters, slawe, arbeiders en ook byvoorbeeld getalle vee in hul besit sowel as grond onder weiding en bewerking. Ook is grensverskuiwing vir historiese geografe van belang.

Hierdie dissipline is werksaam op 'n landskap skaal en is gevolglik minder gestel op die detail van 'n individuele nedersetting en die uitdrukking daarvan op die landskap. Nieteenstaande hierdie feit, lewer dié studies 'n belangrike bydrae tot die grootskaalse konteks waarin argeologiese waarnemings gemaak word.

Koloniale argeologie steun dus op hierdie takdissiplines. Die argeologiese benadering het egter die voordeel dat dit direk met materiële kultuurvorme wat in die landskap agtergelaat is, skakel. Gevolglik kan dit dan 'n uitbreiding wees van historiese inligting wat beskikbaar is in dokumente en kan dit ook as 'n toets dien vir die historiese "waarheid".

Die ontwikkeling van koloniale argeologie

Die vroeë ontwikkeling van koloniale argeologie het gepaard gegaan met die versameling van posklippe en padraos

(Abrahams 1984:22) tydens die neëntiende eeu. Dit is opgevolg deur (Ibid) die argitek, Kendall, wat tydens die restourasie van Groot Constantia, keramiek en glasfragmente versamel het. Verdere bydraes tot die ontwikkeling is ook gemaak deur Goodwin (1952), Emms (1960), Woodward (1974) en Lightley (1976) (Abrahams 1984:22).

In die 1960s (Abrahams 1984:22) het instellings soos die Suid-Afrikaanse Museum, die Universiteit van Stellenbosch, die Stellenbosch Museum, die Universiteit van Kaapstad en die S.A. Kultuurhistoriese Museum betrokke geraak by historiese vindplase. Tydens hierdie ontwikkeling het die dissipline deur al die fases gegaan, naamlik die versamelingsfase, die beskrywende fase en tans die volwassewording en interpreterende fase.

Voorbeelde van projekte wat in die laaste paar jaar aangepak is, sluit in ondersoeke van die Kasteel (Hall *et al.* 1990:22), Vergelegen (Markell 1993), Paradise by Nuweland (Malan 1988), die Kaapse hawe (Seeman 1989:11), verskeie persele in Kaapstad (Hall *et al.* 1990:73), die ontwikkeling van Stellenbosch (Vos 1993), kontak tussen die inheemse bevolking en Europeërs soos uitgebeeld deur Oudepost-1 (Schrire & Deacon 1990:124), sowel as studies van nedersettingspatrone in die Franschoekvallei (De Villiers 1992) en westelike Overberg. Dit is duidelik uit bogenoemde studies dat 'n wye veld van belangstelling gedek word,

naamlik klassestruktuur, geslag, slawerny en nedersettingspatrone. Veral die ideologie agter die skepping van die materiële kultuur vanaf die sewentiende tot die laat neëntiende eeu, is as belangrik beskou en gevolglik beklemtoon.

Benadering tot plaaslike vindplase en materiële kultuur

Verskeie standpunte bestaan oor interpretasies van vindplase en data. Teenswoordig is die Neo-Marxistiese benadering en kognitiewe studies soos toegepas deur Deetz (1990) en Vos (1993) ooglopend dominant in plaaslike argeologiese literatuur. Die beginsels word veral toegepas op die stedelike konteks van Kaapstad en die Boland. Vos (1993) pas 'n Deetziaanse model toe op die dorpsontwikkeling van Stellenbosch. Dié model lê klem op die verandering in die kultuur landskap soos vergestalt in Stellenbosch vanaf 1680-1860. Dié kontekstuele studie beklemtoon die wêreldsiening van mense soos uitgebeeld in die patronering van hul stoflike kultuur.

Die Neo-Marxistiese uitgangspunt (Hall 1992:22) plaas groot klem op ideologie sowel as op die manifestering daarvan in die vorm van simbole. Materiële kultuur word dus gebruik om mense te omskryf of te definieër. Dit bly nie staties nie en sal byvoorbeeld aanpas by die veranderende sosiale konteks.

Materiële kultuur word ook as 'n "teks" beskou wat die argeoloog kan lees. Dit behels verskeie aspekte byvoorbeeld (Hall 1992:22) die uitleg van 'n huis of 'n stad, keramiek, begrafnisgebruike en posisie in die kerk.

Hierdie "teks" bevat simbole gebaseer op ideologie. Die onderliggende ideologie (Hall 1992:15) is nie altyd maklik om te begryp of te identifiseer in die hede nie. Hierdie denkgeses of versluierende ideologie het ook betrekking op die geskiedskrywing in Suid-Afrika. Volgens Hall (1988:62) het die geskrewe geskiedenis van die land 'n groot uitwerking op die politiek van die dag soos wat dit ook reeds elders genoem is.

Die doel van die ideologiese studies in koloniale argeologie behoort dus te wees om weg te beweeg van ras- of klasgebondenheid. Daar moet egter ook gewaak word teen vervreemding wat kan intree. Hier word spesifiek gedink aan studies oor slawerny - as dit op 'n ideologiese verhoog geplaas word kan dit ook vervreem word van die res van die geskiedenis. Die implikasies bly egter dat (Hall 1988:3) historiese of koloniale argeologie nie die argeologie van 'n spesifieke groep, klas, stam of ras moet wees nie. Die beginsel agter hierdie voorneme is goed, maar die uitvoering daarvan in plaaslike konteks is soms traag.

In post-prosessuele studies, soos wat dit internasionaal en plaaslik die geval is, word die rol van ideologie, geskiedskrywing, materiële kultuur as teks, politiek, die agtergrond van die navorser beklemtoon. Die rol van die individu geniet ook besonder baie aandag.

Ongelukkig word die rol van die skeppende individu dikwels ingeboet in navorsing wat ideologie té veel op die voorgrond stel. Dit kan egter meer simpatiek benader word soos uitgebeeld in die werk van Johnson (1989). Die kritiek wat hierdie navorser het teen post-prosessualisme (Johnson 1989:190) is dat die individu wat aanvanklik "miskien" is, op die teoretiese verhoog geplaas is, waarna hy onmiddellik vergeet is! Dus: kognitiewe benaderings miskien steeds die individu ten gunste van universeel gedeelde denkstrukture.

Die middeweg om in hierdie geval te volg is (Johnson 1989:190) moontlik 'n meer informele navorsingsstandpunt soos wat hy dit toegepas het op sestiende eeuse huise in Sussex, Engeland. Hierdie huise het variasies getoon wat hy dan toegeskryf het aan die skeppende eienaars. Dit is belangrik in dié sin dat dit afwyk van die voorafbepaalde of verwagte norms. Dit verklaar ook diversiteit wat in die argeologiese rekord voorkom en waarmee so baie navorsers worstel as daar gepoog word om universele wette op data af te druk. Die voordeel van hierdie werkswyse is om, eerder as om alles te verhoog tot die vlak van onhanteerbare

veralgemenings, te let op die verskille as die ooreenkomste en kan waardevolle inligting en kennis op dié wyse geskep word.

KOLONIALE ARGEOLOGIE IN DIE WESTELIKE OVERBERG

Inleiding

Die algemene vooruitsigte en probleme van koloniale argeologie is nie bloot net teoreties van aard nie - dit is ook meer prakties en is verbind aan die beskikbaarheid van historiese literatuur, die bewaring van studiemateriaal in die landskap en ook bemonsteringstegnieke. Dikwels word dit ondervind dat geen dokumentêre bronne aanwesig of beskikbaar is ten opsigte van 'n vindplaas nie of dokumente wat wel bestaan kan onvolledig of onbetroubaar wees. Nog 'n probleem is bewaringstoestande. Dikwels is slegs duursame materiaal byvoorbeeld klipmure aanwesig en die res van die vindplaas en aftefakte is in 'n baie swak toestand of is afwesig. 'n Gebrekkige beeld kan dus hierdeur bevorder word en daar is dus faktore wat 'n rol speel in die beoefening van koloniale argeologie.

Die doel van die studie

Die doel van die studie is om te toets of daar patroonmatigheid sigbaar is in landelike werwe, of dit

verander met die verloop van tyd, of dit gebonde is aan die sosiale en ekonomiese stand van die eienaar, of dit streeksgebonde is en ook om te toets wat die potensiaal is om landelike vs stedelike bewyse te bestudeer vanuit 'n koloniale argeologiese benadering.

Die ontwikkeling van die studie

Die studie het ontwikkel uit 'n kultuurbronbestuur projek wat op Sterhuis gerig was. Op hierdie werf is daar 'n groot kraal en woonhuis, en twee ander verskynsels aanwesig en die probleem was aanvanklik om die ouderdom en betekenis hiervan te bepaal en om dan 'n sinvolle bewaringsproposisie vir die werf voor te lê. Sterhuis het getoon dat 'n werf vir meer as 100 jaar onveranderd kan voortbestaan. Gevolglik is die metode wat toegepas is gebaseer op aanname dat werwe soortgelyk aan Sterhuis elders in die landskap bestaan. 'n Aantal werwe wat wel ooreenstemmend was is opgespoor, maar 'n aantal werwe wat groot verskille in skaal en uitleg getoon het, is ook geïdentifiseer. Dit het sekere vrae oor werfontwikkeling en die betekenis daarvan, laat ontstaan.

Die metode wat gevolg is

Die aanvanklike ondersoek het net die identifisering van ou strukture, gebaseer op voorafbepaalde kriteria, behels. Die kriteria was byvoorbeeld dat die werf wat in aanmerking kom

vir 'n argeologiese ondersoek oor 'n kraal en 'n woonhuis moes beskik. Later is hierdie kriteria uitgebrei soos wat meer ontwikkelde werwe met ou krale, woonhuise en ander strukture daarop, opgespoor is.

Deurdringende ondersoek in die vorm van opgrawings is op 'n beperkte skaal toegepas. Die opsporing en opnames van werwe het op veral visuele indrukke berus, maar intensiewe kartering en fotografering van bestaande strukture is uitgevoer veral met die klem van die studie wat val op die werfontwikkeling en die betekenis van patrone of die afwesigheid daarvan in werfuitleg. Die kartering het die gebruik van 'n kompas en 'n meettafel ingesluit wat 'n vinnige en effektiewe metode is om die oriëntering en afmeting van strukture te bepaal. Vloerplanne is opgestel vir bestaande strukture en aantekeninge is gemaak van gesloopte geboue. Voorts is daar ook 'n willekeurige monster van keramiek en glas geneem uit bestaande vullishope en laastens is die eienaar of ander belanghebbendes geraadpleeg vir agtergrondgeskiedenis wat later aangevul is deur argivale navorsing.

Die afmeting van strukture, veral in die geval van muurbreedtes, kon inligting verskaf oor verskeie generasies van mure en strukturele veranderings. 'n Voorbeeld hiervan is dat in die agtiende eeu was mure dikwels 600-900 mm breed, terwyl dit in die neëntiende eeu wissel vanaf 400-550

mm. Sulke inligting is aangevul met argivale navorsing wat die bestaande historiese bronne oor die betrokke plase en die streek betrek het.

Die argivale rekord is arm aan inligting omdat die plase wat ondersoek is, nie van buitengewone geskiedkundige belang was tydens die historiese periode nie. Historiese dokumente bestaan dus in hierdie geval meestal uit alledaagse administratiewe dokumente soos testamente, aktes, kaarte en weilisensies. Buiten die argivale rekord is 'n struktuur rekord dus opgestel bestaande uit mates en argitektoniese detail van elke struktuur aanwesig op elke werf. Dit moet duidelik gestel word dat die ondersoek nie gepoog het om op hierdie stadium deurdringende analises te doen van materiale wat in konstruksies gebruik is nie. Ook is daar nie by al die vindplase opgrawings gedoen nie, aangesien die aard van die materiaal aanwesig (byvoorbeeld huise is nog bewoon) dit nie altyd toegelaat het nie.

Die rol wat bewaring gespeel het in die navorsing

Die Overberg was vir die grootste gedeelte van die historiese periode in 'n grenstoestand wat isolasie en ekonomiese toestande betref. Veral topografiese faktore het tot hierdie sosio-ekonomiese agterstand teenoor die Boland bygedra. Dit is te verwagte dat hierdie afsondering en ekonomiese agterstand reflekteer sal word in ligging en

voorkoms van nedersettings in die landskap. Dit is dan juis hierdie eienskap van die studie area wat dit waardevol maak vanuit 'n navorsingsoogpunt, weens die landelike aard en die tradisionele argitektuur wat redelik ongeskonde gebly het. Tans is dit slegs die areas waar grootskaalse appelboerdery sedert die Tweede Wêreldoorlog beoefen word, waar die landskap en die bestaande historiese strukture noodgedwonge verander het.

Die skaal van die ondersoek

Die skaal van die studie was ook onderhewig aan bewaringsfaktore. Die bewaring van werwe wat by die opname betrek is, was oor die algemeen baie goed. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat ou geboue dikwels struktureel aangepas is by veranderende behoeftes eerder as om bestaande strukture te sloop. Dit was een van die uitvloeisels van die ekonomiese probleme wat die streek tydens die historiese periode beleef het en dit is gunstig vanuit 'n bewaringsoogpunt. Gevolglik bestaan daar 'n goeie bron van studiemateriaal in die landskap. Die skaal van die ondersoek is ook, buiten bogenoemde faktore, beperk, omdat dit 'n beperkte toets is om die potensiaal van die benadering wat gevolg is, te bepaal.

DIE BENADERING WAT GEVOLG IS

Die westelike Overberg bied 'n aantal interessante landelike nedersettings wat 'n ondersoek regverdig. Dit kan beskryf word as die beoefening of toepassing van nedersettings-argeologie. Dit word op 'n landskap skaal beoefen (in hierdie geval op 'n streeks skaal) en volgens Adam (1990:92) kan landskapsargeologie ook nedersettingsargeologie genoem word, aangesien dit vindplase binne 'n geografiese en omgewings konteks plaas. Die basiese eenhede vir waarneming in hierdie nedersetting studies is die plaaswerf, en dit word dan in die landskap gesien waarvan dit onlosmaaklik deel vorm.

Die werf met al die sub-eenhede waaruit dit bestaan, vorm 'n eenheid wat op 'n funksionele en ideologiese vlak werkzaam is. Deur te let op die verskeie onderdele van 'n werf is daar 'n klassifikasie sisteem gevolg, gebaseer op wat op 'n werf aanwesig is. Gevolglik is twee tendense in die landskap voorgestel, naamlik die veeposstelsel en 'n gemengde boerdery werf.

Die veeposstelsel was gebaseer op die teenwoordigheid van 'n wooneenheid, naamlik 'n drievertrek woonhuis en 'n veekraal. Hierdie werwe is problematies aangesien dit veeposstelsels van welgestelde Bolandse koloniste was. Dit val dus in twee klasse, naamlik dat dit deel is van 'n volle eiendomsplaas van 'n welgestelde eienaar of dat dit later die eiendom

geword het van minder gegoede eienaars waarna dit dan 'n ander status vlak betree. Interessant genoeg word Fisantekraal-1 vandag nog gebruik en in stand gehou as die veepos wat dit moontlik reeds in die agtiende eeu was.

Die veeposstelsel was, volgens historiese bronne en is ook volgens argeologiese bewyse, ver uitmekaar geleë en was deel van die wei- en leenplaasstelsels. Dit is op 'n semi-permanente basis bewoon en kon nie sonder verlof van die regering bewerk word nie. Die ekonomiese aktiwiteite rondom 'n posstelsel was dus op vee gekonsentreer.

Die gemengde boerdery werf was gebaseer op die aanwesigheid van 'n opstal (groter as die woonhuis op 'n veepos), waenhuis, veekraal, kampe, perdestalle, melkstalle, kalwerhokke, varkhokke, skeerhokke, dipgange, dorsvloere, kafvloere, wynkelder, werkershuise, formele of informele hoenderhokke, smidswinkel, store en skure. Veeposstelsels en gemengde boerdery werwe kan tydgenootlik wees en dui dus op variasie wat moontlik aanwesig is in die streek.

Hierdie vorm van variasie lewer patrone op wat ondersoek kan word om te bepaal of dit streeks-, klas-, geslags- of tydsgebonde is. Die klem val dus op die vraag of daar patrone aanwesig is en watter vorm dit aanneem en hoe dit verander met verloop van tyd en wat die beweegrede was vir patroonmatigheid en verandering.

Nedersetting word beskou as dinamies - dit is in wisselwerking met byvoorbeeld die terrein en is dus ewig veranderend en tog, paradoksaal, ook gefossileerd. 'n Werf en die strukture daarop reflekteer idees of 'n wêreld-beskouing van die periode toe dit opgerig is - soos wat die bouer dit gesien het. Dit is dus deurspek met tradisionele waardes en idees en daarom kan dit as 'n gefossileerde ideologie beskou word. Ten spyte hiervan het verandering noodwendig ingetree. Dit behoort egter moontlik te wees om te bepaal hoe 'n werf deur tyd aangepas is by nuwe behoeftes en gevolglik is die moontlikheid vir die opstel van 'n streekskronologie in landelike argitektuur nie té vergesog nie.

Die klem val dus op 'n werf in sy totaliteit en nie net op argitektoniese detail van byvoorbeeld 'n enkele struktuur nie. 'n Studie gebaseer op die beginsels soos streng toegepas deur byvoorbeeld Glassie (1975) is nie toepasbaar nie aangesien die nedersettingsdigthede en intensiteit verskil. Die materiaal wat dus in die landskap beskikbaar is, is dus verskillend en gevolglik ook die benadering. Nog 'n probleem met so 'n Glassie gebaseerde studie sou wees dat die hele werf nie betrek word nie en dat sekere aspekte oorbeklemtoon word ten koste van die geheelbeeld. Die klem moet eerder val op die ruimtelike patrone aanwesig van 'n hele werf. Dan eers kan die inligting aangewend word om die

nedersetter se geestesbeeld vas te stel en die redes waarom dit op 'n spesifieke wyse uitgebeeld is, te verklaar.

Indien patrone aanwesig is in werfuitleg, dan is die vraag: is dit tydsgebonde? Verteenwoordig 'n spesifieke struktuur of strukture die gees van die tyd, hoe verander dit en kan die verandering aan funksionele vereistes of ideologiese vereistes toegeskryf word? Die studie poog dus ook om te bepaal hoe lyk sekere patrone en of dit verbandhoudend is met byvoorbeeld die agtiende of neëntiende eeu, of is daar geen definitiewe patrone in tyd of uitleg aanwesig nie. Die vraag kan uitgebou word en dit kan vasgestel word, indien daar patrone aanwesig is, of dit 'n enkele insident in die streek is en of dit 'n spesifieke gebeurtenis was in 'n gegewe tyd. Dit kan ook met nedersettings buite die streek vergelyk word, byvoorbeeld die Boland.

Nog 'n belangrike aspek van die studie is, indien daar veranderings of patrone aanwesig is, om dit in terme van ideologie te verklaar, byvoorbeeld waarom neem 'n struktuur 'n spesifieke vorm aan, waarom word sekere mates aangewend, waarom is strukture op spesifieke plekke in ruimte geplaas, waarom word bestaande strukture verander en waarom bestaan daar variasie in materiële kultuur? Antwoorde op hierdie vrae kan verskeie vorms aanneem afhangende van die benadering wat gevolg word.

Die nedersettings bestaan uit strukture wat 'n ruimtelike plasing het wat betekenisvol is. Die plasing van strukture verteenwoordig verskuilde ideologie en kan ook as 'n simbool van byvoorbeeld mag dien. Deur te kyk na die plaaswerwe kan die patrone wat deur natuurlike verspreiding verteenwoordig word, moontlik inligting verskaf oor die wêreldsiening in 'n gegewe periode, van die eienaar of bewoner. Strukture se voorkoms en skaal is nog 'n aanduiding van wêreldsiening, afgesien van welstand en status. Die studie poog dus om te bepaal of daar ooreenkomste of eenvormigheid aanwesig is in werfuitleg in die westelike Overberg en om dan vas te stel wat die beweegredes was tot eenvormigheid.

Status of klasgebondenheid is 'n abstrakte konsep en dit behels basies verskille in houding ten opsigte van meerderwaardigheid en minderwaardigheid wat met sekere dinge of klasse geassosieer word. Status sentreer rondom mag, hetsy dit politieke of ekonomiese mag is, of die mag wat 'n man het ten opsigte van sy plaaswerkers of sy vrou. Status of sosiale differensiasie word dus uitgebeeld in materiële kultuur.

Die voorkoms en skaal van 'n werf verteenwoordig status en welstand. Dit is 'n refleksie van die ekonomiese aktiwiteite sowel as die finansiële vermoëns van die nedersetter. Statussimbole wat aan 'n gemeenskap bekend is kan dus op 'n werf voorkom en sodoende aan die ingeligtes 'n

boodskap oordra en die patroon wat dit vorm. Strukture se voorkoms, skaal, versiering en ligging kan 'n simboliese of ideologiese betekenis hê wat as 'n teks ontleed kan word om sodoende inligting te verskaf oor die onderliggende ideologie aanwesig by die betrokke persoon, gemeenskap of streek. Die status en rol van plaaswerkers is eweneens net so 'n belangrike deel van die studie alhoewel hulle 'n minder prominente of sigbare status op die werf geniet het. Gevolglik is dit te verwagte dat hierdie "lae" status in hul materiële kultuur bewyse en in hul ligging op die werf weerspieël word.

Ook geslagsgebondenheid, byvoorbeeld die rol van die vrou, is 'n interessante onderafdeling wat in die studie ingesluit word. Die vraag is: hoe sigbaar is die vrou en haar verwante strukture, byvoorbeeld hoenderhokke, varkhokke, groente- en blomtuine, op die werf? Die plasing van sodanige strukture, indien aanwesig, behoort ook insiggewend te wees ten opsigte van die status van 'n vrou op 'n werf en in die patriargale gemeenskap.

Gevolgtrekking

Dit is dus duidelik dat al hierdie genoemde aspekte 'n aktiewe rol gespeel het in die skepping en verandering van 'n werf deur tyd. Daar is dus inligting vasgevang in ou strukture en werwe. Dit kan ontsluit word deur te let op

die ruimtelike ordening van 'n werf en dit is duidelik dat 'n nedersetting veel meer is as blote strukture - dit is 'n vorm van kommunikasie in die landskap wat op verskeie vlakke werksaam is.




FIG.4 Die ligging van veeposstelsels en gemengde boerdery werwe in die westelike Overberg.

HOOFTUK V

ARGEOLOGIESE OPNAME VAN OVERBERG WERWE

Inleiding

Die hoofstuk behandel die argeologiese data wat ingewin is tydens die ondersoek van 'n aantal nedersettings, naamlik plaaswerwe, in die westelike Overberg. Die sosio-ekonomiese karakter en patronering van die plaaswerf word ontleed aan die hand van strukturele- en ruimtelike plasing studies en die voorkoms van die nedersettings in die kulturele landskap word ook as belangrik beskou. Dit word gekombineer met historiese data in die vorm van kaarte, diagramme, aktes, testamente en foto's. Dit moet gemeld word dat die fotostatiese afdrucke van materiaal in die Aktekantoor swak en soms onduidelik is.

DIE ONDERSOEK VAN VEEPOSNEDERSETTINGS: STERHUIS, BOTRIVIERPLAAS-1 EN FISANTEKRAAL-1

Inleiding

Die drie vindplase is geleë in die Grabouw-Villiersdorp-Botrivier omgewing (Fig. 4) van die westelike Overberg en




FIG.5 Diagram van die plaas Bosjesmanskloof en Sterhuis (Stellenbosch Quits 10/1-4).

kom voor in gebiede waar daar genoegsame roumateriale soos klip, dekriet, klei en water aanwesig was. Die vindplase is geleë in 'n heuwellandskap met 'n skalie substrata en bedek deur renosterveld. Dit is dus geskik vir veeweiding en dit is een van die redes waarom nedersetters daar gevestig het, want dit sou minder kapitaal geverg het as byvoorbeeld die beoefening van landbou. Die area waar Sterhuis voorkom was minder geskik vir landbou tydens die historiese periode. Eers vandag met moderne diepploeg metodes, is die area geskik vir onder andere vrugteboorde.

S T E R H U I S

Historiese Agtergrond

Die leningsplaas Bosjesmanskloof (Fig. 5) is in 1763 in lening uitgegee aan J.C. Clee (RLR 17/2). Tussen 1763 en 1770 is die grond geregistreer in die naam van J. Minnaar en in 1771 ontvang sy weduwee die grond in lening. In die testamente van J.C. Clee en J. Minnaar word daar geen melding gemaak van Bosjesmanskloof of enige bestaande strukture op die leengrond nie. Jan Minnaar was op die Bolandse plaas De Nieuwe Plantatie woonagtig en Bosjesmanskloof het moontlik, soos die gebruik was in die agtiende eeu, bloot gedien as 'n weiplaas. Vanaf 1783 tot 1791 is die plaas uitgegee in lening aan J. Roux (RLR 29). Hierna het dit in die besit van C.E. Ponty gekom. Sy




FIG.6 Werfuitleg van Sterhuis.

1993
Skaal 1:500
STERHUIS




FIG.6 Werfuitleg van Sterhuis.

1993
Skaal 1:500
STERHUIS

weduwee besit die plaas in volle eiendom teen 1832. Hierna kom dit in die besit van D.M. le Roux en teen 1889 word die plaas onderverdeel. In 1920 ontstaan die gebruik van die naam Sterhuis vir dié spesifieke deel van die oorspronklike plaas Bosjesmanskloof.

Die werf bestaan uit 'n aantal strukture wat, sover dit historiese funksie betref, herkenbaar is as 'n drievertrek huis, veekraal, waterput, 'n enkelvertrek struktuur waarvan die funksie onduidelik is en vullishope wat materiaal soos keramiek en glas bevat. Die toestand van bewaring van die kraalstruktuur is goed. Die ander strukture is in 'n vervalde toestand as gevolg van boomwortel-versteuring en sommige van die mure het ingestort weens die afwesigheid van 'n dak om beskerming teen die elemente te verleen. Die vernietiging van plantegroei in en rondom die strukture om dit meer toeganklik te maak, het ook bygedra tot die blootstelling van die strukture en gevolglike agteruitgang daarvan. Die probleem is tydelik oorbrug deur die stabilisering van die strukture deur die aanwending van kalkpleister op die areas waar dit nodig was.

Kraal

Die kaart (Fig. 6) van die werf toon dat die veekraal die dominante struktuur is. Dit is voor die woonhuis geleë en is van klip gebou wat daarop dui dat dit beslis 'n



FIG.7 Drievertrek woonhuis op Sterhuis.



FIG.8 Kraal.

permanente struktuur was en dat dit vir die oprigter daarvan definitiewe ekonomiese en moontlik sosiale waarde ingehou het. Die klippe is ingemessel met klei op so 'n wyse dat die platkante aan die buitekant is om sodoende 'n gelyke oppervlakte aan die buitekant van die struktuur te toon. Die klipmure is met kalkpleister bedek en die hele struktuur rus op 'n klipfondasie wat breër is as die mure en dus duidelik sigbaar is. Die kraal is in drie seksies verdeel en toon 'n aantal aanbouings wat deel uitmaak van die funksie van die struktuur naamlik die huisvesting van skape, beeste en perde. Geen tekens van 'n vloer, dakkonstruksie, of oorspronklike deure of hekke is gevind nie. Die oppervlakte van die struktuur is 587,76 m² en die muurbreedte is 550 mm en is ongeveer 2 m hoog op sommige plekke. Die mure vertoon massief as gevolg van die konstruksiemetodes waartoe klip hom verleen (Fig. 8). Dit is dus duidelik dat die kraal 'n belangrike struktuur op die werf was en dat dit veral wat arbeid betref, hoog in koste was om op te rig.

Woonhuis

Die woonhuis (Fig. 7) is naas die veekraal die grootste struktuur op die werf. Dit is van plaaslike klip gebou en rus soos die kraal ook op 'n klipfondasie. Die mure is met kalkpleister bedek. Geen tekens bestaan van die oorspronklike dakkonstruksie nie, buiten 56 handgemaakte spykers. Die oorspronklike deure, kosyne, vensters en vensterrame



FIG.9 Geel kleisteenvloer in die woonhuis, Sterhuis.



FIG.10 Vuurherd in die woonhuis, Sterhuis.

bestaan nie meer nie. Stukkies vensterglas is in die vloer en in die vullishope gevind wat daarop dui dat die huis wel oor glasvensters beskik het. Die vloer (Fig. 9) sowel as twee dwarsmure is blootgelê tydens opgrawings. Dit het getoon dat die huis uit drie vertrekke bestaan het. Die dwarsmure is van klip gebou aangesien daar in die boonste invullaag klippe voorgekom het, maar dit het nie staande gebly nie en slegs die fondasies is gevind. Die vloer is eenvoudig en is opgebou uit geel ongebakke kleistene wat op 'n rooi gruislaag rus. Die gruislaag het moontlik as 'n vogweerder gedien en ook 'n gelyke oppervlakte verskaf waarop die kleistene gepak is. Dit is waarskynlik dat 'n misvloer bo-oor die kleilaag aangebring is. Dit het egter nie tekens agtergelaat wat opgespoor kon word nie.

Die woonhuis het 'n binne vuurherd gehad (Fig. 10). Dit beteken die kombuis was deel van die huis en nie elders op die werf geleë soos in die geval van pioniershuise nie. Die vuurherd is 2,6 m lank en 1,0 m breed en is van kleistene gebou wat rus op 'n klipfondasie. Die ander twee vertrekke in die huis was moontlik 'n voorkamer en 'n slaapkamer. Die oppervlakte van die woonhuis is 62,40 m² en die muur is 550 mm breed.

Die voorkoms van die huis is konvensioneel in dié sin dat dit 'n algemene patroon is in die uitleg van eenvoudige wonings. Dit is 'n woning wat inpas by die landelike aard

van die streek teen die vroeë en middel neëntiende eeu. Alhoewel dit baie eenvoudig vertoon in vergelyking met Bolandse werwe, is dit nie 'n pioniershuis nie. Die huis is simmetries uitgelê en geen tekens van aanbouings is gevind nie. Die huis is moontlik permanent bewoon ten spyte van die oënskynlike lae digthede van artefakte wat die resultaat kan wees van 'n patroon van verspreide oppervlakafval.

Eenvertrek Struktuur

Die derde struktuur (Fig. 6) is op die grens van die werf opgerig. Dit is agter die woonhuis en die veekraal geleë en is op 'n baie kleiner skaal gebou as die ander strukture. Die bewaring van die struktuur is swak weens boomwortelversteuring en slegs die klipfondasies het behoue gebly.

Die mure was moontlik van kleistene gebou aangesien daar 'n aantal kleistene op die oppervlakte langs die struktuur aanwesig was. Geen tekens van muurhoogtes, dakkonstruksie, deure, kosyne, vensters of vensterrame is aanwesig nie. Die vloer was soortgelyk aan dié van die woonhuis. Daar kom wel 'n vuurherd voor wat 1,40 m² lank en 1,00 m² breed is. Die hele struktuur bestaan dus uit een vertrek waarvan die oppervlakte 21,56 m² is. Dit was moontlik 'n woning weens die aanwesigheid van die vuurherd en keramiek en glas wat in die deuropening gevind is.

Dit is duidelik dat die struktuur op 'n baie klein skaal gebou is en dat dit moontlik die huis van 'n plaaswerker was. Dit kan verder gekwalifiseer word deur die feit dat dit op die grens van die werf agter die huis en veekraal opgerig is soos die geval ook op ander plase is.

Put

Die waterput is teen die helling agter die woonhuis geleë. Die opening is omring deur groot gepakte klippe. Die put is onbesoedeld en lewer tans nog water, en gevolglik het die hoë watertafel enige verdere ondersoek belemmer.

KERAMIEK, GLAS EN METAAL

Afvalhope

Geen formele vullishoop kom voor by die werkershuis of die kraal nie, alhoewel daar keramiek en glasfragmente aanwesig is. Huishoudelike afval is nie in putte gestort soos in die geval van sommige dorpswerwe nie, maar is bloot oor die oppervlakte rondom die woonhuis gestrooi. Oppervlak erosie het later hierdie verspreide afval blootgelê. Weens swak bewaringstoestande het die organiese komponent van die huisafval verdwyn en is slegs keramiek en glas oor om inligting te verskaf oor die voorkeure van die inwoners.




FIG.11 Voorbeeld van masjienomlynde ware.



FIG.12 Voorbeeld van sponsversierde ware.



FIG.13 Voorbeeld van gekleurdeverplasingsdrukwerk.



FIG.14 Voorbeeld van die bekende Wilgepatroon.

Die keramiekversameling van Sterhuis was aanwesig in twee groot konsentrasies aan weerskante van die drievertrek huis. Die keramiek is fragmentaries en in sommige gevalle gebrand as gevolg van veldbrande.

Die versameling kan verdeel word in 36 skerwe Masjienomlynde of Handomlynde ware (Annular Ware) (Fig. 11) en een Masjienomlynde of Handomlynde ware kommetjie, drie skerwe Handgeverfde ware (Hand-painted Ware), 10 skerwe Sponsversierde ware (Sponge Ware) (Fig. 12), 13 skerwe gekleurde Verplasingdrukwark (Coloured Transfer Printed Ware) (Fig. 13), 21 skerwe Staffordshire Blou-en-Wit (Staffordshire Blue and White) met verskeie ontwerpe daarop, twee skerwe Vloei Blou ware (Flow Blue Ware), twee skerwe Wit Moduleer ware (White Moulded Ware), 57 skerwe Onversierde ware (Undecorated Ware), ses skerwe Wit ware (White Ware) en 22 skerwe met Blou-en-Wit Wilgerpatroon (Blue-and-White Willow Pattern) versiering (Fig. 14). Een skerf Chinese porselein met rooi bo-glasuur versiering kom voor. Die keramiek dateer tot die periode tussen 1820 en 1900. Slegs een skerf Steenwerk is aanwesig en is afkomstig van 'n neëntiende eeuse inpot.

Die glasversameling van Sterhuis bestaan uit 'n verskeidenheid van wynbottelglas, kosmetiese en medisinale glas. Die glas wat gevind is, bestaan uit een klein deursigtige glas aptekersbotteltjie, een deursigtige aptekersbottel met maataanwysings, 13 skerwe melkglas, sewe skerwe vensterglas,




FIG.15 Engelse swartglasbottelskop c.1820-1840.



FIG.16 Handvervaardigde spykers afkomstig uit die dakkonstruksie van die woonhuis.

11 skerwe donkerblou medisinale glas, een nek van 'n ligblou aptekersbottel, sewe skerwe ligblou medisinale glas, 10 skerwe liggroen deursigtige onidentifiseerbare glas, drie skerwe groen wynbottelglas, een deursigtige glas voetstuk, een olyfgroen wynbottelskop met vier skerwe wat daarby pas, en een Engelse swartglas bottelskop met vier skerwe wat daarby pas (Fig. 15). Die minimum aantal bottels aanwesig wat bereken kan word deur nekke en skoppe wat aanwesig is, is vyf. Die datering wissel tussen 1820 en 1840 in die geval van die swartglas (bierbottelglas), tot die huidige eeu. Die vensterglas wat aanwesig is, is modern.

Buiten keramiek en glas wat die grootste persentasie artefakte verteenwoordig, kom metaal ook in beperkte hoeveelhede in vindplase voor. Dit is egter nie in aansienlike hoeveelhede nie, juis omdat dit herbenut was. Die algemene toestand van die metaalware is swak weens korrosie en gevolglik is van die metaalartefakte onidentifiseerbaar. 'n Totaal van 56 spykers is in die afsetting by Sterhuis gevind (Fig. 16). Dit is afkomstig van die dakkonstruksie wat verrot en ingeval het. Die spykers wissel in lengte van 120 mm to 160 mm. Die spykerkoppe is erg verweer en dit is moeilik om die aantal fasette op die kop te bepaal. Die spykers is van yster en met die hand vervaardig.

Die datering van handvervaardigde spykers is problematies. Die spykerkoppe kan vir dateringsdoeleindes aangewend word








FIG.17 Diagram van Botrivierplaas teen 1839
(Stellebosch Quits 7-7).



neëntiende eeuse opstal



moderne hoenderhok



FIG.18 Werfuitleg van Botrivierplaas-1.

1993

Skaal 1:500

BOTRIVIERPLAAS-1

en dit gee 'n aanduiding van die funksie van die spyker. So byvoorbeeld is spykers met 'n kop met vyf fasette, rooskoppe genoem. Ander weer het L- of T-vormige koppe gehad en is in vloerkonstruksie gebruik. Teen 1794 is die eerste masjiengesnyde spykers vervaardig, maar die kop is nog met die hand monteer. Teen 1815 is die proses gemeganiseer en teen die middel van die neëntiende eeu het masjiene spykers uit staaldraad vervaardig (Ibid:254).

Die keramiek en glas wat aanwesig is, is oorwegend goedkoop ware. Keramiekpryse is bepaal deur die versiering daarop en in die geval van Sterhuis kom goedkoop wit of roomkleurige Onversierde ware, Wit ware, Sponsversierde ware en Masjienomlynde of Handomlynde ware voor. Wat glas betref, is dit eenvoudige vensterglas en neëntiende eeuse medisinale bottels wat die grootste deel van die versameling uitmaak. Die glas- en keramiekversameling is lae status ware en pas in by die konteks waarin dit gevind is.

B O T R I V I E R P L A A S - 1

Historiese Agtergrond

Die plaas is vernoem na die Botrivier wat voor die werf verbyloop. Botrivierplaas se geskrewe geskiedenis begin reeds teen 1708 toe F. Appel die grond in lening gekry het (RLR 1). Hy is opgevolg deur C.J. Visser (1730) (RLR 9/1),

A. van Dyk (1745) (RLR 14/1), J. de Kock (1745), A. van Dyk (1755) (RLR 14/1), weduwe van Dyk (1800), S. Marais (1805) en A.H. Gildenhuis (1806-1808). Na 1808 word die plaas in volle eiendom uitgegee (Caledon Plaasregister Nr. 473, 474, Stel. Quits Vol. 10(a) Fol. 6) en in 1838 word dit onderverdeel (Fig. 17). As gevolg van die onderverdeling bestaan daar vandag drie werwe op die oorspronklike plaas. Op die oudste werf toon die oorspronklike klipgebou neëntiende eeuse strukturele veranderinge en is vandag geïnkorporeer in 'n moderne plaaswerf.

Fase 1 Woonhuis

Die werf (Fig. 18) bestaan uit drie ontwikkelingsfases. Tydens die eerste fase is die kraal en die oorspronklike huis opgerig. Die huis was van plaaslike klip gebou en was moontlik 'n twee- of drievertrek struktuur. Tans bestaan daar geen aanduidings van dwarsmure nie, maar dit is moontlik die resultaat van die veranderinge wat daar later in die neëntiende eeu aan die werf en bestaande strukture aangebring is. Die huis is omskep in 'n skuur en 'n solderverdieping en spitsentgewels is bygevoeg in die proses. Die oorspronklike kliphuis het 'n oppervlakte van 123,87 m² beslaan en die muurbreedte is 500 mm. Die mure is ongepleister gelaat en die oorspronklike dak is met 'n moderne sinkdak vervang. Geen deure of vensters wat tot die oprigtingsfase dateer het behoue gebly nie en geen afvalhope



FIG.19 Die neëntiende euse opstal op Botrivierplaas-1.

of ander kulturele materiaal wat tot die eerste vestigingsperiode dateer is tydens die ondersoek gevind nie.

Fase 2 Woonhuis

Die neëntiende eeuse verandering van die oorspronklike huis na 'n buitegebou het gepaard gegaan met die oprigting van 'n nuwe woonhuis (Fig. 19). Dit is van roustene gebou en het 'n moderne sinkdak. Die oppervlakte van die struktuur is 128,35 m². Tans toon die huis laat neëntiende eeuse veranderinge in die vorm van nuwe deure en vensters en ook moderne aanbouings. Geen ander geboue, buiten die moderne skuur en hoenderhok word saam met die nuwe woonhuis aangetref nie en daar is ook geen argeologiese of historiese verwysings na ander buitegeboue op die werf nie. Tans bestaan daar 'n moderne werkershuis en werf wat interessant is in dié sin dat dit komponente bevat soos byvoorbeeld 'n huis, blomtuin en hoenderhok. Die werf is ook, soos die hoofwerf, afgebaken met 'n draadheining. Dit is 'n kopie van die werf en toon dus kontinuïteit in die wyse waarop 'n werf uitgelê word. Botrivierplaas-1 verteenwoordig dus 'n werf wat die dinamiese aard van 'n nedersetting goed uitbeeld tot selfs in die hede. Geen formele afvalhoop is op hierdie werwe teenwoordig nie en geen afleidings kan oor keramiek en glas gemaak word nie.




FIG.21 Werfuitleg van Fisantekraal-1.

1993

Skaal 1:500

FISANTEKRAAL-1



FIG.22 Die omgewing van die veepos op Fisantekraal-1. Let op die kraal en huis aan die linkerkant.



FIG.23 Die kliphuis en vuurherd.

F I S A N T E K R A A L - 1

Historiese Agtergrond

Die vindplaas is hoog op 'n heuwel geleë vanwaar die omliggende landskap duidelik sigbaar is (Fig. 22). Die bewaring van die werf is baie goed vanweë die droeë omgewing en die afwesigheid van bome en plantegroei wat die strukture kan versteur. Geen tekens van aanbouings kom voor nie, dus is die huis en kraal ook struktureel, soos Sterhuis, in die oorspronklike vorm.

Fisantekraal-1 is reeds voor 1741 as 'n leenplaas aan J. Malan uitgegee (Prins 1980:289). Dit is ook in lening gegee aan W. Victor in 1741, D.W. Malan in 1756 (RLR 14/2), Jan en Pieter Lombaard in 1762 (S.G.17), A. de Villiers in 1793 en in 1793 kry C.E. Ponty, wat Bosjesmanskloof ook besit het, die plaas in lening (Ibid). Na sy dood erf sy vrou die plaas en teen 1827 (Fig. 20) besit sy reeds die plaas in volle eiendom en word dit in die plaasregister geregistreer (Caledon Plaasregister Nr. 255, Stel. Quits Vol. 7 Fol. 47).

Kraal

Die werf (Fig. 21) is die eenvoudigste nedersettingspatroon wat voorgekom het tydens die ondersoek van Overberg werwe. Dit bestaan slegs uit 'n woonhuis en 'n veekraal. Die kraal is die grootste struktuur op die werf, maar interessant genoeg ook die grootste kraal wat voorgekom het op al die

werwe wat ondersoek is. Die kraal is soos in die geval van Sterhuis van klip gebou, maar dit is ook al ooreenkoms wat daar bestaan. Die mure is onafgepleister en geen tekens van oorspronklike deure, hekke of afskortings kom voor nie. Die oppervlakte van die struktuur is $746,20 \text{ m}^2$ en die muurbreedte is 900 mm.

Woonhuis

Die kaart toon dat die huis langs die kraal geleë is. Die huis is 'n eenvoudige tweevertrek struktuur wat slegs uit 'n kombuis en 'n slaapkamer bestaan. Die kombuis bevat 'n vuurherd wat 2,00 m lank en 1,50 m breed is. Die huis is soos die kraal van plaaslike klip gebou, is onafgepleister en rus op 'n klipfondasie (Fig. 23). Geen tekens van vensteropeninge, vensterrame, deuropeninge, kosyne of die dakkonstruksie het behoue gebly nie. Die oppervlakte van die huis is $40,50 \text{ m}^2$ en die mure is 550 mm breed. Daar is geen kulturele materiaal in samehang met die strukture gevind nie.

BESPREKING VAN DIE VEEPOSNEDERSETTINGSPATRONE

Sterhuis is as 'n veepos of eenvoudige tipe werf identifiseer op gronde van die strukture wat aanwesig is. Hierdie soort werf verteenwoordig 'n tipe landelike nederstelling wat opgerig is in die streek vanaf die agtiende eeu tot en met die middel van die neëntiende eeu, of dit verteenwoordig 'n veepos wat deel was van 'n hoë status sisteem wat sy wortels in die Boland gehad het.

Die dominante struktuur op die werf is die kraal wat dui op die veeteelt aspek van die landbou ekonomie wat aanwesig was. Die woonhuis is simmetries en funksioneel en klein in skaal, maar was arbeidsintensief om op te rig en is nie 'n pioniershuis nie. Pioniersargitektuur, soos verteenwoordig deur byvoorbeeld kapstylhuise en takkrale, het 'n lae sigbaarheid in die westelike Overberg weens die tydskaal en boumateriaal daarby betrokke.

Hoe dit ook al sy, Sterhuis is nie net 'n voorbeeld van 'n basiese nedersettingspatroon nie. Die eenvertrek struktuur skep 'n aantal vrae. Eerstens, as Sterhuis bloot as 'n veepos benut is in die agtiende en neëntiende eeu, dan word daar verwag dat die eienaar van sy slawe of werkers daar sou stasioneer. As daar slegs werkers aanwesig was op die werf, waarom dan twee strukture oprig om hulle te huisves? Moontlik het die werkers ook 'n klasseverdeling gehad. Die

ander moontlikheid is dat daar dalk 'n opsiener was wat toesig moes hou oor werkers en dat hy in die woonhuis gewoon het en dat die werkers òf in tydelike skuilings gewoon het òf dat hulle in die aanbousels langs die kraal en ook in die eenvertrek struktuur gevestig was. Geen tekens is egter gevind van enige tydelike skuilings of ander strukture op, of in die nabyheid van, die werf nie. 'n Ander moontlikheid is dat Sterhuis deel was van 'n groot veeposstelsel waar die werkers met die vee rondgetrek het tussen die veeposte en dan daar gewoon het en dat slegs 'n toesighouer by Sterhuis gewoon het en moontlik het die persoon 'n werker of bediende gehad wat in die eenvertrek struktuur tuisgegaan het.

Al die spekulasies dui daarop dat dit moeilik is om 'n spesifieke status aan die werf toe te skryf omdat die inwoners van die woonhuis onbekend is en omdat daar nie veel in materiële kultuurreste is om die woonhuis en eenvertrek struktuur te onderskei nie, buiten die grootte van die huis self nie. Dit is dus nie so eenvoudig om Sterhuis te interpreteer of te klassifiseer nie, want 'n toesighouer van 'n welgestelde Bolandse eienaar kon daar gewoon het of 'n minder welgestelde eienaar van die grond kon self daar gewoon het. Sterhuis kan dus in twee kategorieë val en daarom kan dit nie streng as 'n definitiewe klas geïnterpreteer word nie. Wat wel afgelei kan word is dat dit die basiese elemente van 'n veeposwerf bevat en dat dit, tesame met die kleinvondse aanwesig, verteenwoordigend is

van 'n eenvoudige lae status historiese nedersettingspatroon.

Soos in die geval van Sterhuis is dit moontlik dat die werf op Fisantekraal-1 slegs deel was van 'n veeposstelsel wat deur werkers of 'n opsiener bewoon is. Die werf is die eenvoudigste uitleg van al die werwe wat ondersoek is en hoewel dit eienskappe bevat van Sterhuis, verteenwoordig Sterhuis 'n meer gevorderde tipe van werfontwikkeling. Dit is moontlik dat Fisantekraal-1 se veepos deel was van die groter plaas naamlik Fisantekraal-2. Geen glas of keramiek is hier gevind nie en gevolglik kan daar nie uitgewei word oor hierdie aspek en die verband wat dit het in die status van die werf nie.

Botrivierplaas-1 toon verkeie fases van werfontwikkeling. Dit behels agtiende eeuse sowel as neëntiende eeuse argitektoniese elemente en het in uitleg en funksie van 'n veepos tot 'n werf met komplekse strukture ontwikkel. Die werf toon ook die dinamiese aard van 'n nedersetting met die veranderinge wat deur tyd plaasgevind het, maar toon ook 'n konserwatisme in uitlegbeginsel as daar na die plaas-arbeiderswerf verwys word wat geskoei is op die bloudruk van die ou werf. Die drie veeposstelsel werwe het dus uitlegbeginsels en die algemene funksie en voorkoms in gemeen.




FIG.25 Werfuitleg van Avontuur-1.

1993

Skaal 1:500

AVONTUUR-1

GEMENGDE BOERDERY WERWE: AVONTUUR-1, AVONTUUR-2,
BOTRIVIERPLAAS-2, DOORNRIVIER, EIKEHOF, FISANTEKRAAL-2 EN
MUIRTON

Inleiding

Hoër status werwe vorm 'n duidelike kontras met die lae status werwe wat in die landskap aanwesig is in terme van skaal en diversiteit van strukture. Hoër status werwe het relatief laat 'n verskyning gemaak in die Overberg landskap en reflekteer dus nie die formele Kaaps-Hollandse stereotipe voorkoms nie, maar eerder nedersettings gebou op 'n landelike skaal met 'n wisselwerking tussen ou Kaapse en Engelse stylelemente en tradisies van werfuitleg.

AVONTUUR - 1

Historiese Agtergrond

Beide plase is naby Botrivier geleë en is hoofsaaklik saai- en veeplase. Dit was oorspronklik een groot plaas, maar verskeie werwe het deur die tyd daarop ontwikkel as gevolg van onderverdeling. Avontuur-2 is moontlik die oorspronklike werf van die eerste groot plaas naamlik Avontuur.

Avontuur is as veeplaas toegeken aan M. Otto van 1730 tot 1740 (RLR 9/3). Dit is uitgegee onderskeidelik aan H.



FIG.26 Smidswinkel op Avontuur-1.



FIG.27 Rousteen werkershuis,Avontuur-1.



FIG.28 Werkershuis wat as stoor benut word.



FIG.29 Die kliphuis op Avontuur-1.



FIG.30 Eenvertrek werkershuis,Avontuur-1.

Gildenhuisen in 1746 (RLR 11/2) en 1781 (RLR 28/2) en in 1778 aan H.A. Vollenhoven. Teen die neëntiende eeu was dit reeds 'n volle eiendomsplaas en word dit teen 1833 (Fig. 24) in die plaasregister (Caledon Plaasregister Nr. 429, Stel. Quits Vol. 10 Fol. 68) aangeteken. Teen 1842 word die plaas onderverdeel. Vandag bestaan die plaas uit drie dele waarvan twee bekend is as Avontuur. Vandaar die onderverdeling in Avontuur-1 en Avontuur-2.

Woonhuis

Die kaart (Fig. 25) van die werf toon dat daar op Avontuur-1 twee werwe aanwesig is waarvan die oudste werf bestaan uit 'n woonhuis en 'n struktuur wat 'n perdestal, waenhuis en smidswinkel (Fig. 26) huisves. Die woonhuis is van roustene gebou, afgepleister en rus op 'n klipfondasie. Die oppervlakte is 104,50 m² en die muurbreedte is 460 mm. Dit was 'n drievertrek struktuur en het 'n stoep gehad. Die gebou is in 'n vervalde toestand en enkele oorspronklike houtvensterrame en luike kom voor. Die dakkonstruksie bestaan nie meer nie, maar was moontlik 'n rietdak of selfs later 'n sinkdak.

Werkershuise

'n Paar honderd meter agter die huis is daar twee werkershuise opgerig van roustene en behoort dit moontlik tot die ou werf (Fig. 27). Die huise rus op klipfondasies

en is afgepleister. Die dakkonstruksies is vervang en min voorbeelde van oorspronklike vensters en deure het behoue gebly. Die huise is onderskeidelik 'n eenvertrek struktuur en 'n drievertrek struktuur. Die oppervlakte is 18,00 m² en 37,72 m² en muurbreedtes is 500 mm. Tans word die strukture as store gebruik (Fig. 28).

Buitegeboue

Die buitegeboue wat aan die ou werf behoort is ook van roustene gebou, afgepleister en rus op klipfondasies. Die oorspronklike dak is vervang sowel as ou deure en vensters. Die oppervlakte van die smidswinkel is 22,00 m², dié van die waenhuis is 123,25 m² en die perdestal het 'n oppervlakte van 121,50 m². Die muurbreedte is 500 mm.

Nuwe Woonhuis

Die ou werf is herbenut en teen die draai van die eeu is 'n nuwe woonhuis (Fig. 29) opgerig. Dit is van afgewerkte klip gebou en het 'n sinkdak. Groot skuifraamvensters en gepaste deure kom voor. Die struktuur het ses vertreke en die oppervlakte van die huis is 151,48 m².

Buitegeboue

Saam met die nuwe woonhuis is daar 'n aantal moderne strukture opgerig naamlik drie stoorkamers, 'n hoenderhok en 'n werkershuis. Die werkershuis is van klip gebou, maar die

messelwerk is baie swak en dui daarop dat dit 'n latere toevoeging tot die werf was (Fig. 30). Die mure is onafgepleister en geen oorspronklike dakkonstruksies, vensters of deure het behoue gebly nie. Die oppervlakte van die struktuur is 37,72 m² en die muurbreedte is 500 mm.

'n Klipvarkhok met 'n oppervlakte van 29,21 m² is naby die huis geleë. Die mure is 500 mm breed en is onafgepleister gelaat. Geen oorspronklike hekke of deure bestaan meer nie.

KERAMIEK EN GLAS

Afvalhope

Buiten die varkhok is daar ook 'n vullishoop langs die huis. Die vullishoop bevat rommel wat oor die oppervlakte gestrooi is. Geen formele putte is vir dié doel gemaak nie en gevolglik is die gestrooide afval 'n mengsel van vroeë tot laat neëntiende eeuse en kulturele materiaal.

Die versameling afkomstig van die vindplaas bestaan uit vier stukke Chinese porselein wat deel is van 'n gemmerpot en een skerf wat Noord-Chinese porselein is. Die datering van die gemmerpot is c.1800 en die een skerf blou-en-wit Noord-Chinese tafelware dateer tot die agtiende eeu. Die Engelse erdeware bestaan uit drie skerwe Masjienomlynde of Handomlynde ware, vier skerwe Sponsversierde ware, 11 skerwe

gekleurde Verplasingdrukwark, 12 skerwe Staffordshire Blou-en-Wit, een skerf Vloei Blou ware, agt skerwe Wit Moduleer ware, 91 skerwe Onversierde ware, 86 skerwe Wit ware en vier skerwe met die Wilgerpatroon as versiering. Die Engelse erdeware dateer tussen 1800 en 1900. Slegs een skerf Steenwerk is in die vindplaas gevind.

Goedkoop ware soos Sponsversierde ware en Masjienomlynde of Handomlynde ware is in klein hoeveelhede aanwesig. Onversierde ware, Wit ware en Staffordshire Blou-en-Wit is die klasse wat die beste verteenwoordig word. Vloei Blou ware is swak verteenwoordig. Dus is die keramiek wat aanwesig is hoofsaaklik alledaagse, goedkoop gebruiksartikels.

Die glasversameling bestaan uit vyf skerwe ligblou medisinale glas, 16 skerwe mineraalwaterbotteltjies, ses skerwe donkerblou medisinale glas, 10 skerwe wit gepersde glas, twee skerwe liggroen gepersde glas, drie skerwe groen wynbottelglas, 15 skerwe vensterglas en ses skerwe onidentifiseerbare glas. 'n Minimum aantal glasvoorwerpe aanwesig kan nie bepaal word nie aangesien geen voetstukke, nekke of skoppe gevind is nie. Die glas verteenwoordig die periode aan die einde van die neëntiende eeu en begin van die huidige eeu. Soos in die geval van die keramiek verteenwoordig die glas goedkoop medisinale- en wynbottelglas.




FIG.31 Werfuitleg van Avontuur-2.

1993
Skaal 1:500
AVONTUUR-2



FIG.32 T-plan van opstal op Avontuur-2.



FIG.33 Vooraansig van opstal op Avontuur-2



FIG.34 Die liniêre plasing van die wynkelder, skuur, perdestalle, melkstal en waenhuis in verhouding met die opstal.



FIG.35 Klipvarkhok agter die opstal.

AVONTUUR - 2

Historiese Agtergrond

Avontuur-2 was oorspronklik uitgegee in 1730 (RLR 9/3) aan Otto, waarna dit toegeken is aan Gildenhuisen in 1746 (RLR 11/2) en in 1778 aan H.A. Vollenhoven (RLR 28/2). Teen die neëntiende eeu was hierdie plaas reeds in volle eiendom geregistreer in die Caledon Plaasregister (Nr. 429 Stel. Quits Vol. 10 Fol. 68). Wanneer die woonhuis en sommige buitegeboue se konstruksies en muurbreedtes beoordeel word, blyk dit dat hierdie agtiende eeuse konstruksies was en moontlik die oorspronklike werf verteenwoordig. Dit blyk 'n werf op 'n groter skaal te wees met moontlik ook meer tekens van welvaart sigbaar in die groot opstal, gewels en groot buitegeboue. Die kaart (Fig. 31) toon ook dat 'n oop ruimte omsluit word deur die huis en buitegeboue. Dit is duidelik 'n gemengde boerdery werf.

Woonhuis

Die woonhuis (Fig. 32) is 'n T-vormige konstruksie wat kenmerkend is van Overberg opstalle volgens Prins (1983:209). Die klassieke uitleg van so 'n huis is twee slaapkamers aan beide kante van 'n voorkamer en 'n kombuis aan die agterkant daarvan. Die huis is van roustene gebou op 'n klipfondasie en is afgepleister. Die dak is van sink (Fig. 33) en 'n solderverdieping met spitsentgewels kom voor sowel as 'n aantal oorspronklike vensters en deure. Die



FIG.36 Moderne hoenderhok vasgebou aan ouer klipstruktuur, Avontuur-2.

oppervlakte van die struktuur is 589,94 m² en die muurbreedte is 550 mm.

Buitegeboue

'n Aantal gespesialiseerde buitegeboue is op die werf aanwesig en dit blyk asof daar 'n mate van formele uitleg aanwesig was voordat slooping en ander strukturele veranderinge die prentjie verduister het. Twee lang strukture in lyn met die woonhuis (liniêre plasing) (Fig. 34) wat vandag as skure benut word, het met die verloop van tyd verskeie funksies gehad en strukturele veranderinge beleef. Die skuur direk langs die huis was aanvanklik 'n wynkelder, volgens die huidige eienaar. Die mure is opgeklei en afgepleister en rus op 'n klipfondasie. Dit het 'n solderverdieping met skoorsteenentgewels, sowel as tekens van 'n spaansrietsolder met 'n brandsolder daaroor aangewend. Geen tekens van ou vensters of deure bestaan meer nie en dit is moeilik om die funksie van 'n wynkelder daaraan toe te skryf. Die agterste gedeelte van die wynkelder is as 'n kalwerhok gebruik. Die hele struktuur beslaan 'n oppervlakte van 82,40 m² en die muurbreedte is 600 mm.

In lyn met eersgenoemde skuur is daar 'n tweede gebou wat volgens die eienaar die melkstal, perdestal, waenhuis en smidswinkel gehuisves het. Die mure is opgeklei, 600 mm

breed en afgepleister. Die gedeelte naby die eerste skuur was aanvanklik die melkstal en perdestal. Agter in die gebou was daar die waenhuis en die smidswinkel wat deel was van die waenhuis. Die oppervlakte van die waenhuis is 134,28 m². Die melkstal en perdestal het 'n oppervlakte van 96,42 m². Die struktuur het 'n solderverdieping, soldertrap en spitsentgewels.

Buiten hierdie buitegeboue is daar ook nog 'n klipvarkhok (Fig. 35) agter die woonhuis. Die varkhok is onafgepleister en beslaan 'n oppervlakte van 64,35 m². Die mure is 600 mm breed en geen oorspronklike dakkonstruksie, afskortings, hekke of deure word aangetref nie. Langs die varkhok was daar 'n klipkraal wat gesloop is. Agter die huis is daar 'n hoenderhok van klip (Fig. 36). Dit is 'n ongewone konstruksie wat bestaan uit 'n lang muur met twee strukture aan die punte. Die lang onafgepleisterde muur van die struktuur is 17,90 m lank en is 500 mm breed. Geen oorspronklike dakkonstruksie of deure bestaan nie. Tekens van 'n dorsvloer bestaan agter die huis. 'n Kamp het voor die huis voorgekom. Die kampmuur staan nog op plekke en was van klei met 'n klipfondasie. Die muurbreedte is 450 mm en die muur is onafgepleister gelaat. 'n Klipstoor kom voor langs die varkhok en dit het 'n oppervlakte van 38,88 m². Dit is onafgepleister en het 'n moderne dak en deur.

KERAMIEK EN GLAS


Afvalhoop

Daar kom 'n vullishoop langs die huis voor. Geen formele putte is vir afval gegrawe nie en rommel is oor die oppervlakte gestrooi en soos in die geval van Avontuur-1 het vermenging van materiaal deur tyd plaasgevind.

Die keramiekversameling bestaan uit een skerf Chinese porselein met die Kylin draakmotief as versiering. Die Engelse erdeware bestaan uit 25 stukke Masjienomlynde of Handomlynde ware, drie skerwe Handversierde ware, nege skerwe Sponsversierde ware, 43 skerwe gekleurde Verplasingsdrukwark, 60 skerwe Staffordshire Blou-en-Wit, vyf skerwe Vloei Blou ware, 109 skerwe Onversierde ware, 102 skerwe met Wilgerpatroon versiering en 59 skerwe Wit ware. Die agt skerwe Steenwerk wat aanwesig is, is afkomstig van 'n neëntiende eeuse inpot. Die datering van die Chinese porselein is teen 1750 en die Engelse erdeware tussen 1800 en 1900.

Onversierde ware, Staffordshire Blou-en-Wit en die ware met die Wilgerpatroon versiering is die beste verteenwoordig. Gekleurde Verplasingsdrukwark en Masjienomlynde of Handomlynde ware volg daarna en Vloei Blou ware is swak verteenwoordig. Die grootste persentasie van die versameling bestaan dus uit goedkoop gebruiksartikels.

Die glasversameling bevat 3 skerwe wit gepersde glas, een skerf blou gepersde glas, een nek van 'n ligteblou medisinale bottel, vier skerwe groen wynbottelglas, een skerf ligpienk onidentifiseerbare glas, een Engelse swartglas bottelskop met twee skerwe wat daarby hoort, vier skerwe wit kosmetiese glas, nege skerwe deursigtige onidentifiseerbare glas, 14 skerwe olyfgroen wynbottelglas, 11 skerwe mineraalwaterbottelglas, drie skerwe donkerblou medisinale glas en vier skerwe ligblou medisinale glas. 'n Minimum aantal van twee bottels is bereken op gronde van die aanwesigheid van 'n nek en 'n skop. Die periode wat deur die glas verteenwoordig word is vanaf 1820 tot na 1900. Die glasversameling weerspieël dieselfde patroon as die keramiekversameling.



1993

Skaal 1:500

FIG.37 Werfuitleg van Botrivierplaas-2.

BOTRIVIERPLAAS-2



FIG.38 Opstal op Botrivierplaas-2.



FIG.39 Die melkstal en moderne hoenderhokke, Botrivierplaas-2.

B O T R I V I E R P L A A S - 2

Historiese Agtergrond

Die historiese ontwikkeling en ligging van Botrivierplaas-2 is dieselfde as dié van Botrivierplaas-1 en is reeds bespreek. Die werf van Botrivierplaas-2 is ontwikkel, maar op 'n klein en kompakte skaal uitgelê met die klem wat val op beeste, hoenders en perde.

Woonhuis

Die kaart van die werf (Fig. 37) toon 'n woonhuis met tekens van argitektoniese veranderinge en daar blyk geen oorspronklike vensters en deure te wees nie. Die huis (Fig. 38) is gebou van roustene, rus op 'n klipfondasie en die mure is afgepleister. Die oppervlakte van die huis is 534,28 m². Die struktuur dateer volgens ou kaarte tot die periode na 1832 (Stel. Quits 10/6).

Buitegeboue

Die buitegeboue op die werf (Fig. 39) bestaan uit 'n melkstal, hoenderhok, stoorkamers, perdestal en 'n tuiekamer. Die melkstal, stoorkamers en hoenderhok is een groot kompleks, gebou van roustene en rus op 'n klipfondasie. Die mure is afgepleister en is 500 mm breed. 'n Solderverdieping met spitsentgewels kom voor. Die dakkonstruksie is vervang, maar 'n aantal oorspronklike deure en vensters

kom voor. Die oppervlakte van die melkstal is 71,95 m² en dié van die hoenderhok is 43,94 m². Die perdestal en tuiekamer is een gebou en die oppervlakte is 54,50 m². Die mure is 500 mm breed en die dak, deure en vensters is vervang. Die struktuur is van roostene, onafgepleister en rus op 'n klipfondasie. Geen vullishoop is gevind op die werf nie en daar kan dus geen afleidings oor die keramiek- en glasversamelings gemaak word nie.




FIG.40 Werfuitleg van Doornrivier.

1993
Skaal 1:500

DOORNRIVIER




FIG. 41 Diagram van Doornrivier teen 1831 (Worcester Quits 4-36).

DOORN R I V I E R

Historiese Agtergrond

Doornrivier is tussen Villiersdorp en Worcester geleë. Die werf (Fig. 40) is op 'n klein skaal en kompak uitgelê. Die strukture se voorkoms is formeel met gewels en vertoon soos 'n stereotipe Kaaps-Hollandse werf, maar op 'n landelike skaal. 'n Aantal gespesialiseerde geboue word aangetref, maar die middelpunt is duidelik die woonhuis.

Doornrivier is reeds voor 1730 in lening uitgegee. Teen 1730 verkry ene Debits die grond in lening (RLR 9/1), waarna dit aan B. van Biljon oorgedra word (RLR 8/1, RLR 7/1). Teen 1731 word die grond toegeken aan J. de Wet (RLR 9/27), 1744 aan Cloete (RLR 11/1), J. Viljoen in 1748 (RLR 11/2), J. Gildenhuysen in 1760 (RLR 16/1), M. la Grange in 1763 (RLR 18/1), N. Ryk in 1764 (RLR 18/2), en vanaf 1781-1782 is die eienaar onbekend (RLR 28/2). Na hierdie periode kom die grond in besit van 'n van der Merwe, wat ook die bouer van die gewelhuis was. Teen 1790 is die huis voltooi. Burchell was 'n bekende reisiger wat hier aangedoen en 'n beskrywing van die eienaar en sy wyn, nagelaat het (Burchell 1824:122). Teen 1831 (Fig. 41) is die plaas reeds in volle eiendom besit en in die plaasregister aangeteken (Worcester Plaasregister Nr. 546, Worc. Quits Vol. 4 Fol. 36).



FIG.42 Die agtiende eeuse opstal op Doornrivier.



FIG.43 Die meulhuis en smidswinkel.

'n Aantal geboue byvoorbeeld 'n perdestal, waenhuis, hoenderhok, wynkelder, dorsvloer en kamp is gesloop. Volgens oorlewing was daar ook 'n huis wat afgebreek is en wat as die oorspronklike woonhuis gedien het terwyl die 1790 huis in aanbou was. Vandag bestaan die werf uit 'n huis, koeistal, perdestal, meulhuis en 'n klipkraal.

Woonhuis

Die kaart van die werf toon 'n woonhuis wat van roustene gebou is, afgepleister is en wat op 'n klipfondasie rus. Die huis het 'n tipiese landelike T-vorm en die meegaande uitleg naamlik twee slaapkamers aan weerskante van 'n voorkamer en 'n kombuis agter die voorkamer (De Bosdari 1964:19). Die huis (Fig. 42) het 'n solderverdieping, formele middelgewel, entgewels en 'n rietdak. Die tuin voor die huis word deur 'n muur omsluit en het 'n oppervlakte van 282,24 m². Die oppervlakte van die huis is 627,52 m² en die breedte van die mure is 700 mm.

Buitegeboue

Die buitegeboue is tans informeel gerangskik op die werf. Dit is die resultaat van veranderinge en sloping van strukture. Die meul en meulhuis (Fig. 43) vorm 'n eenheid en het 'n oppervlakte van 77,35 m². Die muurbreedte is 600 mm. Die mure is van roustene gebou, is afgepleister en rus



FIG.44 Die klipkraal op Doornrivier.



FIG.45 Koeistal langs die kraal.

op 'n klipfondasie. Die oorspronklike meul, vensters en deure kom voor. Die dak is vervang met 'n sinkdak. Die smidswinkel was in die meulhuis gehuisves. Langs die meul is daar die perdestal. Dit is van roustene gebou, afgepleister en het 'n sinkdak. Dit het 'n oppervlakte van 83,95 m² en die muurbreedte is 600 mm. 'n Klipkraal (Fig. 44) kom op die werf voor. Die klippe is met klei vasgepak, maar is nie afgepleister nie. Die struktuur het 'n oppervlakte van 309,62 m² en die muurbreedte is 650 mm. Geen oorspronklike afskortings, hekke of deure word aangetref nie. Vasgebou aan die kraal is die koeistal (Fig. 45). Dit is van roustene, afgepleister en rus op 'n klipfondasie. Die oppervlakte is 57,23 m² en daar is twee oorspronklike deure in die gebou. Die dakkonstruksie is vervang.

KERAMIEK EN GLAS

Kulturele materiaal bestaande uit glas en keramiek is in twee areas langs die woonhuis en langs die meul gestort, maar is intensief versteur deur slopingswerk en aanbouings.

Die versameling van die vindplaas is onvolledig ten opsigte van die Engelse erdeware aangesien dit nie versamel is tydens die ondersoek nie, maar volgens visuele indrukke opgedoen tydens die ondersoek van die werf het dit geblyk dat die duurder klasse goed verteenwoordig is. Wat opgeval




FIG.46 Skerwe van 'n polichroom vaas gevind by Doornrivier.








FIG.47 Samestelling van Eikehof uit die restante van De Breederivier en Onderplaat.

1993

Skaal 1:500

EIKEHOF



ringmuur

FIG.48 Werfuitleg van Eikehof.

het was die aanwesigheid van growwe Suid-Chinese Provinsiale ware sowel as die teenwoordigheid van uitstalware wat moontlik 'n vaas was. Die vaas dateer tot die einde van die agtiende eeu of vroeë neëntiende eeu en het polichroom onderglasuur versierings in blou en rooi (Fig. 46). Geen glas is ondersoek nie. Die werf verteenwoordig 'n stereotipe Kaaps-Hollandse werf, alhoewel op 'n landelike skaal, en die keramiek aanwesig bevestig hierdie hoë status van die werf.

E I K E H O F

Historiese Agtergrond

Eikehof is in dieselfde area geleë as Doornrivier en bestaan uit die restante (Fig. 47) van die plase De Breederivier, De Koppen en Onderplaas (Worcester Plaasregister Nr. 632 Worc. Quits Vol. 7 Fol. 7). Eikehof deel dus 'n geskiedenis met elk van genoemde plase.

Woonhuis


Die kaart (Fig. 48) toon 'n werf wat bestaan uit 'n aantal gespesialiseerde geboue wat kompak en op 'n klein skaal opgerig is. Die woonhuis was aanvanklik 'n langhuis met 'n stal vasgebou aan die regterpunt. Die huidige eienaar het die huis gerestoureer en die stal is verwyder in die proses.

Die huis is van roustene gebou, afgepleister en rus op 'n klipfondasie. Die dak is met riet gedek en het twee wolfente en 'n wolfneus middelgewel met 'n datum van 1878 daarop aangebring. 'n Solderverdieping kom voor. Die oorspronklike deure en vensters is vervang en aansienlike aanbouings is aan die agterkant van die huis gedoen. Die oppervlakte is 180,50 m² en die muurbreedte is 450 mm.

Buitegeboue

Die buitegeboue is in lyn met die opstal en toon 'n verskeidenheid funksies. Die kraal is van klip gebou en het 'n oppervlakte van 251,64 m². Die mure is afgepleister (met moderne sementpleister) en is 400 mm breed. Geen oorspronklike afskortings, deure of hekke bestaan nie. Die hoenderhok is agter die woonhuis geleë en beslaan 'n oppervlakte van 36,90 m². Die mure is van roustene, rus op 'n klipfondasie en is afgepleister. Die muurbreedte is 400 mm. Binne-in die hoenderhokke is daar ingeboude neste in die muur wat elk 750 mm uitmekaar gerangskik is. Langs die hoenderhok is daar 'n vleiskamer. Die struktuur is van roustene gebou en rus op 'n klipfondasie. Die mure is afgepleister en die dak en deur is vervang. Die oppervlakte is 29,49 m² en die muurbreedte is 400 mm.

In lyn met die huis is daar 'n kelder. Dit word tans as 'n waenhuis gebruik. Die oppervlakte van die gebou is 861,00



1993

Skaal 1:500

FISANTEKRAAL-2

FIG.49 Werfuitleg van Fisantekraal-2.



FIG.50 Opstal op Fisantekraal-2.



FIG.51 Die opstal,skuur en koeistal/
perdestal

m² en die mure is 500 mm breed. Dit is van roustene gebou, afgepleister en rus op 'n klipfondasie. Die dak is vervang, maar oorspronklike deure en vensters kom voor. Voor die huis en kelder strek daar 'n ringmuur wat 100 m lank is en wat deel was van 'n meer omvattende ringmuur rondom die werf. Dit is van roustene, is afgepleister en rus op 'n fondasie van klippe. Die vullishoop was voor die kelder geleë, maar is intussen verwyder en was dus nie vir ondersoek toeganklik nie.

F I S A N T E K R A A L - 2

Historiese Agtergrond

Fisantekraal-2 is geleë tussen Vyeboom en Botrivier en deel dieselfde ligging en geskiedenis met Fisantekraal-1, wat reeds bespreek is.

Woonhuis

Die kaart van die werf (Fig. 49) toon dat dit bestaan uit 'n aantal gespesialiseerde strukture wat oor 'n groot area versprei is. Die woonhuis toon verskeie fases van konstruksie en van konstruksiemateriale. Die mure van die huis is oorwegend van roustene gebou, is afgepleister en rus op 'n klipfondasie, maar daar is ook dele wat ouer is as die res en wat van skalieklip gebou is (Fig. 50). Die dak en



FIG.52 Die koeistal/perdestal.



FIG.53 Klipvarkhok op Fisantekraal-2.

sommige van die vensters toon tipiese vroeë en laat neëntiende eeuse kenmerke. Baie van die deure en vensters is met moderne materiale vervang. Die oppervlakte van die huis is 400,61 m². Dit is moontlik dat 'n deel van die huis en die klipskuur net langs die huis (sien kaart), die eerste ou werf verteenwoordig het. Dit is ook moontlik dat die voor- en agterkant van die huis plekke gewissel het deur die tye.

Buitegeboue

'n Aantal buitegeboue (Fig. 51) kom op die werf voor. Naby die woonhuis is daar 'n skalie-klipskuur wat moontlik uit die agtiende eeu dateer. Die dak is vervang en geen ou deure en vensters het behoue gebly nie. Die mure is afgepleister en is 670 mm breed. Die oppervlakte van die skuur is 141,20 m². Langs die skuur is daar 'n koeistal (Fig. 52). Volgens die eienaar is dit aanvanklik as 'n perdestal gebruik. Dit is van roustene gebou, is afgepleister en rus op 'n klipfondasie. Die mure is 600 mm breed en die oppervlakte is 79,12 m². Die dak, deure en vensters is vervang. Varkhokke (Fig. 53) van klip kom 'n ent weg van die huis af voor. Die oppervlakte is 88 m² en die muurbreedte is 400 mm. Die mure is nie afgepleister nie en geen oorspronklike dakke, deure of hekke kom voor nie.



FIG.54 Die waenhuis.

Nie ver van die varkhokke af nie is daar 'n waenhuis (Fig. 54). Dit is gebou van roustene, is afgepleister en rus op 'n klipfondasie. Die dak en deure bestaan nie meer nie. Die oppervlakte van die struktuur is 125,97 m² en die breedte van die mure is 450 mm. 'n Skaapkraal en dipgat kom ook voor. Dit is van klip gebou en onafgepleister gelaat. Die oppervlakte is 185,74 m² en die mure is 500 mm breed. Geen oorspronklike afskortings, hekke of deure kom voor nie. 'n Wolwehok kom voor waarvan die oppervlakte 4,00 m² en die muurbreedte 500 mm is. Dit is van klip gebou en is onafgepleister gelaat.

KERAMIEK EN GLAS

Geen formele afvalhoop is gevind nie. Slegs 'n paar keramiekskerwe het op die oppervlakte langs die huis voorgekom. Die keramiekversameling afkomstig van die vindplaas bestaan slegs uit twee skerwe gekleurde Verplasingsdrukwerk, drie skerwe Staffordshire Blou-en-Wit, twee skerwe met Wilgerpatroon motiewe en een skerf Pêrelware (Pearl Ware). Die keramiek is goedkoop gebruiksartikels en dateer vanaf die vroeë tot laat neëntiende eeu. Geen glas is versamel nie en geen gevolgtrekking kan in dié verband gemaak word nie. Daar is wel 'n boedelinventaris gevind.

Boedelinventaris

In die boedelinventaris van weduwee Ponty (1832) (MOOC 7/1/115) word daar melding gemaak van die inhoud van 'n huis en ander bates op Fisantekraal-2. Die inhoud van die huis het bestaan uit twee tafels waarvan die een stukkend was, drie stukkende stoele, een broodmes, twee beddens, een matras en vier kussings, een kis, een kandelaar en snuiter, een strykyster, een rak, drie kookpote en een water halfaam. Ook plaasimplemente soos 'n handmeul, drie ploegskare, vier agterploegskare en vier koringharke word gemeld. Daar was ook 'n eg, een koevoet, vier belhamels, een beitel, 'n banksaag, 79 perde en 111 skape. Lewende hawe en implemente word nie onderskei in die inventaris nie. Dit is moontlik om van die meubels, implemente en vee af te lei dat die huis eenvoudig en funksioneel was en dat die klem op veeteelt en graanverbouing geval het.




FIG.55 Diagram van Treyntjesrivier(Muirton) (Stellenbosch Quits 10-22).









FIG.56 Werfuitleg van Muirton.

1993
 Skaal 1:500
 MUIRTON

M U I R T O N

Historiese Agtergrond

Muirton is geleë in die rûensveld tussen Caledon en Napier. Volgens historiese bronne was Muirton aanvanklik die leenplaas Treyntjiesrivier (Fig. 55), so vernoem na die rivier wat deur die plaas loop. Die plaas is in lening uitgegee aan M.J. de Kock vanaf 1798 tot 1803 (Prins 1980:297). Teen 1833 was dit reeds as 'n volle eiendomsplaas geregistreer (Caledonse Plaasregister Nr. 483, Swel. Quits Vol. 10 Fol. 22).

Die werf (Fig. 56) bestaan uit verskeie werwe binne een groot werf en word gekenmerk deur verskeie fases van bouwerk. Lugfoto's wat tot 1955 dateer en wat deur die eienaar voorsien is, toon (Fig. 57) 'n smidswinkel, perdestal, kraal en koeistal wat intussen gesloop is. 'n Groot aantal gespesialiseerde geboue kom op die werf voor. Versieringselemente is aanwesig en 'n verskeidenheid van konstruksiemetodes en materiale is gebruik.

Ou Woonhuis

As die kaart van die werf (Fig. 56) geraadpleeg word, toon dit dat die woonhuis wat tans in gebruik is, 'n neëntiende eeuse toevoeging tot die werf is. Langs die huidige opstal (Fig. 59) staan die oorspronklike huis wat moontlik uit die




FIG.57 1955 Lugfoto toon 'n koeistal,perdestal, kraal en smidswinkel agter die ou opstal. Dit is intussen gesloop.



FIG.58 Agtiende eeuse opstal op Muirton.
Let op die langhuis vorm.



FIG.59 Neëntiende eeuse opstal op Muirton.



FIG.60 Twee strukture wat die melkstal, kalwerhok en die skeerhok huisves.



FIG.61 Die vooraansig van die melkstal en die skeerhok.

laat agtiende eeu of selfs vroeë neëntiende eeu dateer (Fig. 58). Dit is 'n drievertrek struktuur en is van roustene gebou op 'n klipfondasie. Die mure is afgepleister en oorspronklike deure en vensters kom voor. Versierings-elemente in die vorm van ornamentele pleisterwerk kom voor rondom die vensters. Daar is 'n solderverdieping met spitsentgewels, 'n soldertrap en 'n stoep vooraan die huis. Die oppervlakte wat die huis beslaan is 125,55 m² en die muurbreedte is 700 mm.

Buitegeboue

'n Aantal buitegeboue gaan gepaard met die ou woonhuis. Voor die ou struktuur is daar twee geboue wat aanvanklik los van mekaar was, maar deur die toevoeging van 'n moderne skuur, verbind is. Die twee lang, smal geboue (Fig. 60) het aanvanklik 'n skeerhok en melkstal gehuisves, volgens die eienaar. Beide is gebou van roustene op 'n klipfondasie en is afgepleister. Die skeerhok en melkstal kom in een gebou voor en het 'n oppervlakte van 136,68 m². Die mure is 700 mm breed. Die oorspronklike dakkonstruksie is vervang. Die kalwerhok beslaan die tweede gebou en het 'n oppervlakte van 112,00 m² en die mure is 700 mm breed. Die oorspronklike dak is vervang, maar 'n aantal ou vensters kom voor in die struktuur. Solderverdiepings en spitsentgewels kom in beide gevalle voor (Fig. 61). Langs dié twee geboue is daar twee klipkrale. Die mure is onafgepleister en geen oorspronklike

hekke of deure kom voor nie. Die oppervlakte is onderskeidelik 78,10 m² en 296,78 m² en die muurbreedtes is 700 mm. Die ou woonhuis en dié twee buitegeboue verteenwoordig die oorspronklike agtiende eeuse werf. Dit is interessant om te sien dat daar 'n oop ruimte is tussen die huis en die buitegeboue.

Nuwe Woonhuis

Vroeg in die neëntiende eeu is 'n tweede opstal opgerig. Dit is in die vorm van 'n klein letter h en dit is moontlik dat dele van die huis ouer is as die res en moontlik tot vroeg in die neëntiende eeu dateer. Die agterste vleuel van die huis is moontlik ouer as die voorste deel aangesien dit laat agtiende eeuse of vroeg neëntiende eeuse argitektoniese kenmerke bevat. Oorspronklike vroeë en middel neëntiende eeuse vensters en deure kom voor. Die huis is gebou van roustene op 'n klipfondasie en is afgepleister. Die oppervlakte is 570,00 m². 'n Solderverdieping met 'n sinkdak kom voor, sowel as 'n stoep wat rondom die huis strek.

Werkershuise

Die werkershuise (Fig. 62) bestaan uit 'n eenvertrek struktuur en 'n drievvertrek struktuur. Die eenvertrek struktuur is gebou van klip en roustene en is afgepleister. Die dak, deur en vensters is vervang. Die oppervlakte is 16,79 m² en



FIG.62 Eenvertrek werkershuis.



FIG.63 Drievertrek werkershuis met tekens van strukturele verandering.



FIG.64 Die waenhuis.



FIG.65 Klipkampmuur.

KERAMIEK EN GLAS

Afvalhoop

Voor die nuwe opstal was daar 'n vullishoop wat intussen deur die eienaar verwyder is. Die versameling was egter beskikbaar vir bestudering.

Die keramiekklasse teenwoordig is moontlik beïnvloed deur die versteuring wat plaasgevind het. Die versameling bestaan uit vier skerwe Noord-Chinese porselein, 17 skerwe Masjienomlynde of Handomlynde ware, sewe skerwe Sponsversierde ware, 51 skerwe gekleurde Verplasingsdrukwerk, 58 skerwe Staffordshire Blou-en-Wit, twee skerwe Moduleer ware, twee Handgeverfde skerwe, een skerf Vloei Blou ware en 13 skerwe versier met die Wilgerpatroon. Steenwerk is afwesig, sowel as Onversierde ware en Wit ware. Vloei Blou ware is swak verteenwoordig. Die keramiek is oorwegend verteenwoordigend van die middel tot laat neëntiende eeu en bestaan hoofsaaklik uit goedkoop gebruiksartikels. Geen glas is teenwoordig nie en geen gevolgtrekking kan in dié verband gemaak word nie.

SAMEVATTING VAN GEMENGDE BOERDERY WERWE

Dit is duidelik uit die opname dat daar diversiteit bestaan in plaaswerwe in die westelike Overberg. Deur gebruik te

maak van 'n klassifikasie sisteem is daar twee tendense uitgeken naamlik die veeposstelsel, wat reeds genoem is, en die gemengde boerdery werf.

Die visuele indrukke van 'n gemengde boerdery werf laat die indruk van 'n groter aantal strukture aanwesig as die geval van 'n veeposnederstelling. Dit is deels die resultaat van boerderyaktiwiteite, maar kan ook toegeskryf word aan ander faktore soos byvoorbeeld sosiale en ekonomiese status. Spesialisasie (nie 'n kenmerk van 'n eenvoudige nederstelling nie) word by hierdie werwe uitgebeeld deur strukture wat vir 'n spesifieke doel geskep is. Geboue komplekse kom ook voor. As gevolg van die gemengde boerderyaktiwiteite kom daar dan byvoorbeeld perdestalle, melkstalle, skeerhokke, dipgange, tuiekamers, waenhuise, smidswinkels, kelders, hoenderhokke, varkhokke, krale, kampe, meule, dorsvloere, kafvloere, woonhuise en werkershuise voor. Dit weerspieël die intensifisering wat in die boerdery ingetree het en moontlik ook 'n verandering in die status van die eienaar.

Nie net die toename in struktuur getalle is aanduidend van 'n verandering op ekonomiese en sosiale gebied nie, maar ook die skaal daarvan. Daar is 'n duidelike toename in die omvang van buitegeboue en veral opstalle. Dit kan weereens herlei word tot 'n ekonomiese en sosiale status bewussyn wat na vore tree in hierdie tydvak en streek. Hierdie tendens

onderstreep die funksionele, maar ook duidelik ideologiese ondertoon van die uitleg en voorkoms van 'n werf.

Gemengde boerdery werwe leen homself ook tot spekulasies oor klas- en geslagsrolle in 'n landelike nedersetting. Dit is duidelik dat vrouens en werkers aanwesig is op hierdie werwe, maar op 'n afgeskaalde vlak. Die strukture wat verteenwoordigend is van hierdie groepe het 'n lae sigbaarheid wat tot hierdie gevoel bydra, maar dit kan misleidend wees aangesien hul invloed 'n veel groter omvang kan hê as wat strukture dit noodwendig verteenwoordig of uitbeeld. Die studies van gemengde boerdery werwe is dus interessant aangesien dit status, klas en geslagsgebondenheid uitbeeld op 'n landelike skaal. Gevolglik kan dit as 'n vergelyking dien vir die meer kosmopolitiese Boland werwe.

HOOFSTUK VI

'N NAASTE VOORWERP ANALISE
VAN WERWE IN DIE WESTELIKE
OVERBERG EN BOLAND

Inleiding

Die analise van ruimtelike patrone is 'n belangrike komponent van geografiese sowel as argeologiese studies. Die rede hiervoor is dat patrone beskou word as geometriese uitdrukkings van lokaliteitsteorieë (Haggett *et al.* 1977:414). Twee tipes tegnieke wat hier aangewend kan word, kan identifiseer word, naamlik die wat gebaseer is op oppervlaktes en die wat op afstande konsentreer (naaste voorwerp analise). Hierdie tegnieke kan ook toegepas word op plaaswerwe. Hierin word veral op die oppervlak van so 'n werf sowel as die ruimtelike verband tussen strukture gelet. Die resultaat word uitgedruk in terme soos reëlmatig (regular), willekeurig (random) en saamgegroepeer (clustered) nedersettings. Die Overbergwerwe wat ondersoek is, is almal tydens die navorsingsperiode identifiseer en gekarteer. Die Bolandwerwe berus op 'n willekeurige seleksie wat geografiese verspreiding betref, naamlik die Franschoekvallei en Simondium. Die uitleg van die werwe is van belang, aangesien dit die formele klasse, soos




FIG.66 Voorbeeld van paralelle uitleg(Walton 1989:40).




FIG.67 Voorbeeld van gesplete uitleg (Walton 1989:41).




FIG.68 Voorbeeld van gesplete uitleg (Walton 1989:41).




FIG.69 Voorbeeld van liniêre uitleg(Walton 1989:38).




FIG.70 Voorbeeld van ingeslote uitleg (Walton 1989:42).

voorgestel deur Walton (1989:37-42), verteenwoordig. Dit behels parallele (Boschendal Fig. 66), gesplete (Babylonstoren Fig. 67, Rhône Fig. 68), lineêre (Simonsvlei Fig. 69) en geslote (Hartebeestekraal Fig. 70) plaaswerwe. Slegs een formele Overbergwerf, nl. Hartebeestekraal, gebaseer op die klassifikasie van Walton, is by die studie betrek. Dit kan ook hier gemeld word dat hierdie werf 'n spesiale geval verteenwoordig en dat die formele uitleg daarvan en die feit dat dit in die Overberg aanwesig is, dit uitlig as 'n spesiale geval. Formele werwe is die uitsondering eerder as die reël in die Overberg. Vervolgens word daar gekyk na die implikasies van hierdie analise op 'n aantal Overbergse en Bolandse plaaswerwe.

METODE

'n Aantal probleme moes oorbrug word voordat die naaste-voorwerp analise toegepas kon word. Die eerste vraagstuk was hoe om die werfoppervlak te bepaal vir die gevalle waar daar geen ringmure was wat as 'n aanduiding van werfgrense gebruik kon word nie. Hierdie probleem is aangespreek deur 'n verbinding van die verste punte van strukture te maak en die afstande te meet met dien verstande dat dit subjektief is en dat daar voorsiening gemaak moes word vir 'n foutiewe interpretasie van werfoppervlaktes.

'n Tweede probleemarea het ontstaan rondom die vraag of 'n werf in sy geheel, met moderne strukture ingesluit, gemeet moet word. Die vraag het ook ontstaan of agtiende en neëntiende eeuse werwe op 'n moderne werf onderskei en afsonderlik gemeet moet word. Dit was egter nie moontlik nie aangesien daar 'n mate van oorvleueling by die meeste van die werwe in die verband is en ook omdat dit 'n verkeerde beeld kon skep aangesien die werwe dikwels 'n geskiedenis het van struktuurverandering, hergebruik sowel as slopingsprosedures. Dit sou 'n foutiewe monster beskikbaar stel wat onaanvaarbaar sou wees.

Die finale besluit was om die werf in sy totaliteit te neem, met outydse en moderne strukture en dit as 'n geheel te sien. Gevolglik is daar dus geen voorspellings of modelle wat vir tipiese agtiende eeuse of neëntiende eeuse werwe voorgehou word wat oppervlak of naaste voorwerpe betref nie. Dit moet ook beklemtoon word dat 'n totaal van 18 plaaswerwe nie verteenwoordigend is van twee streke nie. Die gedagte en doel van die analise is bloot net on lig te werp op nedersettings in 'n landelike konteks.

BESPREKING VAN 'N LINEERE AFSTAND-METODE VIR DIE BEOORDELING
VAN DISPERSIE IN PUNTPATRONE.

'n Geskikte metode is gebaseer op die bepaling van naaste-voorwerp afstande soos voorgestel deur Haggett *et al.* (1977:414). Vir 'n gegewe voorwerp X_1 is die naaste-voorwerp afstand die kleinste afstand wat X_1 skei van enige X_j in 'n plat vlak, vir $i \neq j$. In hierdie geval is X_j dus die naaste voorwerp aan X_1 , en die afstand D_{1j} is die naaste-voorwerp afstand vir X_1 . Vir al die punte wat in die vlak bestudeer moet word, kan 'n gemiddelde minimum afstand verkry word:

$$\bar{d}_n = 1/n(D_1+d_2+d_3\dots D_n)$$

wanneer D_i die minimum-voorwerp afstand vir voorwerp i is. Die gemiddelde minimum afstand moet vergelyk word met 'n minimum afstand wat verwag kan word vir 'n tipiese verspreiding.

Vir 'n Poisson tipe verspreiding, word 'n tipiese minimum-afstand verwag:

$$\bar{d}_E = 1/(2*\lambda^{1/2})$$

wanneer λ 'n digtheidsparameter voorstel,

$$\lambda = n/A$$

die aantal punte per eenheidsoppervlak.

Die verhouding:

$$D_1 = \frac{d_0}{d_E}$$

is dus 'n maatstaf van hoe die gemiddelde minimum afstand verskil van die verwagte minimum afstand.

Drie verwagte waardes vir D_1 kan dadelik afgelei word.


Indien die punte in die ondersoekveld ewekansig versprei is, is die gemiddelde d_0 gelyk aan die tipiese minimum afstand d_E vir 'n Poisson verpreiding, en is $D_1 = 1$.

Wanneer die punte by mekaar geleë is soos vir 'n versamelde sisteem, is dit duidelik dat $d_0 = 0$ en dus $D_1 = 0$. Neem as voorbeeld 4 punte wat in groepe van 2 bymekaar is. $d_{01-2} = 0$, $d_{02-1} = 0$, $d_{02-3} = 0$, $d_{03-2} = 0$. Dus is die punte 1-2 en 3-4 onderskeidelik naaste-voorwerpe met nul-afstand geskei.

Derdens is dit moontlik om D_1 vir 'n reëlmatig verspreide stel punte te bepaal. Neem die heksagonale figuur waarin punte met 'n horisontale afstand van 1.732 eenhede geplaas word.

Die naaste-voorwerp afstande is in elke geval $d_0 = 1$. Die area van die ondersoekveld van 27 voorwerpe is

$$\begin{aligned} A &= (3 * 3^{1/2}) * 4.5 \\ &= 5.196 * 4.5 \\ &= 23.38269 \end{aligned}$$



Uit die diagram volg dan

$$\begin{aligned}\lambda &= n/A \\ &= 27/A \\ &= 1.15470\end{aligned}$$

Hieruit volg



$$\begin{aligned}d_E &= 1/2/\lambda^{1/2} \\ &= 0.465302\end{aligned}$$

$$\begin{aligned}\text{Dus } D_1 &= 1/0.465302 \\ &= 2.14914\end{aligned}$$

Dus word 'n boonste grens vir D_1 vasgestel.

Daar moet opgelet word dat die area bereken is deur die gebied waarin die punte lê, te beskou as 'n gedeelte van 'n omvattende reëlmatige struktuur. Dit is dus nie voldoende om die area eenvoudig om die omvang van die betrokke punte af te baken nie.

Wanneer 'n stel punte beskikbaar is vir analise, moet die area waarin die punte voorkom met 'n sekere faktor korrigeer word.



Hier is die eerste area gekies as bloot die omvang van 8 punte. Die tweede area is die area waar 8 punte in die reëlmatige struktuur beslaan. Die verhouding van die areas is:

$$k = (25 * 25.98) / (20 * 17.32) \\ = 1.875$$

Dit is moontlik om 'n heksagonale struktuur te beskou en daarvandaan korreksiefaktore te bepaal.

TABEL 1: KORREKSIEFAKTORE

n	Area	Korrekte area	Faktor
1	0	0.433013	oneindig
2	0	1.29904	oneindig
3	0.86603	2.598076	3
4	1.73205	3.897114	2.250
5	2.59808	5.19615	2.0
6	3.46410	6.49519	1.8750
7	3.46410	6.49519	1.8750
8	3.46410	6.49519	1.8750
9	5.19625	9.0933	1.750
10	6.92320	10.8253	1.56363
11	6.92320	11.6913	1.69971
12	8.66025	12.99038	1.5
13	7.79423	12.99038	1.667
14	10.3923	15.15544	1.45833
15	9.52628	15.58846	1.63636

Die area vir 1 of 2 punte is 0, omdat dit dan 'n punt of 'n lyn voorstel. Dit is moontlik om ander waardes vir die area te bepaal deur 'n ander geometrie in die heksagonale struktuur te kies.

Byvoorbeeld is dit moontlik om vir 14 punte die alternatiewe waardes te kry:

14	8.485284	12.37437	1.45833
----	----------	----------	---------

Die faktor bly egter dieselfde. Daar moet opgelet word dat hierdie korreksie aanvaar dat die oppervlak van punte wat beoordeel word, oneindig klein is in vergelyking met die oppervlak van die totale waargenome vlak. Dit is sigbaar deurdat die korreksie vir 1 of 2 punte 'n faktor van oneindig bedra. Hierdie gevalle is in elk geval triviaal omdat daar nie sprake kan wees van analise vir slegs 1 of 2

punte nie. Die korreksiefaktor is slegs van belang vir 'n klein aantal punte. Wanneer die waarnemingsgebied 'n groot aantal punte bedra, is die faktor naby aan 1. Let op dat die faktor nie monotoon daal nie, maar ossilleer as gevolg van verskillende geometrie.

In die ondersoek na die 18 plaaswerwe is hierdie korreksiefaktore gebruik. Die korreksie was vir hierdie gevalle besonder geskik, aangesien die oppervlak van die werwe geneem is met voorwerpe op elke hoek.

RESULTATE

TABEL 2: PLAASOPPERVLAKTES

Naam	Area m ²	Skaal	Area eenhede ²
Avontuur 1	10644.3	500	42577.0
Avontuur 2	12704.6	500	50818.5
Botrivier 1	10657.9	500	42631.5
Botrivier 2	2938.3	500	11753.0
Doornrivier	4874.6	500	19498.2
Eikehof	13296.5	500	53186.0
Fisantekraal 1	2025.3	500	8101.0
Fisantekraal 2	14264.4	500	57057.7
Hartbeeskraal	21009.4	1875	5976.0
Muirton	28023.0	250	448368.0
Sterhuis	6203.5	500	24814.0
Babylonstoren	15097.9	1875	4294.5
Boschendal	9277.8	940	10500.0
Burgundy	7240.0	500	28960.0
Champagne	7554.0	500	30216.0
La Dauphine	5500.0	500	22000.0
Rhône	26184.4	1875	7448.0
Simonsvlei	30385.9	1875	8643.1

TABEL 3: NAASTE-VOORWERP ANALISE VAN PLASE

Naam	n	Area faktor	Korrekte area	Lambda	d0	de	D ₁
Avontuur 1	13	1.67	70933.3	1.83E-04	49.00	36.93	1.33
Avontuur 2	12	1.50	76227.8	1.57E-04	39.90	39.85	1.00
Botrivier 1	7	1.88	79934.1	8.76E-05	73.90	53.43	1.38
Botrivier 2	9	1.75	20567.8	4.38E-04	19.11	23.90	0.80
Doornrivier	7	1.88	36559.1	1.91E-04	36.90	36.13	1.02
Eikehof	11	1.69	89815.7	1.22E-04	31.40	45.18	0.69
Fisantekrl 1	2	oneindige korreksiefaktor - geen analise.					
Fisantekrl 2	8	1.88	106983.2	7.48E-05	70.38	57.82	1.22
Hartbeeskraal	8	1.88	11205.0	7.14E-04	21.25	18.71	1.14
Muirton	12	1.50	672552.0	1.78E-05	177.25	118.37	1.50
Sterhuis	4	2.25	55831.5	7.16E-05	118.00	59.07	2.00
Babylonstoren	7	1.88	8052.2	8.69E-04	16.43	16.96	0.97
Boschendal	13	1.67	17493.0	7.43E-04	23.00	18.34	1.25
Burgundy	7	1.88	54300.0	1.29E-04	65.43	44.04	1.49
Champagne	9	1.75	52878.0	1.70E-04	35.11	38.33	0.92
La Dauphine	7	1.88	41250.0	1.70E-04	31.14	38.38	0.81
Rhône	8	1.88	13965.0	5.73E-04	18.50	20.89	0.89
Simonsvlei	8	1.88	16205.8	4.94E-04	16.38	22.50	0.73

BEVINDING

Drie groepe plase is uit die resultate herkenbaar. Daar word gelet op waardes van D₁ wat

- 1) naastenby eenheid bedra,
- 2) merkbaar kleiner as 1 is,
- 3) groter as 1 (kleiner as die grens van 2.15) is.

Vir die plase Avontuur 1 en Avontuur 2, Botrivier 1, Doornrivier, Fisantekraal 2, Babylonstoren, Boschendal, Champagne (Fig. 71), Hartebeestekraal en Rhône wissel D₁ tussen 0.89 en 1.38. Hier is die geboue op die plaaswerf dus oorwegend versprei volgens 'n ewekansige patroon. Dit








FIG.71 Plan van die werf, Champagne (de Villiers 1992)



skaal 1:500

FIG.72 Plan van die werf, La Dauphine (de Villiers 1992)

Boelanc
ten op
oude
Dit
DEVOI



skaal 1:500

FIG.73 Plan van die werf, Burgundy (de Villiers 1992)

is interessant om te sien dat vier formele werwe, soos identifiseer deur Walton, in hierdie groep val, nl. Babylonstoren, Boschendal, Hartebeestekraal en Rhône.

Vir die plase Botrivier 2, Eikehof, La Dauphine (Fig. 72) en Simonsvlei wissel D_1 van 0.69 tot 0.80. D_1 is dus merkbaar kleiner as 1 en hier is sprake dat saamgroepering van geboue plaasgevind het.

Die oorblywende plase (Burgundy (Fig. 73), Muirton en Sterhuis) toon tekens van reëlmatige uitleg. D_1 wissel van 1.49 tot 2.0.

Slegs 2 punte op die werf van Fisantekraal 1 is geneem en gevolglik is geen beoordeling moontlik nie. Die ewekansige groep is gekies vir waardes van D_1 vir 0.89 tot 1.38, wat 'n sentrale versameling waardes in die Poisson-verspreide interval $[0, 2.149]$ voorstel. Dit is interessant dat dit ook die grootste groep voorstel.

GEVOLGTREKKING

Dit is duidelik uit bogenoemde analise dat daar geen duidelike nedersettingspatrone, ooreenkomste of verskille, ten opsigte van naaste voorwerp analise, in die Overberg- of Bolandwerwe voorkom nie. Dit wil voorkom of die verspreide

nedersettingspatroon meer aanwesig is, gevolg deur saamgegroepeerde en reëlmatige nedersettingspatrone.

Die moontlike verklarings vir hierdie patrone is problematies. In die geval van die grootste groep, naamlik die verspreide nedersettings, is daar ook geen korrelasie tussen werfoppervlakte en die naaste voorwerp nie. Die oorsaaklike analise van 'n verspreide patroon kan verklaar word aan die hand van die geskiedenis van 'n werf - histories en struktureel. Aangesien 'n lang tydskaal betrokke is by baie van die werwe, is dit te verwagte dat die werf groei soos wat strukture daarby gevoeg word. Dit dra moontlik by tot die verspreide aard daarvan.

Tydens die ondersoek is daar ook gelet op watter tipe struktuur die naaste aan die opstal voorkom om sodoende afleidings of voorspellings te maak oor 'n werf. Weereens was daar die probleem van keuses tussen 'n agtiende of neëntiende eeuse werfverdeling, wat baie subjektief sou wees, of om 'n bestaande werf in sy totaliteit te neem en dan gevolgtrekkings oor die naaste voorwerp aan die opstal te maak.

Laasgenoemde keuse is toegepas op Overbergwerwe en die willekeurig uitgesoekte Bolandwerwe. Die gevolgtrekking was dat daar geen definitiewe patroon is nie. By Bolandwerwe kom 'n kombinasie van stalle, woonkwartiere, waenhuse en

hoenderhokke die naaste aan die opstal voor. By die Overbergwerwe blyk dit moderne hoenderhokke, skure en store te wees. Daar is dus geen patroon in hierdie verband tussen die twee streke sigbaar nie en daar is ook geen patroon wat in 'n model aangewend kan word om voorspellings te maak van wat die naaste aan 'n opstal is en verwag kan word nie.

Ter afsluiting kan dit beklemtoon word dat die monster nie verteenwoordigend genoeg is van twee streke om definitiewe afleidings ten opsigte van naaste voorwerp analyses te staaf nie. Met 'n groter aantal nedersettings tot beskikking kan 'n toekomstige analise moontlik meer van pas en waardevol in dié verband wees. Dit is egter die aanvang van pogings om landelike nedersettings te oraliseer in kwantitatiewe terme en kan tot vele interressante studies in die toekoms lei.

HOOFSTUK VII

I N T E R P R E T A S I E V A N
 N E D E R S E T T I N G S P A T R O N E I N D I E
 O V E R B E R G K U L T U U R - L A N D S K A P

Inleiding

Die koloniale nedersettingsgeskiedenis van die streek neem 'n aanvang reeds vroeg in die sewentiende eeu met die veeruiltransaksies met die inheemse bevolking (Elphick 1977:138), die stigting van verskeie Kompanjie poste in die streek om in vee en hout te voorsien (Sleigh 1987:43-46) en later in die agtiende eeu vestig die eerste nedersetters vanuit die Boland in hierdie area. Die grondtoekenningsbeleid van die Kompanjie het ook 'n belangrike rol gespeel in die vorming en voorkoms van nedersettings in die landskap. Leenplase en kapitaalvermoëns sou dus die uitleg en verspreiding van werwe van die eerste veeboere en latere nedersetters beïnvloed.

Leenplase was geneig om 'n nie-permanente vestigingspatroon aan te moedig, alhoewel daar uitsonderlike gevalle is waar mense wel permanent daarop gewoon het. Omdat lisensiehouers dit slegs tydelik kon benut, het die houer, volgens Walton (1989:141), aanvanklik net eenvoudige, tydelike staanplekke opgerig wat verteenwoordig is deur takkrale, hutte,

kapstylhuise en hartbeeshuise wat kenmerkend is van die pioniersleefwyse en ekonomie.

Argeologiese materiaal uit hierdie periode (die agtiende eeu) is nie so duidelik sigbaar in die landskap soos byvoorbeeld dié van die neëntiende eeu nie, vanweë die tydskaal betrokke en die materiaal wat gebruik is, maar ook omdat hierdie studie nie vir meer as bloot die sigbare in die landskap gesoek het nie. Selfs ook in die Boland is dit nie so eenvoudig en maklik om ongeskonde pioniersmateriaal te bekom nie.

Mettertyd word 'n nuwe fase, naamlik permanente bewoning van leenplase, betree. Permanente werwe word opgerig uit meer duursame materiaal, byvoorbeeld klip. Dit is veral aangemoedig deur die erfpagstelsel wat in 1813 in werking getree het (Botha 1962:88). Wat demografiese eienskappe betref, verkeer die nedersetters in die Overberg tot laat in die neëntiende eeu in 'n toestand wat herinner aan die pioniersfase, veral wat bevolkingsdigtheid betref. Bevolkingsgetalle is laag en mense kom verspreid in losse groeperings in die landskap voor. Ook wat kapitaal betref verkeer hulle nog in 'n bestaansboerdery wat nie veel verskil het van die pioniersfase nie. Dus, al was die streek streng gesproke teen die laat agtiende eeu nie meer in 'n pioniersfase nie, is die bewyse in die landskap steeds

eenvoudig tot so laat as die 1840s weens ekonomiese en demografiese redes.

DIE EKONOMIESE EN SOSIALE IMPLIKASIE VAN LAE STATUS VEEPOSSTELSLS IN DIE OVERBERG

Inleiding

In die periode vanaf die agtiende eeu tot die middel van die nëntiende eeu, kom daar veeposstelselwerwe voor wat vanweë hul beeld die idee skep van 'n kapitaaltekort en dus word dit as laag in status en ontwikkeling beskou, wat natuurlik nie altyd die geval was nie aangesien dit deel kon vorm van 'n groter plaas. Dit is, soos in die pioniersfase die geval was, bloot 'n werk- en leefruimte wat bestaan uit 'n aantal lae koste en eenvoudige strukture soos krale en woonhuise. Dit moet egter in gedagte gehou word dat hierdie veeposstelsels 'n tweedoelige aard kon hê, naamlik dat dit die eiendom kon wees van 'n welgestelde Bolandse boer of 'n kapitaalarm nedersetter.

Krale

Krale is netjies en stewig gebou en die gevalle wat ondersoek is (alhoewel dit op 'n beperkte skaal was en nie as verteenwoordigend van 'n hele streek beskou kan word nie) is hoofsaaklik ongepleister gelaat en toon min spesialisasie in

die struktuur self. Slegs in 'n enkele geval, naamlik Sterhuis, kom daar in die kraal afskortings voor wat moontlik gedien het as skeiding tussen perde en vee.

Krale is groot arbeidsintensiewe eenhede om op te rig en dit wissel in oppervlakte tussen 587 m² en 746 m². Die oppervlakte van die kraal word bepaal deur die hoeveelheid vee wat daarin gehuisves word. Dit is duidelik dat voordat die wolbedryf op dreef gekom het, veral veeteelt en graanverbouing (Buirski 1952:84) die hoofkomponente van die landelike ekonomie in die Overberg was. Groenteverbouing, wingerde en vrugteboorde was ook aanwesig, sowel as varke en pluimvee (Buirski 1952:17,84), maar dit is duidelik dat hierdie bedrywe hoofsaaklik vir eie gebruik bedoel was en daarom nie permanente strukture gehad het wat dit op die werf verteenwoordig nie.

Geen versieringselemente soos ornamentele hekke of sierpleisterwerk kom voor nie. Dit beklemtoon die lae koste status van die struktuur. Uit die konstruksie blyk die kraal bloot 'n funksionele eenheid te wees. Die skaal en die plasing van die struktuur op die werf kan 'n leidraad inhou tot 'n meer verhewe interpretasie, naamlik dat dit 'n dominante, manlike terrein is wat dus nie net ekonomiese toestande uitbeeld nie, maar ook verteenwoordigend is van sosiale toestande soos byvoorbeeld die posisie van die man in die patriargale gemeenskap. Die alternatief is dat dit

bloot funksioneel is sodat 'n wakende oog oor die vee gehou kon word.

Woonhuise

Woonhuise is die tweede groep strukture wat op die werwe aanwesig is. Dit dui ook op die meer permanente benutting van die grond. Die huise is langwerpig met twee tot drie vertrekke in 'n ry langsmekaar gerangskik. Dit is duidelik dat die strukture eenvoudig was met slegs 'n leef- en slaapruimte. Huise blyk simmetriese vloerplanne en fasades te hê en die uitleg en voorkoms kan aan funksionele en ekonomiese faktore toegeskryf word. Dit is moontlik dat die drievertrek struktuur by Sterhuis vroeg in die neëntiende eeu opgerig is, aangesien kleinvondse aanwesig in die vloer daarop dui, en moontlik is die eenvertrek struktuur by Sterhuis in dieselfde periode of kort daarna opgerig. Geen *in situ* materiaal is in hierdie struktuur se vloer gevind nie, maar neëntiende eeuse porselein en glas is voor die deuropening gevind, wat 'n benaderde datum aan die struktuur verskaf.

Verskillende gemeenskappe word deur verskillende huisvorms gekenmerk, hetsy dit geometriese vorms is soos reghoeke, vierkante of sirkels. Geometriese vorme bevorder simmetrie, maar dit word ook bepaal en beïnvloed deur die roumateriaal wat gebruik is en die mates wat die bouer in die konstruk-

sie van die struktuur gebruik het. Buiten hierdie kulturele invloede op die voorkoms van 'n huis, speel ekonomiese oorweginge 'n leidende rol. Gevolglik is die woonhuis op die veeposwerf 'n eenvoudige, lae status struktuur soos wat verwag kan word van 'n veepos. Dit is selde meer as een vertrek diep, die deur- en vensteropeninge is klein en die vloere is van kleistene. Oppervlakte wissel tussen 62 m² en 123 m² en is weereens 'n aanduiding van die lae status en kapitaalvereistes vir die uitleg van so 'n werf al is dit die eiendom van 'n welgestelde grondbesitter.

Geen ander sigbare strukture, buiten die woonhuis en die kraal, kon gekarteer word op hierdie tipe werwe nie. Sterhuis is egter die uitsondering. Hier kom daar 'n eenvertrek baksteenstruktuur voor wat duidelik later gebou is as die kraal en woonhuis en wat moontlik 'n werkershuis verteenwoordig. Werkers het óf in die huis gewoon saam met die boer óf in tydelike skuilings elders op die werf. Die alternatief is dat werkers self in die woonhuis gewoon het en dat die grond slegs vir veeweiding deur afwesige eienaars gebruik is. Die eienaar het in so 'n geval dan nie self daar gewoon nie. Hoe dit ook al sy, werkershuise is swak verteenwoordig op die veeposstelsels of werwe en dit strook ook weereens met die lae status of kapitaal vermoëns wat met so 'n werf saamhang.

Die rangskikking van vertrekke in die woonhuise is informeel in dié sin dat dit 'n besoeker direk na 'n aktiwiteitsarea lei. Die meer ontwikkelde gemengde boerdery woonhuise toon die teenoorgestelde, naamlik dat daar 'n doelbewuste oorgangsfase tussen openbare en meer private areas is. Dit kan verbind word aan 'n verhoogde idee van finansiële vermoëns, status en van wat as korrekte sosiale gedrag beskou word. By onderontwikkelde veeposwerwe, soos Sterhuis, Fisantekraal-1 en Botrivier-1, wat klem lê op funksie eerder as op status, is die groter klem op privaatheid minder opvallend, maar moontlik ook aanwesig in die voorkamer oftewel die vertrek tussen die kombuis en die slaapkamer. 'n Alternatiewe verklaring is dat die konsep van privaatheid vs. openbaar totaal afwesig was en dat dit slegs 'n praktiese vertrek was, wat soos die vraag ontstaan het, aangepas is by die geleentheid.

Die status van die vrou en verbandhoudende strukture op veeposwerwe

Die woonhuis is 'n gesamentlike manlike en vroulike terrein, alhoewel die kombuis meer met die vrou geassosieer word. Geen ander vroulike verbandhoudende strukture soos hoenderhokke of varkhokke kom voor op veeposte nie. Die ander moontlikheid is dat dit nie goed bewaar het nie of dat slegs werkers van afwesige eienaars op hierdie werwe woonagtig was

en dat daar dus moontlik nie duidelike vroulik geassosieerde strukture opgerig is nie en daarom is die sigbaarheid van hierdie strukture swak. Nog 'n verklaring kan wees dat die produkte wat die vrou gelewer het of belang by gehad het soos byvoorbeeld seep- en bottervervaardiging, hoenders en varke (Buirski 1952:17,84), op 'n beperkte skaal vir huishoudelike gebruik was en daarom so swak verteenwoordig is, selfs ook op meer diverse of ontwikkelde werwe.

Kleinvondse

Die afleidings wat in verband met die strukture gemaak is kan ook herlei word tot die ander artefakte wat aanwesig is op hierdie werwe. Die artefak sigbaarheid is swak en slegs Sterhuis het keramiek, metaal en glas opgelewer wat ondersoek kon word. Die bevindinge was dat die artefakte die idee van 'n lae koste werf verder versterk. Die werf in sy geheel gesien is dus 'n refleksie van die bewoner se finansiële stand, gepaardgaande status en klas. Ekonomiese faktore het dus 'n dominante rol gespeel in die bepaling van sosiale waardes en die voorkoms, benutting en verspreiding van die materiële kultuur in die landelike Overberg gemeenskap.

DIE EKONOMIESE EN SOSIALE IMPLIKASIES VAN GEMENGDE BOERDERY WERWE IN DIE WESTELIKE OVERBERG

Inleiding

Buiten veeposwerwe kom meer ontwikkelde nedersettings ook voor wat in sommige gevalle uit veeposstelsels ontwikkel het byvoorbeeld Botrivierplaas-1 en in ander gevalle onafhanklik ontstaan het. Dus kom daar in sekere gevalle twee tipes nedersettings voor, in dieselfde of verskillende periodes, in dieselfde vindplaas. Hierdie uitgebreide werwe en spesialisering in strukture kan toegeskryf word aan die gemengde boerdery aktiwiteite aanwesig op die werf, die heersende ekonomiese klimaat en sosiale orde in 'n gegewe tydperk.

Spesialisasie word uitgebeeld deur strukture wat vir 'n spesifieke doel geskep word en nie meer net uit een gebou bestaan wat verskeie funksies verrig nie. Geboue komplekse kom ook voor waar 'n aantal gespesialiseerde geboue in 'n kompakte eenheid aangetref word.

Die voorkoms van 'n groter aantal strukture kan toegeskryf word aan die feit dat daar van die ekstensiewe plaas kapitaalvereisende veeboerdery of die blote benutting van 'n veepos as deel van 'n groter stelsel, na 'n intensiewe meer

kapitaalvereisende gemengde boerdery landbouprodukte en wolproduksie oorgeslaan is wat gespesialiseerde geboue genoodsaak het. Voorbeelde van gespesialiseerde geboue is perdestalle, melkstalle, skeerhokke, dipgange, tuiekamers, waenhuise, smidswinkels en kelders. Buiten die groter getal geboue wat voorkom, word strukture aansienlik vergroot. Daar is dus 'n intensifisering in landbouaktiwiteite en die ekonomie en gevolglik van die stoflike kultuurreste sigbaar in die landskap.

Woonhuise

Woonhuise toon aanpassings by nuwe ekonomiese toestande of veranderende denkpatrone. Ou woonhuise word struktureel verander of nuwe woonhuise word elders op die werf opgerig en die ou woonhuis word vir 'n ander doel aangewend, dikwels as skure of store. Die oppervlakte van woonhuise word aansienlik groter en die uitleg van woonhuise verander ook.

Vloerplanne toon 'n groter aantal gespesialiseerde vertrekke binne woonhuise. Waar die eenvoudige huis op 'n veepos langwerpig was met twee of drie vertrekke, naamlik 'n kombuis, voorkamer en slaapvertrek, verander die uitleg van huise om 'n sentrale voorkamer met twee slaapvertrekke aan weerskante en 'n kombuis agter die voorkamer. Hierdie tipiese T-vormige huisplan het dikwels in die Overberg voorgekom (Prins 1983:209; De Bosdari 1964:14) byvoorbeeld Avontuur-2 en Doornrivier en is kernmerkend van ontwikkelde

werwe waar die eienaar oor genoegsame kapitaal beskik het om nuwe geboue op te rig óf bestaandes te vergroot. Vloerplanne kan ook met letters van die alfabet vergelyk word en H- en L-vorms word aangetref. Muirton is 'n voorbeeld van so 'n ontwikkelde gemengde boerdery werf met 'n h-vormige woonhuis.

Die verskeie tipes huise wat onderskei word naamlik. T-vorms, H-vorms en dié wat nie voldoen aan die alfabetiese vorms nie en willekeurig ontwikkel het, kan aan finansiële oorsake toegeskryf word. Die dinamiese aard van 'n huis wat aangepas word by veranderende toestande kan ook lei tot die verandering en aanpassing in vorm en voorkoms.

Woonhuise word meer as een vertrek diep en 'n groter klem op privaatheid tree in, in die uitleg. Dwarsmure skei die privaatruimtes (bv. slaapvertreke, kombuis) van openbare ruimtes (bv. voorkamer). Die voorkamer is benut as 'n toegangsarea tot die huis en openbare area. In die geval van formele Bolandse werwe is daar dikwels meer as een ontvangslokaal. Volgens Malan (1990:4) word woonhuise in die agtiende eeu vergroot vanaf drie- tot viervertrek strukture tot geboue wat vyf of ses vertreke insluit. In die neëntiende eeu word huisuitleg selfs nog meer kompleks as voorheen. Dit dui nie net op 'n ekonomiese verandering wat ingetree het nie, maar ook op sosiale veranderinge in

ideologie wat tot uiting kom in die siening en spesialisasie in vertrekgebruik.

Overberg woonhuise vertoon landelik in hul uitleg en argitektoniese detail in vergelyking met Bolandse opstalle en selfs die huis op Doornrivier, wat 'n landelike patrisiërswerf is, is klein en eenvoudig in vergelyking. Simmetriese en geometriese vorms kom voor in die fasades en vloerplanne van huise en buitegeboue. Vensters en deure is simmetries gerangskik met die voordeur as middelpunt. Dikwels wyk die res van die struktuur agter die fasade af van die simmetrie weens redes soos instandhouding, hergebruik en strukturele aanpassings.

Werkershuise toon geen versieringselemente of kompleksiteit nie. Dit is op die grense van die werf geplaas en is eenvoudige een- tot drievertrek strukture wat bloot funksionele huisvesting op 'n klein skaal gebied het. Die arbeidsvereistes van die Overberg (Van Ryneveld 1983:42) was hoofsaaklik seisoenaal van aard - veral wat die graanbedryf betref. Wolproduksie het egter seisoenale en konstante arbeid behels al het landbou in totaal meer werkers geveer. Veral vanaf die 1840s was daar 'n toenemende vraag na werkers wat by die sendingstasies op Genadendal en Elim gevestig was.

Dit is dus moontlik een van die verklarings waarom daar so min werkershuise op plase aanwesig is. Arbeiders het meestal seisoenaal op plase gewerk en die res van die tyd was daar heelwaarskynlik slegs 'n gesin of twee op die plase self aanwesig. Teen 1845 was daar reeds 'n patroon aanwesig in die arbeidsvoorsiening deur die sendingstasies - mans het die meeste van die tyd 'n bestaan gemaak as plaaswerkers terwyl vrouens by die sendingstasies gebly het (Van Ryneveld 1983:54). Een van die knelpunte van die boerderybedryf in die Overberg, en iets waaroor daar herhaaldelik gekla is, was dus die tekort aan 'n konstante werksmag.

Boumateriale en Versiering

Boumateriale verskil min van dié van veeposte, maar waar daar hoofsaaklik met klip gebou is in die geval van eersgenoemde, word die strukture op gemengde boerdery werwe hoofsaaklik van roustene gebou. Slegs krale word nog van klip gebou. Dit is tydrowend om roustene te maak vir 'n hele werf se strukture en dit toon dat die eienaar oor genoegsame arbeid, tyd en kapitaal moes beskik het om dit te vermag. Overberg opstalle en buitegeboue is opgerig deur die eienaar met plaaslike arbeiders en dit kan 'n invloed op die voorkoms en uitleg van die huis hê, terwyl Bolandse werwe deur opgeleide vakmanne gebou is en dus meer kompleks van aard is (Lewcock 1963:373).

Alle geboue op die werwe is afgepleister om sodoende die roustene teen die elemente te beskerm. Dit verskaf 'n oppervlakte waarop verf aangebring is en wat ook as 'n versieringselement beskou kan word. Die voorkoms van natuurlike materiaal soos klei, word omvorm tot stene en dan versteek agter lae pleister en verf. Dit is in 'n mate 'n voorbeeld van die ontkenning van die natuurlike ten gunste van die kunsmatige om op dié wyse te kan kompeteer met die Boland. Dit kon ook bloot prakties wees en dit ten doel hê om die roustene te beskerm teen die elemente. In een geval dien 'n ornamentele tuinmuur (Doornrivier) as versiering, maar dit is 'n uitsonderlike geval. Stylherlewings is nie so dominant soos die geval in dorpswerwe en plase wat naby dorpe geleë is nie. Dit is egter tot 'n klein mate sigbaar op werwe in die aanwesigheid van elemente van formele stylperiodes byvoorbeeld vensters, deure, bo-ligte, ornamentele gietysterwerk en rustiekwerk.

Versieringselemente soos middelgewels by woonhuise en skoorsteen- en spitsentgewels op buitegeboue kom voor. By veeposwerwe was daar moontlik nie die kapitaal, tyd of sosiale motivering om dié versieringselemente aan te bring nie. Die versieringselemente aanwesig op Overberg werwe is op 'n baie kleiner skaal en minder oordadig as op Bolandse werwe.

Die skaal van ontwikkelde strukture verskil tussen vindplase en geen patroon is daarin aanwesig nie, buiten die feit dat mates deur die finansiële stand van die nedersetter bepaal word, sowel as die funksie van die struktuur. Die skaal van strukture is, in vergelyking met die Boland, oorwegend klein. Al verandering wat in die skaal intree is in die geval van woonhuise wat groter word en krale wat kleiner vertoon. Soms kry enkelverdieping strukture solderverdiepings by en een vertrek diep strukture word tot twee vertrekke diep. Slegs werkershuise bly eenvoudige strukture.

Kleinvondse

Die kleinvondse kan moontlik 'n refleksie wees van die finansiële stand en dus die status van die eienaar. Die kleinvondse aanwesig op veeposte en gemengde boerdery werwe verskil weinig van mekaar - die grootste verskil is moontlik nie in die ware of tipes wat aangetref word nie, maar in die hoeveelhede wat aanwesig is. Die gevolgtrekking wat gemaak is, is dat hoofsaaklik goedkoop Britse erdeware benut is in beide gevalle en die periode waartoe dit dateer strek vanaf die vroeë neëntiende eeu tot laat neëntiende eeu.

DIE BETEKENIS VAN DIE HISTORIESE NEDERSETTINGSPATRONE IN DIE WESTELIKE OVERBERG

Inleiding

Die dinamiek van nedersettingspatrone is nou verbind aan sosiale verhoudinge en die ekonomiese klimaat. Materiële kultuur, wat herlei kan word tot ekonomiese omstandighede, is 'n sosiale hulpbron wat in sosiale strategieë aangewend word (Leone *et al.* 1987:284) en daarom is artefakte en uitleg nie net die passiewe agtergrond vir sosiale handeling nie, maar neem aktief deel aan die herskepping en reproduksie van 'n patroon van sosiale verhoudings deur ruimte en tyd (Ibid). Dit is sigbaar in die ryk, ornamentele werwe van die Boland teenoor die eenvoudige, landelike skaal van nedersettings in die Overberg.

Die westelike Overberg toon interne verskille in nedersettingspatrone en dit verskil ook aansienlik van formele of stereotipe Kaaps-Hollandse nedersettings in die Boland. Dit is die resultaat van die afgesonderde aard van die streek, grondtoekenningstelsels, die beskikbaarheid van maklik bewerkbare grond, infrastruktuur, bemarkbare produkte en die wyse van vestiging, naamlik permanent of nie-permanent. Hierdie faktore het gesamentlik 'n rol gespeel in die skepping van die kulturele landskap en ook in die behoud van

'n grenstoestand of situasie lank nadat die streek reeds as ten volle gevestig en beset beskou is.

Hierdie grenstoestand vind weerklank in die skaal en voorkoms van nedersettings, naamlik eenvoudige veeposstelsels wat behoort aan afwesige leenhere wat landgoedere in die Boland besit. Later word dit die eiendom van 'n kapitaalarm nedersetter wat nie die vermoëns het om dit te omskep in 'n stereotipe werf nie. Moontlik was daar ook nie die behoefte om die werf te omskep tot 'n vorm van "vertoonbare" materiële kultuur of simbool nie, soos wat dit aangedui word deur die afwesigheid van ornamentele argitektoniese detail. Hierdie tipe nedersettingspatroon is funksioneel en konserwatief soos dit blyk uit die bewyse waar sommige van hierdie posstelsels, byvoorbeeld in die geval van Fisantekraal-1, steeds in gebruik is.

Dit wil dus voorkom of die streek kapitaalarm was vir die grootste gedeelte van sy geskiedenis. Eers teen die middel van die neëntiende eeu verander die streekseksonomie na 'n markgeoriënteerde ekonomie met veral klem op wolproduksie (Buirski 1952:99,104-106). 'n Periode van aktiewe nedersettingsuitbreiding en verandering gaan hiermee gepaard. Nuwe werwe word opgerig en ou bestaande werwe word óf aangepas vir nuwe funksies óf word vervang deur nuwe strukture. Daar is dus 'n geleidelike verandering sigbaar in die kulture landskap van die middel neëntiende eeu en dit is sigbaar in

die omvorming van die bestaande orde. Dit word verteenwoordig deur nedersettings soos plaaswerwe wat aansienlik uitbrei en gespesialiseerde strukture wat opgerig word. Dit is ook sigbaar in die talle dorpies wat in die daaropvolgende periode ontstaan.

Die vraag is natuurlik waarom is daar spesifieke nedersettingspatrone of waarom ontbreek dit. Antwoorde moet ook verkry word op die vrae waarom verandering intree en wat dit veroorsaak het. Voorts is daar ook die kwelpunte van byvoorbeeld die posisie of status, geslagsrolle en klasseverskille wat opgeklar moet word.

'n Bespreking van Lae Status Veeposwerwe

Twee tipes nedersettingspatrone is identifiseer tydens die studie. Die klassifikasie het berus op die strukture wat in beide gevalle aanwesig was. Dit is gevind dat die eenvoudigste nedersettingspatroon deur die veepos verteenwoordig word. Dit is 'n lae status werf met min of geen simbole van 'n meerderwaardige of status bewussyn. Dit is funksionele werk- en wooneenhede en selfs die kleinvondse onderskryf hiërdie lae status aard van die nedersetting. Die veeposnedersettingspatroon het dus hoofsaaklik min strukture wat die werf uitmaak en dit is duidelik dat die klem op die kraal val.

Hierdie struktuur is dominant in al die veeposte wat ondersoek is. Dit is gewoonlik voor die huis geleë en die afleiding is gemaak dat dit die dominante manlike struktuur verteenwoordig en op dié wyse ook die aanwesige patriargale stelsel uitgebeeld en versterk het. Dus het 'n standaard uitleg naamlik 'n twee- of drievertrek huis en 'n dominante kraal wat duidelik vertoon as 'n manlike aktiwiteitsarea of simbool.

Veeposte is 'n manlike terrein eerder as dié van 'n vrou al was vrouens moontlik daarop aanwesig. Dit is moeilik om veeposte te dateer aangesien dit 'n konserwatiewe patroon is en selfs tot in die hede op dieselfde wyse benut word en selfs van die ou strukture nog in gebruik is. Dit is egter seker dat daar min verandering deur tyd plaasgevind het en die meeste verandering hou moontlik met instandhouding verband.

Wat die totale nedersettingspatroon wat veeposte verteenwoordig betref, is die volgende waarnemings gemaak: Sterhuis is ietwat van 'n anomalie aangesien dit verskil van die veeposte op Fisantekraal-1 en Botrivierplaas-1 in die hoeveelheid strukture wat aanwesig is.

Volgens muurbreedte analises (ongeveer 600-900 mm in agtiende eeu en 400-600 mm in neëntiende eeu) is die

strukture op Sterhuis en Botrivierplaas-1 almal in die neëntiende eeu opgerig terwyl Fisantekraal-1 die oudste veepos verteenwoordig (dateer tot die agtiende eeu).

Op al die veeposte is krale die dominante struktuur. Dit is nie vreemd nie aangesien dit 'n baie duidelike doel het, naamlik 'n veepos en dit is ook baie duidelik 'n manlike struktuur en 'n manlike terrein. Die rede vir die eenvoud in strukture en uitleg word dan ook aan die funksie gekoppel en ook aan die feit dat die veepos nie 'n onafhanklike werf was nie, maar slegs 'n onderafdeling van 'n groter plaas. Geen formele patrone wat herinner aan byvoorbeeld die Boland, is aanwesig nie. Al wat wel voorspelbaar is of 'n patroon vorm is die aanwesigheid van 'n groot kraal en 'n eenvoudige twee- of drievertrek woonhuis. Dit is dus duidelik dat veepos-uitleg konserwatief bly. Die uitleg byvoorbeeld in die agtiende eeu (Fisantekraal-1) toon steeds in die neëntiende eeu (Sterhuis en Botrivierplaas-1) dieselfde patroon selfs al word die veepos later by 'n ander neëntiende eeuse werf ingeskakel (Botrivierplaas-1).

Daar kom moontlik 'n patroon voor in die strukture aanwesig op 'n veepos. Dit blyk egter 'n konserwatiewe nedersettingspatroon te wees wat nie noodwendig verander of afwyk met die verloop van tyd nie. Die redes vir hierdie patrone is moontlik te vinde in die funksie van die veepos in die groter geheel van die plaas en die landbougemeenskap.

'n Bespreking van Gemengde Boerdery Werwe

In die gemengde boedery werwe is die prentjie ietwat onduideliker wat patrone in werfuitleg betref. Buiten die reeds vermelde toename in die aantal strukture en skaal, sowel as versieringselemente, is dit moeilik om patrone vas te stel, aangesien die werwe ontwikkel het en aangepas is deur tyd. Dit is ook moeilik om te dateer, om vas te stel presies wat is agtiende eeuse en neëntiende eeuse werwe of strukture, en watter patrone elkeen verteenwoordig. Deur struktuur analyses en muurbreedtes te gebruik is 'n aantal strukture gedateer en ou en nuwe werwe is sodoende saamgestel en identifiseer.

Voorts word daar dan gekyk na agtiende eeuse strukture en werwe. Doornrivier is 'n voorbeeld van 'n agtiende eeuse werf. Die Kaaps-Hollandse T-vormige huis is in 1793 opgerig en moontlik ook 'n reeks buitegeboue. Volgens oorlewering was daar 'n ouer huis waarin die eienaar woonagtig was ten tye van die oprigting van die nuwe huis (die bestaande opstal). Daar is egter geen tekens gevind van hierdie vroeë bewoning van die werf nie. Vandag bestaan daar 'n aantal strukture aan die linkerkant van die huis. Die huis vertoon, wat muurbreedtes betref (700 mm), ouer as die bestaande buitegebou (600-650 mm). Dit kan verklaar word deur die feit dat 'n aantal strukture, naamlik 'n wynkelder, hoenderhok, perdestal en veekamp, wat aan die regterkant van

die huis was, gesloop is. Die teenswoordige buitegebou verteenwoordig moontlik dan 'n latere fase in die werf se ontwikkeling. Dit is dus 'n probleem om patrone in uitleg in die agtiende eeu af te lei uit 'n gebrekkige rekord soos in hierdie geval.

Fisantekraal-2 bevat elemente van 'n agtiende eeuse werf naamlik 'n deel van die bestaande woonhuis en die skalieklipskuur reg langs die huis en die koeistal/perdestal. Die muurbreedtes wissel tussen 600 en 670 mm en dit is moontlik dat dit die oorspronklike werf verteenwoordig waarvan Fisantekraal-1 veepos 'n deel uitgemaak het. Die boedelinventaris van weduwee Ponty noem reeds hierdie huis en huisinhoud, so dit was reeds vóór hierdie periode gevestig. Die ou werf bestaan dus uit drie strukture wat nabymekaar geleë is. Dit is nie duidelik of dit 'n definitiewe patroon vorm wat met ander werwe vergelykbaar is nie. Later in die neëntiende eeu is nog strukture bygevoeg, byvoorbeeld varkhokke, die woonhuis en skuur en die skaapkraal en dipgang. Ook is daar veranderinge aan die huis aangebring. Met die neëntiende eeuse veranderinge en die verspreiding van strukture oor die hele werf en die benutting van oop ruimtes wat bestaan het, is die werf se voorkoms verder verander en is dit moeilik om 'n patroon daarin te lees. Al wat steeds duidelik is, is dat die manlik verbandhoudende strukture soos stalle, skure en waenhuse steeds die

dominante strukture is, hetsy dit in die agtiende of neëntiende eeu voorkom.

Muirton bestaan ook uit agtiende eeuse en neëntiende eeuse werwe. Die oudste werf bestaan uit die langhuis met die kraal en melkstal/skeerhok/kalwerhok kompleks reg voor dit. Regs van die huis was daar 'n dorsvloer - verder was daar geen strukture aanwesig in die oop ruimte tussen die huis en buitegebou nie. Dit is duidelik dat die belangrike buitegebou wat met manlike aktiwiteite gepaard gaan, voor die huis posisie ingeneem het. Dit is dus moeilik om patrone af te lei uit die uitleg - al wat wel voorgestel kan word is dat manlike strukture dominant was tydens die agtiende eeu soos wat uit hul posisie afgelei kan word. In die neëntiende eeu word die werf vergroot deur die toevoeging van 'n nuwe opstal, woonhuis, werkershuise, varkhokke, perdestal, koeistal, kraal en smidswinkel. Dit is egter duidelik dat dit oop ruimtes wat bestaan het - miskien doelbewus so bestaan het - ingevul het en dat manlike strukture nou oral voor en agter die huis voorkom en dat die idee van wat sosiaal korrek was in die agtiende eeu, vervang word.

Avontuur-2 is problematies aangesien daar agtiende eeuse buitegeboue aanwesig is, byvoorbeeld die skuur/wynkelder en die perdestal/melkstal/waenhuis en smidswinkel kompleks (600 mm) en ook die varkhok (600 mm), terwyl die woonhuis (550

mm) 'n ander beeld skep. Dit is moontlik dat daar 'n ouer huis aanwesig was, maar geen tekens daarvan is gevind nie, en die ander moontlikheid is dat dele van die bestaande T-vormige huis dalk ouer is as die res en die oorspronklike huis verteenwoordig. Die agtiende eeuse buitegeboue is in lyn met die huis opgerig en 'n definitiewe oop ruimte is gelaat tussen die manlike buitegeboue langs die woonhuis en die vroulike struktuur soos die varkhokke agter die huis. Later in die neëntiende eeu is dié ruimte onderbreek deur 'n klipstoor. Dit blyk dus weereens klem te lê op 'n oop ruimte wat dan in die neëntiende eeu ingevul word. Avontuur-2 toon baie min veranderinge deur tyd en verteenwoordig 'n konserwatisme in die behoud en onderhoud van bestaande strukture wat ook elders in die Overberg sigbaar is.

Wat die twee neëntiende eeuse werwe, naamlik Botrivierplaas-2 en Avontuur-1, betref, is daar geen formele werfuitleg sigbaar nie. Eikehof, nog 'n neëntiende eeuse werf, is die uitsondering, aangesien die huis, kelder/skuur kompleks en die hoenderhok/vleiskamer 'n ruimte omsluit. Dit vertoon op die oog af meer beplan of sistematies uitgelê as byvoorbeeld Botrivierplaas-2 of Avontuur-1. Die rede is moontlik dat dié plaas en Doornrivier op wingerd en wynbou gekonsentreer het en gevolglik meer welgesteld was as die ander gemengde boerdery plase wat genoem is en gevolglik is dit in die werfuitleg weerspieël. Botrivierplaas-2 toon geen formele

uitleg nie, en het slegs 'n melkstal/stoor/hoenderhok/skool kompleks aan die agterkant en 'n tuiekamer en stal verder weg geleë aan die voorkant van die huis.

Avontuur-1 toon 'n neëntiende eeuse werf wat moontlik na onderverdeling van die groter plaas Avontuur in 1842, geskep is. Die ou werf bestaan uit 'n huis en 'n waenhuis/smidswinkel/skuur/perdestal kompleks wat naby die ou huis voorkom en werkershuise wat verder weg op die rand van die werf geleë is. Teen die draai van die eeu is 'n nuwe kliphuis opgerig in die middel van wat eers 'n oop ruimte was tussen die ou woonhuis en die buitegebou.

RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK

Die bevindinge van die studie is dat twee tipes nedersettingspatrone identifiseer is naamlik die veeposstelsel en gemengde boerdery werwe. Die veeposte verteenwoordig 'n lae status werf wat bloot funksioneel van aard is en dien as 'n onderafdeling van 'n groter werf of plaas.

Die veeposte het konserwatief gebly in voorkoms en uitleg vanaf die agtiende eeu tot vandag en min veranderinge buiten instandhouding, is met verloop van tyd aangebring. Die veeposwerf is dus 'n eenvoudige werk- en leefruimte met geen aspirasie tot statusverklarings in die landskap op sigself nie. Dit is duidelik 'n manlike terrein en aktiwiteitsarea,

alhoewel vrouens moontlik ook aanwesig was. Vrouens se sigbaarheid is egter baie laag op hierdie werwe. Al patroon wat in die veepos verteenwoordig word is die twee- of drievertrek woonhuis en die dominante kraal wat op 'n veepos te verwagte is en die feit dat die kraal voor of baie naby aan die woonhuis geleë is. Dit het 'n duidelike verklaring aangesien dit vee moes beskerm - dit was dan ook die hoofdoel van die veepos - en moes gevolglik in 'n sentrale posisie opgerig word.

Gemengde boerdery werwe is meer problematies om te interpreteer. Dit blyk dat formele werfuitleg nie duidelike patrone gevolg het nie. Dit is duidelik dat 'n groter aantal gespesialiseerde strukture opgerig is, veral vanaf die neëntiende eeu. Die skaal van strukture en gevolglik ook werwe, is vergroot. Eens kompakte werwe verander in groot verspreide werwe. Gevolglik word oop ruimtes, wat veral kenmerkend was van agtiende eeuse nedersettings en ook vroeë neëntiende eeuse nedersettings, ingevul. Meer klem is ook gelê op versieringselemente byvoorbeeld gewels en ornamentele lyswerk. Die vorm, voorkoms en uitleg van die woonhuis word vergroot, meer vertrekke met gespesialiseerde funksies word opgerig en dit gaan gepaard met die totale vergroting en verandering van werwe. Groter klem is dus sigbaar op privaatheid en die siening van eie waarde. Werwe neem egter nie dieselde uitleg en skaal aan as in die Boland

nie weens verskeie ekonomiese en sosiale redes wat reeds gemeld is.

Wat die rol van vrouens en werkers betref - dit is moeilik om só 'n gees vergestalt in strukture vas te stel. Hierdie gees en strukture is deel van die "magsverhouding" tussen mans en vrouens op 'n werf en in die gemeenskap. Dikwels word die rol van die vrou op 'n werf geïgnoreer in tradisionele verklarings van werfuitleg en dit is 'n blote weerspieëling van die ervaringsveld, selfs in moderne tye, waarin mense vasgevang is.

Hoe dit ookal sy, geslagsideologie en gedrag is moeilik peilbaar. Wat die Overberg nedersettings wat ondersoek is betref, is dit duidelik dat die patriargale stelsel en die onderhouding en voortsetting daarvan deur mans en vroulike verwante strukture dominant is op werwe.

Die strukture, leefruimtes en verskynsels wat met vrouens geassosieer word is byvoorbeeld varkhokke, groentetuine, blomtuine en die kombuis. Dit is 'n vroulike terrein en aktiwiteitsarea, maar dit is dikwels nie so kragtig uitgebeeld soos dié van die man nie. Daar is dus 'n vooroordeel sigbaar in die wyse waarop vrouens voorgestel word op 'n werf - naamlik agter in en agter die huis. Dit is 'n tipiese patroon en is te verwagte in 'n patriargale gemeenskap. Vrouens is dus aanwesig op werwe, maar hul

sigbaarheid is moontlik óf doelbewus laag as gevolg van ideologie óf as gevolg van bewaringstoestande. Dit is interessant dat vrouens veral op lae status en minder welvarende werwe moontlik bloot as nog 'n werker beskou is. Eers met veranderende ekonomiese toestande word vrouens dan oënskynlik verhef en word hulle agter in die huis en werf geplaas!

Werkers is veral vanaf die sendingstasies verkry om seisoenaal op die plase te werk (Van Ryneveld 1983:42,45). Gevolglik kom daar nie grootskaalse werkersbehuising en 'n hoë sigbaarheid op die werwe voor nie. Waar werkers wel aanwesig is, is die huise op die grense van 'n werf opgerig. Veelvuldige redes kan aangevoer word vir hierdie verskynsels byvoorbeeld dat hulle 'n laer status op die werf geniet het en daarom eenkant toe verskuif is of dat dit groter privaatheid verseker vir die eienaar as sy werknemers elders gevestig is. Die werkershuise is eenvoudige, onpretensieuse strukture wat bloot funksioneel van aard is sonder enige siening van eiewaarde in die vorm van versieringselemente. Dit is dus bloot verteenwoordigend van die lae status wat daaraan toegeskryf is.

VERGELYKINGS TUSSEN OVERBERGSE WERWE EN BOLANDSE WERWE

As die twee streke vergelyk word is daar talle verskille sigbaar. Die Boland was 'n gunstige omgewing vir die

verbouing van wingerd en die wynbedryf. Dit het weerklank gevind in die oprigting van hoë status werwe vanaf die laaste agtiende eeu (Walton 1989:9) wat eers ten einde sou loop teen die 1820s. Gevolglik is werwe wat as landgoedere bestempel kan word, geskep en uitgebou. Die hoë nedersettingsintensiteit het veroorsaak dat grond 'n belangrike bron van kapitaal en mag word en ontstaan daar ook meer kompetisie vir grond en ander vorms van mag en gesag. Dit lei tot die beskerming van die grondbesittende elite deur middel van 'n eenvormige fasade van formele simbole en seremonies.

Die wedywing tussen die koloniste vir meer politieke en ekonomiese mag en status het duidelik geblyk uit die manipulasie van materiële kultuur wat as 'n simbool van hierdie mag gedien het. Hierdie Bolandse elite het sterk bande met Europa gekweek en nuwe idees gretig aangepas by plaaslike toestande. Buiten hierdie tendens is daar groot klem gelê op allerlei seremoniële gebruike byvoorbeeld ingewikkelde begrafnissetiket, posisie in die kerk en ook range in die gemeenskap (Cannon 1989:437; Botha 1970:58). Voorts is plaaswerwe gebruik as simbool van mag en status.

Walton (1989:37-42) het verskeie tipes werfuitleg identifiseer naamlik lineêre-uitleg, paralelle-uitleg, gesplete-uitleg en ingeslote/geslote-uitleg. Die formele uitleg van die Bolandse werf toon verskeie vorms, maar dit

is duidelik dat die huis die fokuspunt van die werf is, waarna die oog herlei word, deur middel van paralelle lyne en simmetrie, na die res van die werf. Die Overberg werwe verskil, in hierdie opsig, van die Boland.

Teen die middel van die agtiende eeu word gewels op huise aangebring (Walton 1989:30) wat vertoonareas word van die eienaar se status. Dit word gesteun deur groot, formeel-uitgelegde werwe, lanings voor die huise en ook deur die posisie wat die woonhuis op 'n werf en in die landskap inneem. Die werf word dus ook 'n simbool in die landskap. Dié wat deel in dieselfde denkkees van die tyd sou die simbole verstaan het. Dié wat dit nie begryp het nie, is op dié wyse uit hierdie eksklusiewe sirkels gehou. Materiële kultuur as simbool het dus die gemeenskap saamgevoeg en ook geskei. Hall (1991:59) het dit beskryf as faksies binne die dominante koloniale klasse wat stoflike kultuur aanwend in die wedywering om identiteit en status.

Hierdie benutting van materiële kultuur as simbool van denkkees was dus duidelik volgens navorsing wat daar gedoen is deur Hall (1992:59) in Kaapstad self, maar dit is ook aanwesig op die meer gegoede Bolandse werwe. Hierdie tendens kan beskou word (Ibid:24) as 'n ondersoek van die nie-mondelinge taal waardeur mense hulself definieer.

Die Overberg was 'n landelike area wat vir 'n baie lang tyd in 'n grenstoestand verkeer het weens geografiese, ekonomiese en demografiese redes. Die implikasies van die natuurlike isolasie was veelvuldig.

Nie net ekonomiese isolasie is ondervind nie, maar ook sosiale isolasie. Alhoewel die Overberg nedersetters kulturele bande sowel as familie bande met die Boland gehad het, het hulle redelik afgesonderd geleef wat sosiale kontak en beïnvloeding betref. Nog 'n verskil tussen die twee streke aangebring deur isolasie, is dat die Boland tot 'n groot mate nog bande met Europa gehad het, terwyl die Overberg nedersetters dit selfs moeilik gevind het om net met Kaapstad self in aanraking te bly. 'n Meer konserwatiewe, tradisionele denkkees kon dus in die Overberg nedersettings verwag word.

Moontlik was dieselfde ideologie en kulturele simbole wat in die Boland aanwesig was, aan die Overberg bekend. Die Overberg nedersetter kon hierdie waardesisteen gedeel het, maar dit vertoon anders as die Boland aangesien die konteks verskil as gevolg van geografiese en ekonomiese faktore.

Die probleem is dat die Overberg nie so 'n diverse ekonomiese agtergrond gehad het soos die Boland nie en ook nie hul ekonomie gebou het op slawe tot so 'n groot mate soos die Boland nie. Die Overberg het moontlik dus nie

dieselfde ekonomiese basis gehad nie en gevolglik ook nie heeltemal dieselfde wêreldsiening en vrese as die Boland nie. Die welgestelde Bolandse koloniste het moontlik dieselfde wêreldsiening gedeel weens gedeelde ekonomiese vrese en daarom het hulle hul verskans agter eenvormige gebruike op sosiale vlak.

Die Overberg nedersetters het in 'n bestaanseconomie verkeer en het moontlik hul eie plaaslike gefundeerde probleme gehad wat hulle saamgebind het en dit kon 'n invloed gehad het op hul denkkees en die eenvormige gebruike wat hulle moontlik aangewend het. Dit is dan een van die redes waarom daar gewaak moet word teen veralgemening soos wat dit tot uiting kom in bepaling van wêreldsiening (Johnson 1989:195). Universele reëls bestaan wel, maar plaaslike toestande moet op eie meriete beoordeel word en die plaaslike gemeenskap moet as 'n skeppende en denkende gemeenskap beskou word. Die Overberg was geïsoleerd en dus tot 'n mindere mate in die politieke spervuur as die Boland. Gevolglik kon dieselfde wêreldsiening en sosiale reëls wat in die Boland gegeld het en gemanifesteer is in argitektuur, kleredrag en seremonies, bekend wees aan die Overberg, maar is dit op 'n beperkte skaal toegepas aangesien daar nie dieselfde welstand aanwesig was om werwe te bou soos dié van die Boland nie en ook nie so 'n fel sosiale druk om sulke werwe as simbool aan te wend nie.

wêreld

wêreld

'n Probleem met universele kognitiewe denkstrukture (Johnson 1989:195) is dat dit weinig aandag skenk aan diversiteit en die individu. As almal dieselfde denkgees deel, verdwyn die gemeenskap agter eenvormige fasades. Dit is egter nie so eenvoudig nie. In die Overberg bestaan daar 'n lang tydskaal met groot diversiteit daarin. In die Boland was die strewe na politieke en ekonomiese mag moontlik die beweegrede tot eenvormigheid. Talle werwe het argitektoniese verandering ondergaan om by hierdie ideaal aan te pas. Hierdie reël kan egter nie nougeset in die Overberg toegepas word nie, want in plaas van eenvormigheid is daar diversiteit. Die redes vir hierdie diversiteit kan aan die ekonomiese en sosiale isolasie, sowel as die grenstoestand waarin die nedersetters verkeer het, toegeskryf word.

Die hoë sigbaarheid van formele werwe wat in die Boland ontwikkel vanaf die middel van die agtiende eeu tot vroeg in die neëntiende eeu (Walton 1989:37-41) is in skrilte kontras met dieselfde periode in die Overberg. In die Overberg kom daar weinig nedersettings uit die agtiende eeu voor. Dit het dus 'n lae sigbaarheid en dit is dan veral die neëntiende eeu wat meer prominensie geniet.

Die Boland was 'n goed gevestigde, welgestelde area met duidelike ekonomiese en sosiale pulse wat gereflekteer word in nedersettingspatrone. Die Overberg in teenstelling was minder welgesteld, het 'n laer bevolkingsdigtheid gehad en

'n verspreide nedersettingspatroon tipies van grens-toestande. Moontlik is dit een van die vernaamste redes vir die afwesigheid van formele werfuitleg beginsels. Die Bolandse- en Overberg werwe verskil dus ten opsigte van markgeoriënteerde produkte en isolasie, en dit lei tot die skepping van eenvoudige werwe in die Overberg. Dieselfde ideologie is by albei streke aanwesig, maar die kwessie van kompetisie en ekonomiese mag is nie so duidelik ontwikkel in die Overberg nie. Gevolglik word dit weerspieël in die voorkoms en uitleg van nedersettings.

Dit kan genoem word dat patroonmatigheid in werfuitleg ten opsigte van die voorspelbaarheid van die uitleg van 'n nedersetting problematies is. In 'n poging om 'n model voor te stel vir nedersettingsuitleg is dit gevind dat kwantitatiewe analyses waardevol is in die sin dat dit inligting oor die ligging van strukture op 'n werf weergee, maar dat dit beperk word deur die grootte van die monster (aantal strukture) sowel as die aantal nedersettings wat ondersoek is. Dit is moontlik dat hierdie benadering suksesvol aangewend kan word indien die genoemde probleemareas aangespreek word in toekomstige studies.

HOOFSTUK VIII

D I E T O E K O M S V A N D I E V E R L E D E

Inleiding

Met die bestudering van landelike nedersettingspatrone in die westelike Overberg het dit duidelik geword dat dié streek 'n lang en interessante geskrewe geskiedenis het en ook argeologiese materiaal bied aan belangstellendes. Buiten die akademiese waarde van die nedersettings in die streek, is dit ook van ekonomiese en bewaringswaarde, aangesien dit 'n toeriste landmerk kan word in die toekoms, mits 'n oorkoepelende bewaringsprogram vir hierdie gebied in werking gestel kan word.

Die verlede is dus belangrik omdat dit 'n lewende komponent van die hede is (Cleere 1989:6). Die kulturele erfenis is ook belangrik omdat dit 'n natuurlike en mensgemaakte omgewing verteenwoordig wat nie hernieubaar is nie. Gevolglik kan dit nie presies herstel word soos wat dit oorspronklik was as dit vernietig of beskadig word nie. Dit verteenwoordig ook 'n reeks waardes wat belangrik is vir 'n gemeenskap. Kultuurbronne sluit onder meer vindplase, strukture en ook voorwerpe in. Dit is dus die tasbare bewyse van die verlede en dien ook as die wortels van die teenswoordige gemeenskappe in 'n land, streek of area.

Bewaring, Wetgewing en Kultuurbronestuur (CMR)

Bewaring in Suid-Afrika het 'n lang geskiedenis. Dit het 'n aanvang geneem met die stigting van die Suid-Afrikaanse Nasionale Vereniging in 1905 (Abrahams 1989:204). Die hoofdoel van hierdie vereniging was om 'n publieke belangstelling te skep en om die publiek bewus te maak van vandalisme en die negatiewe impak wat dit op kultuurbronne het.

Teen 1911 is die eerste beskermende wetgewing, naamlik die Boesmanoorblyfsels Beskermingswet Nr. 22, uitgevaardig (Abrahams 1989:207). Dit word opgevolg deur die Natuurlike Historiese of Monumente Wet Nr. 6 van 1923 (Ibid). Hierdie wet het voorsiening gemaak vir die stigting van 'n Historiese Monumente Komitee, maar ongelukkig het hierdie komitee nie fondse verkry of proklamasie magte gehad nie.

Hierdie wet is in 1934 herroep en vervang deur nuwe wetgewing naamlik die Natuurlike en Historiese Monumente, Oorblyfsels en Oudhede Wet Nr. 4. Dié wetgewing het wel voorsiening gemaak vir die proklamasie van enige monument, relik of antiek deur dit na die betrokke minister te verwys. Dit het ook gepoog om die uitvoer van oudhede sonder 'n permit te voorkom.

Teen 1969 is hierdie wetgewing vervang deur die Oorlogsgrafte en Nasionale Monumente Wet (Wet Nr. 28 van 1969) (Abrahams 1989:208). Op hierdie stadium het 'n nuwe liggaam, die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, die ou Historiese Monumente Komitee vervang. Verandering aan die wet is later aangebring deur die amendamente Nr. 22 van 1970, Nr. 30 van 1971, Nr. 63 van 1975, Nr. 35 van 1979, Nr. 21 van 1980, Nr. 13 van 1981 en die Oorlogsgrafte en Nasionale Monumente Amendament Wet Nr. 11 van 1986 (Ibid).

Wetgewing (Wet Nr. 28 van 1969) maak voorsiening vir die beskerming van prehistoriese sowel as historiese materiaal en die wetlike skeiding tussen die twee word op 1652 bereken. Die doel van die wet is om te verhoed dat beweegbare en nie-beweegbare kulturele materiaal beskadig of vernietig word of die land verlaat (Rudner 1982:5). Materiaal wat beskerm word sluit die volgende in: meteoriete, fossiele, rotsskilderye, gravures, prehistoriese implemente, ornamente, strukture, grafte, argeologiese inhoud van grotte, rotsskuilings, afvalhope en skulphope wat deur die inheemse bevolking voor 1652 vervaardig is. Die wet maak ook voorsiening vir die beskerming en voorbehoud ten opsigte van uitvoer van skilderye, afdrucke, dokumente, aktes, seëls, manuskripte, voorwerpe van historiese waarde gemaak van goud, silwer, koper, brons, yster, glas, hout of porselein wat 100 jaar of langer in die land is (Rudner 1982:6).

Die wet maak ook voorsiening vir die bewaring en beskerming van onbeweegbare historiese materiaal, byvoorbeeld 'n werf of 'n struktuur, deur middel van die 50 jaar klousule wat bepaal dat strukture ouer as 50 jaar nie sonder 'n permit, uitgegee deur die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, gesloop, beskadig of struktureel verander mag word nie. Dit is veral as deel van hierdie bewaringswetgewing en die implementering daarvan dat die bestuur en beheer van kultuurbronne 'n belangrike posisie ingeneem het.

Die term Kultuurbronbestuur (CRM) en beginsels het reeds in die sewentigerjare in Noord-Amerika 'n aanvang geneem (Fowler 1982:1). Kultuurbronbestuur behels die toepassing van bestuursvernuf (beplanning, organisasie) en rigtingaanwysing (beheer, motivering en evaluering) in 'n bestuursprogram om sodoende voldoende beskerming en verantwoordelike bestuur en verbruik van kultuurbronne te verseker.

Die doel van kultuurbronbestuur (Cleere 1989:6; Fowler 1982:1) behoort te wees die effektiewe beskerming en gebruik van kultuurbronne om sodoende die kulturele erfenis vir toekomstige generasies te beskerm. Ook het dit ten doel om mense meer bewus te maak van kultuurbronbestuur en die nut daarvan in 'n gemeenskap en ook die voordele wat dit inhou veral ten opsigte van 'n beter lewenskwaliteit. Kultuur-

bronbestuur het ook die motivering van mense ten opsigte van bewaringsverantwoordelikheid ten doel. Buiten hierdie doelstellings poog dit ook om bewaringswaardige bronne te identifiseer en om die ontwikkeling en die implementering van 'n toepaslike beleid of strategie ten opsigte van bewaring, te bevorder.

Kultuurbronbestuur word geassosieer met inventarisering, beoordeling en bestuur van bronne. Wetgewing in dié verband maak voorsiening vir 'n nasionale register vir die bestuur en beheer van kulturele materiaal. Dit is veral in die samestelling van so 'n register dat 'n streeksopname, soos in die geval van die Overberg, noodsaaklik geag word.

Buiten hierdie aspek is daar ook die belangrikheid van die toerismebedryf wat 'n kenmerk is van die moderne ekonomie op nasionale en internasionale vlak. Historiese en argeologiese materiaal vorm natuurlik 'n belangrike element in dié bedryf. Kultuurbronbestuur (Cleere 1989:6) verleen ook beskerming aan 'n databasis wat van akademiese belang is, byvoorbeeld in die geval van koloniale argeologie. Sonder hierdie beheer en beskerming sal die hoeveelheid studiemateriaal vinnig verminder. Kultuurbronbestuur skep en bevestig dus kulturele identiteit, dit het 'n opvoedkundige funksie en dien ook as 'n ekonomiese basis in die toerismebedryf (Ibid:9).

DIE BEWARINGSSTATUS IN DIE OVERBERG

Inleiding

Die geskiedenis soos wat dit afgespeel het in die landskap is aanwesig in die vorm van fisiese oorblyfsels. Die Overberg bevat prehistoriese vindplase sowel as historiese nedersettings (plaaswerwe en dorpe) wat tasbare voorbeelde is van die geskiedenis van die streek en goeie studiemateriaal verskaf aan historici en koloniale argeoloë.

Die argeologiese reste in die landskap bestaan uit 'n verskeidenheid van materiale wat dateer tot die periode vóór en ná blanke besetting van die streek. Inheemse Khoikhoi materiaal is nie so sigbaar soos die permanente werwe van die nedersetters nie, weens die aard van hul boumateriaal, tydskaal betrokke en die nie-permanente bewoning van vindplase. Daar is 'n aantal standplase wat in historiese dokumente vermeld word, maar dit is dikwels die geval dat daar nie veel sigbaar is van hierdie vindplase op die grond nie.

Buiten Khoikhoi materiaal is daar talle historiese nedersettings in die vorm van plaaswerwe en ook talle klein dorpies (Caledon, Bredasdorp, Napier, Greyton, McGregor, Villiersdorp en Swellendam) wat 'n interessante blik op die streek se geskiedenis werp. Hierdie nedersettings dateer vanuit die agtiende en neëntiende eeue en bied 'n waardevolle bron

van inligting aan koloniale argeoloë ten opsigte van grensuitbreiding, nedersettingspatrone en volksboukundige argitektuur, om maar 'n paar voorbeelde te noem. Dit is egter belangrik dat al hierdie voorwerpe, verskynsels, vindplase en strukture in konteks gesien word - naamlik die landskap waarin dit aanwesig is. Die bewaringsprogram vir so 'n streek sal noodwendig holisties moet wees om al hierdie aspekte aan te spreek.

AANBEVELINGS TEN OPSIGTE VAN 'N BEWARINGSPROGRAM VIR DIE OVERBERG

Kulturele materiaal verdwyn daagliks teen 'n onrusbarende tempo. Weens verskeie redes word weinig navorsing in dié verband gedoen en gevolglik gaan talle prehistoriese vindplase sowel as interessante historiese vindplase tot niet. Die probleem waarmee hier te kampe is, is moontlik 'n gebrek aan 'n bewaringsstrategie.

Algemene aanbevelings: Opvoeding en teikengroepe in 'n plaaslike bewaringsstrategie

Om die kultuurerfenis te bewaar en om ekonomiese voordeel daaruit te put, speel publieke opvoeding in kultuurbron bewaring en bestuur, 'n sleutelrol. Die openbare bewussyn dat die kulturele skeppings uit die verlede 'n eenmalige

gebeurtenis is wat, as dit eers beskadig of vernietig is, nooit weer presies so herskep kan word nie, staan sentraal tot die saak. Die bewaring van kultuurbronne kan daarby baat as dit in dieselfde lig gesien word as natuurbewaring of as 'n kulturele ekosisteem benader word.

'n Beter kennis van die verlede - en dit is veral hier waar opvoedkundige instansies soos die plaaslike skole en museums 'n groot rol speel - is 'n belangrike komponent in die opstelling en uitvoering van 'n bewaringsstrategie. Met meer kennis oor die verlede en die belang daarvan, kan die probleem van die versteuring van vindplase, vandalisme en onsensitiewe ontwikkeling, beter aangespreek word.

Daar is verskeie algemene en bekende metodes wat in die opvoeding van die publiek nagevolg kan word by wyse van openbare toesprake, publikasies en persverklarings, uitstallings, seminare en werksinkels en ook die stigting van ondersteuningsgroepe. Hierdie opvoedingsprogram kan op 'n formele basis, byvoorbeeld as deel van 'n skoolleerplan, uitgevoer word of op 'n informele basis waar die gemeenskap betrek word deur byvoorbeeld die plaaslike museum of museum ondersteuningsliggaam of die biblioteekdiens.

Dit is egter nie net op skool vlak dat die aankweek van bewaringsbeginsels van belang is nie, maar ook die bydrae wat die volwasse gemeenskap kan lewer. Dit is veral

belangrik dat grondeienaars betrek word aangesien historiese en argeologiese materiaal op hul eiendom van groot belang is. Dit strek tot voordeel vir die hele gebied, byvoorbeeld as die vindplaas ontwikkel word tot 'n vindplaasmuseum, kan dit deur plaaslike skoolgroepe besoek word en dit kan ook 'n toeriste aantreklikheid word wat ekonomiese voordeel vir die eienaar en die hele gemeenskap inhou. 'n Goeie voorbeeld van hierdie metode is die voorgestelde vindplaasmuseum by Sterhuis op die plaas Graymead naby Grabouw.

Nie net individuele grondeienaars nie, maar ook plaaslike owerhede het 'n groot belang by bewaringsaangeleenthede. Dit is veral belangrik in die geval van historiese dorpe. 'n Aantal plaaslike owerhede het reeds voorsiening gemaak vir kultuurbronsbestuurplanne wat vir goedkeuring voorgelê word aan die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede. In die geval van die Overberg is daar wel sulke studies onderneem in Caledon (Rudner & Pistorius 1986), McGregor (Japha G.d.b.; Pistorius 1986), Bredasdorp (Rudner 1987), en Villiersdorp (Deacon & Rademeyer 1991).

Hierdie studies het voorsiening gemaak vir die intensivering van bewaringswaardighede ouer as 50 jaar. Op gronde van hierdie studies word aanbevelings gemaak om sodoende 'n mate van kontrole uit te oefen oor toekomstige ontwikkeling in 'n dorp of streek wat die invloed daarvan op historiese materiaal en karakter betref.

Spesifieke aanbevelings in bewaringsstrategieë: Gevallestudies op Swartstomp en in Villiersdorp

Inleiding

'n Deel van die kultuurbronbestuur sluit noodwendig 'n opname van vindplase en strukture in. In die geval van die Overberg is so 'n opname wenslik aangesien talle strukture, werwe en vindplase op dié wyse identifiseer en in 'n nasionale register aangeteken kan word as bewaringswaardig, en dus die nodige bewaringsstatus kan verkry. Tans is daar 'n groot behoefte aan so 'n bewaringsplan vir die streek nieteenstaande die feit dat daar wel in 'n aantal dorpe met so 'n program begin is. Die volgende gevallestudies kan die wenslikheid en nut van 'n bewaringsprogram illustreer.

Swartstomp

'n Voorbeeld van die behoefte aan 'n bewaringsingesteldheid en bewaringsprogram is die geval van Swartstomp. Die plaas Swarte Stomp (ook Kale Ruggens genoem) aan die Riviersonderend is in lening gegee aan G. Visagie (1748), M. le Roux (1756), J. le Roux (1772), H. Badenhorst (1776), A. Lategan (1783), J. Scheepers (1789), P.J. Mareez (1796) en M. Otto (1807-1808). Dit is moontlik dat die plaas reeds voor Otto se okkupasie verdeel is, want die naam J.P. Otto word in verband met die plaas vermeld in 1804.

Die aanvanklike ondersoek van die vindplaas het 'n vervalle en oorgroeide werf getoon. 'n Aantal klipmure was nog staande met tekens van latere sandgedroogde geel kleisteen invulling. Naby die werf was daar ook tekens van 'n afvalhoop.

Die werf, moontlik dié van 'n veepos, is in 1989 identifiseer en in 1990 besoek met die oog op die kartering daarvan as deel van die navorsingsprojek. Met die besoek in Januarie 1990 kon die werf nie opgespoor word nie. Die rede hiervoor was later duidelik - dit het nie meer bestaan nie, aangesien 'n dam daaroor gebou is! Hierdie handeling het sonder oorleg met die betrokke party of enige bewaringsliggaam geskied. Gevolglik is daar geen reddingswerk in die vorm van kartering, intensiewe fotografering en opgrawings toegepas nie. Dit is dus 'n illustrasie van wat daagliks in die streek geskied en wat die behoefte aan 'n streeksbewaringsprogram aantoon. Daar is egter instansies wat wel die waarde van historiese strukture insien en dienooreenkomstig gereageer het.

Villiersdorp

Villiersdorp is 'n goeie voorbeeld van die inisiatief wat 'n plaaslike owerheid in die streek geneem het. Die Munisipaliteit het die Departement Argeologie van die Universiteit van Stellenbosch in 1991 versoek om 'n opname te maak van bewaringswaardighede in die dorp, met die oog op die opstelling van 'n riglyn vir toekomstige dorpsbeplanning en ontwikkeling.

Die opname het op visuele indrukke berus wat 'n raamwerk skep vir 'n toekomstige uitgebreide studie indien nodig. Die aanvanklike visuele opname maak nie voorsiening vir ouderdomsbepaling deur historiese en strukturele navorsing nie, ook nie vir funksie bepaling nie. Dit dien bloot as 'n voorlopige verslag wat later aangevul kan word met argivale inligting en mates.

Die ondersoek het getoon dat daar basies vier areas van ontwikkeling in die dorp was. Die eerste area is die sogenaamde ou kern van die dorp. Dit hou verband met die stigtingsgeskiedenis van Villiersdorp vanaf die plaas Radyn in 1841. Volksboukundige argitektuur, soos vergestalt deur die teenswoordige museum/teekamer kompleks, is 'n voorbeeld hiervan.

Soos wat die dorp uitgebrei het, het daar 'n Eduardiaanse ontwikkeling plaasgevind, wat opgevolg is deur die uitleg

van moderne woonbuurtes sowel as 'n bruin woongebied wat deel was van die apartheisbeleid. Groot skaalse verbouings tydens die 1960s en 1970s, is ook duidelik sigbaar, veral in die sekulêre argitektuur in die hoofstraat (Deacon & Rademeyer 1991).

Tydens die ondersoek het dit aan die lig gekom dat faktore soos die behoud van die historiese karakter van Villiersdorp baie belangrik is, veral met die oog op toekomstige beplanning en ontwikkeling. Dié ontwikkeling behels moontlik die aanmoediging van klein nywerhede, toerisme (Theewaterskloofdam) en behuising vir afgetredenes en bejaardes (Deacon & Rademeyer 1991). Om in hierdie rigting te ontwikkel, sonder om die karakter van die dorp te skaad, is daar 'n aantal aanbevelings gemaak wat as riglyne dien in die opstelling van 'n bewaringshandleiding.

Die aanbevelings het verskeie vlakke van administrasie en beplanning aangespreek, byvoorbeeld dat veranderinge aan strukture beoordeel word op gronde van histories-sensitiewe meriete. Die voorstelle het ook voorsiening gemaak vir skaal van geboue, behoud van historiese straattonele en argitektoniese detail in die vorm van ornamentele pleisterwerk, gewelversierings, tuinmuurtjies, hekkies, sowel as die behoud van historiese materiaal van strukture, byvoorbeeld die oorspronklike konstruksies. Daar is ook aanbevelings gemaak ten opsigte van wat as bewaringswaardig beskou is,

insluitend 'n foto inventaris van bogenoemde stukture gepaard met perseel- en erfnummers. Bogenoemde verslag is aan beide die Munisipaliteit sowel as die RGN voorsien vir toekomstige beoordeling en beplanning. Dit is ook so gestel dat indien nodig, daar 'n verdere gedetailleerde studie op aanvraag gedoen kan word, sowel as die verwysing van die plaaslike owerheid na vakkundiges of tersiêre instellings vir verdere hulp waar nodig.

Die studie was dus waardevol vanuit 'n navorsings- sowel as 'n administratiewe oogpunt. Soortgelyke studies is in Bredasdorp en Caledon gedoen in opdrag van die plaaslike owerhede en die RGN, sowel as in McGregor. Dorpe waar soortgelyke studies nog onderneem kan word is byvoorbeeld Greyton, Swellendam, Napier, Grabouw, Riviersonderend, om maar 'n paar te noem.

Gevolgtrekking

Die behoefte aan 'n weldeurdagte en plaaslik toepasbare bewaringsprogram is duidelik sigbaar in die onrusbarende aantal stukture wat op plase en ook in dorpe struktureel verander word of selfs gesloop word.

Wanneer daar 'n bewaringsprogram beplan of in werking gestel word vir plaaswerwe bestaande uit 'n aantal stukture en ook enkel- of uitstaande historiese stukture, sal dit wenslik

wees om strukture nie te vervreem met die res van die werf nie. Met ander woorde dit moet in konteks gehou word. Dit beteken dat dit meer doeltreffend is, vanuit 'n bewarings- en akademiese oogpunt, om 'n werf in sy totaliteit te proklameer eerder as om slegs op 'n enkele struktuur op 'n werf te konsentreer. Vervolgens moet daar nie net op stereotipiese Kaaps-Hollandse argitektuur of opstalle gelet word nie, maar ook die talle eenvoudige, landelike, argitektoniese verskynsels wat aanwesig is op 'n werf of in die landskap, moet by die bewaringsprogram betrek word. Argitektoniese detail wat karakter skep soos byvoorbeeld gietysterwerk, oorspronklike deure, vensters, huismure, bogligte, lugroosters, traliewerk, tuine of tuinmure, hekkies, ensomeer moet so ver moontlik as belangrike detail beskou en beskerm word.

Wat dorpe betref is dit belangrik om daarop te let dat ontwikkeling, mits dit histories sensitief is, 'n groot bydrae tot die voorkoms, karakter en welstand van so 'n betrokke dorp kan lewer. Korrekte beplanning, soos in die reeds vermelde dorpe, kan 'n belangrike faktor wees in die bewaring van ou strukture sowel as historiese karakter, en dit is dan veral hier waar struktuurplanne wat voorsiening maak vir kultuurbronbestuurstudies, noodsaaklik is.

Om historiese strukture en karakter te behou is dit veral belangrik om te let op straattonele, nuwe ontwikkelings in

historiese areas en die noukeurige bestudering van bouplanne wat grootskaalse veranderinge aan ou strukture voorstel. Dit moet deeglik bestudeer word en onderwerp word aan die 50 jaar klousule wat beskerming verleen aan strukture of verskynsels ouer as 50 jaar.

Wat die landskap betref, 'n kulturele verandering van die landskap het deur die eeue plaasgevind en gevolglik moet die landskap ook 'n bewaringsstatus geniet. Landskappe is die verhoog waarop kulturele aktiwiteite plaasvind. Dit kan ook 'n monument wees vir menslike ontbering en skeppingsvermoë en dien ook as 'n tasbare skakel met die verlede. Dit bevat waardevolle inligting in terme van verskynsels wat daarin voorkom en wat 'n historiese inhoud het ten opsigte van byvoorbeeld ou mites en legendes, plekname, ensomeer.

'n Bewaringstudie kan oor 'n lang termyn uitgevoer word met behulp van plaaslike ontwikkelaars, grondeienaars, museums en bewaringsliggame, munisipaliteite en streekdiensterade. Dit is tot 'n streek se voordeel om so 'n bewaringsprogram te loods. Dit het ten doel om bewaringswaardighede te identifiseer, te restoureer en te onderhou en die lewenskwaliteit vir die inwoners van so 'n streek te verhoog. Dit is ook nie net op individuele geboue gemik nie, maar op die hele landskap met al sy kulturele fasette. Dit moet holisties benader word en nie net tasbare verskynsels soos

ou strukture insluit nie, maar ook die nie-tasbare aspekte van kulture soos plekname, volksgelowe en mites.

'n Bewaringsprogram kan ook 'n nuwe betekenis en belangrikheid aan 'ou geboue bring wat weer op sy beurt skakel met heersende ekonomiese behoeftes. Ou strukture hoef ook nie noodwendig tot 'n oorspronklike periode of funksie geres-toueer te word nie, en dit beteken ook dat iets wat nooit bestaan het nie ook nie herskep moet word en voorgestel word as 'n 'ou verskynsel nie. Voorts is 'n bewaringsprogram ook voordelig omdat nuwe werksgeleenthede geskep kan word, 'ou geboue kan hergebruik word en dit is ook bevorderlik vir toerisme en kleinsake ondernemings. Die oorkoepelende nut van kultuurbronbestuur is dan ook dat dit 'n simbool van die verlede is en ook 'n tasbare en sigbare skakel met die verlede is. Met die voltooiing van 'n voorgestelde bewaringsplan kan die identifiseerde strukture of vindplase moontlik in 'n Nasionale Register vervat word.

'n Bewaringsprogram hou nie net voordeel in, in dié sin dat die kulturele erfenis bewaar word nie - dit het ook die voordeel van plaaslike werkskepping wanneer 'n restourasie-program toegepas word en ook wanneer dit voltooi is en die byvoorbeeld geres-toueerde struktuur vir 'n spesifieke bedryf aangewend word. Dit skep nuwe inkomstes, werksgeleenthede en terselfdertyd bevorder dit toerisme. Die verlede moet dus bemark word. Dit is 'n wagwoord in die

bewaringsprogramme elders in die wêreld. Voorbeelde hiervan is Annapolis (Maryland), Alexandria en Baltimore (Maryland) en ook byvoorbeeld Jorvik (York) (Temple 1986:5).

Die Overberg bied baie moontlikhede aan toeriste, byvoorbeeld karaktervolle dorpieë soos Greyton, McGregor, Bredasdorp, Caledon en Villiersdorp. Dit bied ook landelike omgewings en met die korrekte benadering tot kultuurbronne kan die streek in 'n toeriste aantreklikheid omskep word wat ekonomies tot voordeel van die streek kan strek, mits daar betyds voorsiening gemaak word vir die skepping van 'n bewaringsplan vir die kulturele landskap wat dorpe sowel as plaaswerwe betref.

BIBLIOGRAFIE

- ABRAHAMS, G.
1984 The development of historical archaeology at the Cape, South Africa. Bulletin van die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum 5:20-32.
- 1989 A Review of the South African Cultural Heritage Legislation. In: Cleere, H.F. (ed.) Archaeological Heritage Management in the Modern World:207-217. London: Urwin Hyman Ltd.
- ACOCKS, J.P.H.
1988 Veldtypes of South Africa. Navorsingsinstituut vir Plantkunde, Departement van Landbou en Watervoorsiening, Suid-Afrika.
- ADAM, W.H.
1990 Landscape Archaeology. Journal of Historical Archaeology 24(4):92-95.
- APPEL, A.
1966 Die Geskiedenis van Houtvoorsiening aan die Kaap, 1652-1795. M.A., Universiteit van Stellenbosch.
- BACKHOUSE, J.
1838 A Narrative of a visit to Mauritius and South Africa. London: Hamilton, Adams Co.
- BALI, I.
1988 Die Geskiedenis van Genadendal 1738-1988. Kaapstad: Perskor.
- BERG, J.S. & VISAGIE, J.C.
1985 The Eastern Cape Frontier Zone 1660-1980. Durban: Butterworths.
- BOESEKEN, A.J.
1981 Onder Suider-sterre. Tussen die Ooste en die Weste, 1652-1795. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk.

BLOMMAERT, W. & WIID, J.A.
1937 D.C. van Reenen se Joernaal, 1803. Kaapstad: Van Riebeeck Vereniging.

BOSMAN, F.C.L.
1943 De Vruchten Mijnen Werkzaamheden M.D. Teenstra 1830.
Kaapstad: Van Riebeeck Vereniging.

BOTHA, C.G.
1962 General history and social life of the Cape of Good Hope. Cape Town: Struik.

1970 Social life and customs during the eighteenth century.
Cape Town: Struik.

BUIRSKI, A.P.
1952 The Barrys and the Overberg. M.A., University of Stellenbosch.

BURCHELL, W.J.
1824 Travels in the interior of Southern Africa. London: Longman, Hurst, Rees, Orme, Brown & Green.

CANNON, A.
1989 The Historical Dimension in Mortuary Expressions of Status and Sentiment. Current Anthropology 30(4):437-458.

CHRISTOPHER, A.J.
1976 Studies in Historical Geography: Southern Africa. Great Britain: African Books.

1982 The Growth of Landed Wealth in the Cape Colony 1860-1910. The South African Geographical Journal 64(2):53-61.

CLEERE, H.F. (ed.)
1989 Archaeological Heritage Management in the Modern World. London: Urwin Hyman Ltd.

COWLING, R.M. & HOLMES, P.M.
1992 Flora and Vegetation. In: Cowling, R.M. (ed.) The Ecology of Fynbos. Nutrients, Fire and Diversity 23-61. Oxford University Press.

COWLING, R.M., HOLMES, P.M. & REBELO, A.G.
 1992 Plant Diversity and Endemism. In: Cowling, R.M. (ed.)
 The Ecology of Fynbos. Nutrients, Fire and Diversity
 62-110. Oxford University Press.

DEACON, H.J., JURY, M.R. & ELLIS, F.
 1992 Selective Regime and Time. In: Cowling, R.M. (ed.) The
 Ecology of Fynbos. Nutrients, Fire and Diversity 6-
 22. Oxford University Press.

DEACON, H.J. & RADEMEYER, C.
 1991 Villiersdorp Fase I Impakstudie. Departement
 Argeologie, Universiteit van Stellenbosch.

DEAGAN, K.
 1982 Avenues of inquiry in historical archeology. In:
 Schiffer, M.B. (ed.) Advances in archaeological
 method and theory 5:151-177.

DE BOSDARI, C.
 1964 Cape Dutch houses and farms. Cape Town: A.A.Balkema.

DEETZ, J.
 1977 In Small Things Forgotten. New York: Anchor Books.
 1988 Human Sciences Research Council Overseas Research
 Report.

DE VILLIERS, J.
 1992 Vroeë werwe in die Franschoekvallei. Hons. Argeologie
 Projek, Universiteit van Stellenbosch.

ELPHICK, R.
 1977 Kraal and Castle. New Haven: Yale University Press.

1982 The Major Population Groups. In: Giliomee, H. &
 Elphick, R. (eds) The Shaping of South African
 Society 1652-1820 3-33. South Africa: Longman
 Penguin Ltd.

FORBES, V.S. (ed.)
 1965 Pioneer Travellers of South Africa. Cape Town: A.A.
 Balkema.

1975 Anders Sparman: A Voyage to the Cape of Good Hope.
Cape Town: Van Riebeeck Society.

FOUCHÉ, L.

1914 Het Dagboek van Adam Tas. London: Longmans, Green & Co.

FOWLER, D.D.

1982 Cultural Resource Management. In: (Schiffer, M.B. ed.)
Advances in archaeological method and theory 5:1-41.
Academic Press.

GILIOMEER, H. & ELPHICK, R.

1982 The Structure of European Domination at the Cape, 1652-1820. In: Giliomeer, H. & Elphick, R. (eds) The Shaping of South African Society 1652-1820 359-384. South Africa: Longman Penguin Ltd.

GLASSIE, H.

1975 Folk housing in middle Virginia: a structural analysis of historical artifacts. Knoxville: University of Tennessee Press.

p. 52 Goodrum 1952

GUELKE, L.

1982a Die Blanke Setlaars 1652-1780. In: Giliomeer, H. & Elphick, R. (eds) 'n Samelewing in Wording 44-72. Kaapstad: Longman Penguin Suider-Afrika.

1982b Historical Understanding in Geography. An Idealist Approach. Cambridge: Cambridge University Press.

GUELKE, L. & SHELL, R.

1983 An early colonial gentry: Land and wealth in the Cape colony 1682-1731. Journal of Historical Geography 9(3):265-286.

HAGGETT, P., CLIFF, A.D. & FREY, A.

1977 Locational Analysis in Human Geography. Great Britain: J.B. Arrowsmith.

HALL, M.

1988 Archaeology under Apartheid. Archaeology November/December 62.

1991 High and low in the townscapes of Dutch South America and South Africa. The dialectics of material culture. *Social Dynamcis* 17(2):41-75.

1992 People in a changing urban landscape. Excavating Cape Town. Inaugural lecture March 25, 1992. New Series No 169. University of Cape Town.

HALL, M., HALKETT, D. HUIGEN VAN BEEK, P. & KLOSE, J.
1990 "A stone wall out of the earth that thundering cannon cannot destroy"? Bastion and moat at the Castle, Cape Town. *Social Dynamics* 16(1):22-37.

HARRIS, R.C. & GUELKE, L.
1977 Land and society in early Canada and South Africa. *Journal of Historical Geography* 3(2):135-153.

HEYDORN, A.E.F. & TINLEY, K.M.
1980 Estuaries of the Cape, part 1, Synopsis of the Cape coast. Council for scientific and industrial research, national research institute for oceanology. CSIR Research Report 380.

HODDER, I.
1986 *Reading the Past. Current approaches to interpretation in archeology.* London: Cambridge University Press.

1989 Post-modernism, Post-structuralism, and Post-processual archaeology. In: Hodder, I. (ed.) *The Meaning of Things* 189-199. London: Urwin Hyman.

HUME, I.N.
1975 *A Guide to the Artifacts of Colonial America.* London: Victor Gollance Ltd.

JAPHA, V.
G.d.b. Riglyne vir McGregor. Die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede.

JOHNSON, M.H.
1989 Conceptions of agency in archaeological interpretation. *Journal of Anthropological Archaeology* 8:189-211.

JOHNSTON, R.J. (ed.)
1986 The Dictionary of Human Geography. Great Britain:
Butler & Tanner Ltd.

LAMAR, H. & THOMPSON, L. (eds)
1981 The frontier in history. North America and Southern
Africa compared. London: Yale University Press.

p52
Lightley 1976
LITTLE, B.J. & SHACKLE, P.A.
1989 Scales of historical anthropology: an archaeology of
colonial Anglo America. Antiquity 63:495-509.

LEONE, M.P.
1982 Some opinions about recovering mind. American
Antiquity 47(4):742-760.

LEONE, M.P. & POTTER, P.B. Jr. (eds)
1988 The recovery of meaning: Historical archaeology in the
Eastern United States. Washington: Smithsonian
Institution Press.

LEONE, M.P., POTTER, P.B. Jr. & SHACKLE, P.
1987 Toward a critical archaeology. Current Anthropology
28(3):286-302.

LEWCOCK, R.
1963 Early Nineteenth Century Architecture in South Africa.
Cape Town: A.A. Balkema.

MAINGARD, L.F.
1931 The Lost Tribes of the Cape. South African Journal of
Science 28:487-504.

MALAN, A.
1988 Excavation and Analysis of Paradise. In: Unpublished
Final Report to the Human Sciences Research Council.

1990 The archaeology of probate inventories. Social
Dynamics 16(1):1-10.

- MANDELBROTE, M.J. (ed.)
1944 Geographical and Topographical Description of the Cape of Good Hope by O.F. Mentzel. Cape Town: Van Riebeeck Society.
- MARKEL, A.B.
1993 Archaeological Excavations at Vergelegen. Final Report Prepared for the Anglo American/De Beers Chairman's Educational Trust and the National Monuments Council.
- MCGUIRE, R.H.
1992 A Marxist Archaeology. U.S.A.: Harcourt Brace Javanovich Publishers, Academic Press.
- MOSSOP, E.E.
G.d.b. Old Cape Highways. Cape Town: Maskew Miller Ltd.
- PAYNTER, R.
1985 Surplus Flow between Frontiers and Homelands. The Archaeology of Frontiers and Boundaries. Academic Press.
- PEARSE, G.
1956 The Cape of Good Hope. Pretoria: Van Schaik.
- PISTORIUS, P.
1986 A Survey of Buildings in McGregor. NMC Professional and Technical Section.
- PLUMTRE, A.
1929 Travels in Southern Africa 1803, 1804, 1805 and 1806 by H Lichtenstein. Cape Town: Van Riebeeck Society.
- PRINS, E.J.
1980 Aspekte van die Geskiedenis van die Westelike Overberg in die Vroeë Agtiende en Neëntiende Eeu. M.A. Unisa.
- 1983 Die Kulturele en Ekonomiese Ontwikkeling van die Westelike Overberg in die Agtiende en die Vroeë Neëntiende Eeu. Ph.D. Unisa.

RICHARDSON, D.M., MACDONALD, I.A.W., HOLMES, P.M. & COWLING, R.M.

1992 Plant and Animal Invasions. In: Cowling, R.M. (ed.)
The Ecology of Fynbos. Nutrients, Fire and Diversity
271-308. Oxford University Press.

RUDNER, J.

1982 The Legal Protection of Prehistoric and Historic Relics
in South Africa. The South African Archaeological
Bulletin 37(135):5-7.

1987 An Annotated Survey of Buildings in the central area of
Bredasdorp. NMC Division of Professional and
Technical Services.

RUDNER J. & PISTORIUS, P.

1986 An Annotated Survey of Architectural, Historical and
Contextual Importance in the Central Area of Caledon.
NMC Division of Professional and Technical Services.

SAUNDERS, C.

1988 The Making of the South African Past. Cape Town: David
Philip.

SCHAPER, I. (ed.)

1933 The Early Cape Hottentots. Cape Town: Van Riebeeck
Society.

SCHAPER, I.

1953 Travels in the interior of Southern Africa by W.J.
Burchell, Vol. I. London: Batchworth Press.

SCHLOMS, B., DEACON, H.J. & LAMBRECHTS, Q.B. (eds)

1983 Fynbos Paleoecology: a Preliminary Synthesis. Cape
Town: Mills Litho.

SCHRIRE, C. & DEACON, J.

1990 Reply on Oudepost. The South African Archaeological
Bulletin 65(152):124.

SCHULZE, B.K.

1980 Klimaat van Suid-Afrika, Deel 8. Algemene oorsig,
Weerburo, Departement Vervoer.

SCHUTTE, G.

1982 Company and Colonists at the Cape. In: Giliomee, H. & Elphick, R. The Shaping of South African Society 1652-1820 173-207. Cape Town: Longman Penguin Ltd.

SEEMAN, U.

1989 Investigation of Battery in Harbour. The Digging Stick 6(2):11.

SERTON, P. (ed.)

1971 F. Valentyn. Description of the Cape of Good Hope with matters concerning it. Cape Town: Van Riebeeck Society.

SKEAD, C.J.

1987 Historical Mammal Incidence in the Cape Province, Vol. I. Cape Town: Chief Directorate Nature Conservation.

SLEIGH, D.

1982 Die Buiteposte van die VOC aan die grens van die Kaapse nedersetting. M.A., Universiteit van Stellenbosch.

1987 Die Buiteposte in die Ekonomie van die Kaapse Verversingstasie. Ph.D., Universiteit van Stellenbosch.

1989 Die Buiteposte van die Kompanjie. Historia 34(1):12.

SMUTS, F. (red.)

1979 Stellenbosch Drie Eeue. Stellenbosch Stadsraad. Kaap: Printpak.

SPOHR, O.H. (ed.)

1973 F. Krauss travel journal, Cape to Zululand. Cape Town: A.A. Balkema.

TEMPLE, H.

1986 Marketing, Conservation and Interpretation of Historic Sites in the United States of America and the United Kingdom. Journal of Australian Historical Archaeology 4:3-8.

- THEAL, G.M.
1890 Short history of South Africa. Cape Town: Darter Brothers & Walton.
- THOM, H.B.
1936 Die geskiedenis van die skaapboerdery in Suid-Afrika. Amsterdam: Zwets & Zeitlinger.
- VAN DER MERWE, I.J.
1983 Die Stad en sy Omgewing. Stellenbosch: U.U.B. Beperk.
- VAN DER MERWE, P.J.
1938 Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie 1657-1842. Nasionale Pers Beperk.
- VAN JAARSVELD, F.A.
1982 Van Van Riebeeck Tot P.W. Botha. Johannesburg: Perskor.
- G.d.b. 'n Inleiding tot die Studie van Geskiedenis. Nassau Beperk.
- VAN RYNEVELD, T.A.
1983 Merchants and Missions in the Caledon District 1838-1850. Hons. History, University of Cape Town.
- VOS, H.N.
1993 An Historic and Archaeological Perspective of Colonial Stellenbosch 1680-1860. M.A., University of Stellenbosch.
- WALTON, J.
1989 Old Cape Farmsteads. Cape Town: Human & Rosseau Ltd.
- WATSON, P.J.
1990 The Razor's Edge: Symbolic-Structuralist Archaeology and the Expansion of Archaeological Inference. American Anthropologist 92:613-629.
- WILSON, J.E.
1984 A History of Caledon in the nineteenth century 1811-1884. M.A. Unisa.

Winer, M. & Deetz, J.

1990 The transformation of British culture in the Eastern Cape, 1820-1860. *Social Dynamics* 16(1):55-75.

P52

Woodward 1974

Worden, H.

1989 Adjusting to Emancipation: Freed Slaves and Farmers in the Mid-Nineteenth Century South-Western Cape. In: James, W.G. & Simons, M. *The Angry Divide: social and economic history of the Western Cape* 31-39. Cape Town: Philip.

ONGEPUBLISEERDE MATERIAAL**AVONTUUR-1 EN AVONTUUR-2**

Diagram van Avontuur Stellenbosch Quits. 10 Fol. 68
Caledon Plaasregister Nr. 429
RLR 9/3
RLR 11/2
RLR 28/2

BOTRIVIERPLAAS-1 EN BOTRIVIERPLAAS-2

Diagram van Botrivierplaas Stellenbosch Quits. 12(1)-29
Caledon Plaasregister Nr. 473, 474
Stellenbosch Quits. 10(a) Fol. 6
RLR 1
RLR 9/1
RLR 14/1

DOORN Rivier

Diagram van Doornrivier Worcester Quits. 4-36
RLR 7/1
RLR 8/1
RLR 9/1
RLR 9/27
RLR 11/2
RLR 16/1
RLR 18/1
RLR 18/2
RLR 28/2

EIKEHOF

Worcester Plaasregister Nr. 632
Worcester Quits. Vol. 7 Fol. 7

FISANTEKRAAL-1 EN FISANTEKRAAL-2

Diagram van Fisantekraal Stellenbosch Quits. 7-47
Caledon Plaasregister Nr. 255
MOOC 7/1/115
RLR 14/2
S.G. 17

MUIRTON

Diagram van Muirton Swellendam Quits. 10-22
Caledon Plaasregister Nr. 483
Swellendam Quits. Vol. 10 Fol. 22

STERHUIS

Diagram van Bosjesmanskloof Stellenbosch Quits. 10(1)4

RLR 17/2

RLR 29